(2)

068609

RGN·HSRC

SENTRUM VIR BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSDIENSTE

CENTRE FOR LIBRARY AND INFORMATION SERVICES

VERVALDATUM/DATE DUE

1986 -09- 04
10 MAY 1987
1987 -07- 29
26/7/87
23 JAN 1989
1989 -07- 20
1989 -06- 27
02 OCT 1989
15 JAN 1990
06 MAY 1990
28 JUN 1990 22/5
IBL / ILL
1991 -03- 14
IBL
30/5/91
07 SEP 1992
07 SEP 1992
IBL / ILL
TERUG

1825222485F

1179·1085

2844363866

001.3072068 HSRC

*106761*

RGN-ondersoek na Navorsingsmetodologie
Navorsingsverslaereeks: 2

# Waardes : Navorsing, metodologie en teorie

Dian Joubert

Pretoria
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
1986

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC

1986 -04-09

STANDKODE
001.3072068 HSRC MET 2

BESTELNOMMER
R/0

REGISTERNOMMER
068609

Dian Joubert is professor in Sosiologie aan die Universiteit van Stellenbosch

ISBN 0 7969 0330 1

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1986

Gedruk en uitgegee deur die RGN

# REEKSVOORWOORD

Kennis is mag: Met hierdie slagspreuk lui Francis Bacon in 1620 die era van moderne wetenskapsbeoefening in. Alhoewel dit aanvanklik veral vir die natuurwetenskappe waar is, geld dit sedert die eeuwisseling in 'n toenemende mate ook vir die geesteswetenskappe. Kennis bly die mens se doeltreffendste wapen in die stryd teen onkunde, propaganda en dogma. Geesteswetenskaplike navorsing is daarom voortdurend gerig op die ontdekking van die dieperliggende geheimenisse van menslike handelinge, die blootlegging en interpretasie van die betekenis en simboliek van menslike skeppinge en dieptenaspeuring van die oorsake wat ten grondslag van gedragspatrone lê.

Die doel van geesteswetenskaplike navorsing is om objektiewe, betroubare en geldige kennis oor alle fasette van die menslike bestaan in te win. In die beklemtoning van die wetenskaplikheid van geesteswetenskaplike navorsing vind 'n mens die rasionaal vir metodologiese navorsing. Die doel van die navorsingsmetodologie is om op die kwalitatiewe dimensie van navorsing klem te lê: om strategieë en metodes te identifiseer waardeur die wetenskaplikheid en geloofwaardigheid van navorsingsbevindinge in die geesteswetenskappe gemaksimaliseer kan word.

Die besondere doelwitte van die RGN-ondersoek na Navorsingsmetodologie* is dus om:

- die navorsingsgemeenskap in Suid-Afrika bewus te maak van die belangrikheid van deurlopende metodologiese besinning en nadenke oor die navorsingsproses;

- navorsing oor metodologiese temas te stimuleer en te inisieer om sodoende 'n bydrae te lewer tot die verhoging van die vlak van kundigheid op hierdie gebied in Suid-Afrika;

- deur die publikasie van metodologiese verslae, monografieë en versamelbundels, self 'n bydrae tot die beskikbare literatuur hieroor te maak.

Ter bereiking van hierdie doelwitte, is besluit om onder meer 'n Navorsingsverslaereeks van stapel te stuur. Finale verslae van toekenninghouers en interne verslae van die Afdeling Navorsingsmetodologie, RGN, verskyn in hierdie reeks.

---

*Beheerkomitee

Dr. K.F. Mauer (Voorsitter), Dr. J.G. Garbers, Prof. P.G.W. du Plessis, Dr. H.C. Marais, Dr. J. Mouton (Koördineerder), Prof. A.J. Penny, Prof. L. Schlemmer, Prof. P. Smit, Mev. D. Snyman (Sekretaresse), Prof. D.J. Stoker, Prof. M. West, Dr. E.P. Whittle.

Die moontlikheid van 'n interdissplinêre navorsingsprogram oor waardes is reeds in die voorjaar van 1984 deur die RGN oorweeg. Bewus van die kompleksiteit van waardes en waardesisteme en die verskillende benaderings wat bestaan ten opsigte van konseptualisering, teoretisering, navorsing en toepassing, is besluit om 'n dertigtal persone uit verskillende dissiplines wat 'n belangstelling in die onderwerp het, bymekaar te bring vir 'n *werkseminaar*. Daar is gehoop dat 'n daglange bespreking aan die hand van agt referate duidelikheid sou bring oor die wenslikheid en uitvoerbaarheid van so 'n navorsingsprojek.

Die seminaar is op 13 November 1984 in Pretoria gehou. Sowel die referate as die bespreking was besonder substantief en vrugbaar. Dit het egter ook die inherente verwikkeldheid van die verskynsel van waardes en die besondere navorsingsprobleme aan die lig gebring. Tot so 'n mate dat die vergadering dit nodig gevind het om die onderwerp en aanbevelings na 'n klein komitee te verwys. Professore J.J. Degenaar (Universiteit van Stellenbosch), P. du Preez (Universiteit van Kaapstad), D.D. Joubert (Universiteit van Stellenbosch), dr. J. Mouton (RGN) en professor E. Preston-Whyte (Universiteit van Natal) het ingewillig om verder aan die saak te werk. Die RGN het dit uiteindelik prakties gevind om professor Joubert te vra om die hele bespreking - referate en diskussie - te sistematiseer en sover moontlik te integreer, verdere resente materiaal oor waardenavorsing by te werk en aanbevelings te formuleer oor die uitvoerbaarheid van sodanige navorsing in Suid-Afrika.

Hierdie opstel is die resultaat van professor Joubert se werk. In die laaste paragrawe van hierdie verslag skryf hy: "Ten opsigte van waardes is verskeie modes van analise moontlik - in enige samelewing en in Suid-Afrika." Dit het die implikasie dat - in plaas van die tradisionele eng positivistiese benaderings tot waardestudies - gekies word vir 'n interdissiplinêre benadering wat nie alleen grense tussen dissiplines ophef nie, maar ook ruimte laat vir meerdere teoretiese en metodologiese strategieë. In navolging van Giddens noem professor Joubert dit die benadering vanuit die sosiale teorie. Die kenmerkende van die verslag is dus dat, alhoewel begin word met 'n oorsig van die huidige stand van sake in waardenavorsing, geleidelik dieper geboor word om ook die metodologiese en teoretiese lae wat dit onderlê, bloot te lê. In die logiese voortgang van navorsing na metodologie na teorie vind ons, myns insiens, dan ook die besondere waarde van professor Dian Joubert se verslag.

Johann Mouton
Koördineerder

# VOORWOORD

In al die gevalle waar persone gevind moes word om uitvoerbaarheidstudies of nasionale navorsingsprogramme ten opsigte van bepaalde probleemgebiede te lei, was die RGN gelukkig om sy eerste keuses in die taak geïnteresseerd te kry, ongeag waar die persone hul bevind het (in die akademie, in die private sektor, in die RGN, in die openbare sektor). Telkens het die diepte, genuanseerdheid en omvang van kennis wat in die Suid-Afrikaanse navorsingsgemeenskap setel, weer verras.

Toe daar gesoek is na iemand om die uiters moeilike interdissiplinêre navorsingsgebied van waardes te orden en te operasionaliseer, was professor Joubert beskikbaar en in staat om hierdie taak te verrig. Op die gebied van waardes is hy dié deskundige in ons land en het hy in so 'n mate 'n greep op hierdie problematiek dat hy die grense van spesifieke dissiplines kan oorbrug en werklik met 'n puik interdissiplinêre verslag voor die dag kon kom. Hierdie publikasie is 'n geïntegreerde oorsig oor die problematiek rondom waardes wat vir enigiemand van nut sal wees wat hom/haar verder op hierdie gebied wil begeef.

Ek is daarvan oortuig dat indien die geesteswetenskaplike nie daarin slaag om dieper insig te kry in die dinamiek van waardes in die mens se lewe en hoe dit sy/haar gedrag beïnvloed en om 'n empiriese greep daarop te kry nie, sal daar op vele gebiede nie werklik vordering gemaak kan word nie. Mag hierdie werk 'n eerste stap wees op 'n boeiende en belangrike verkenningsgtog wat deur wetenskaplikes aangepak sal word.

J.G. GARBERS
PRESIDENT: RGN

# INHOUDSOPGAWE


| | Paragraaf | Bladsy |
|---|---|---|
| Reeksvoorwoord | | |
| Voorwoord | | |
| **INLEIDING** | 1-8 | 1 |
| **DEEL EEN: TERREINE VAN WAARDESTUDIES** | | |
| Afd A: *Teorie van Waarde?* | 9-16 | 12 |
| Afd B: Van Metafisika tot Praktyk | 17-28 | 23 |
| Afd C: Sosiale Sielkunde en Sielkunde | 29-33 | 36 |
| Afd D: Antropologie | 34-36 | 49 |
| Afd E: Sosiologie | 37-47 | 55 |
| Afd F: Verdere Voorbeelde van Waardestudies | 48-57 | 80 |
| **DEEL TWEE: METODOLOGIESE OORWEGINGS** | | |
| Afd G: Kritiek ten opsigte van Waardestudies | 58-65 | 95 |
| Afd H: Konseptualisering en Teoretisering | 66-68 | 108 |
| Afd I: Konsepsies van Waardes | 69-73 | 113 |
| Afd J: Die Vasstelling van Waardes | 74-78 | 125 |
| Afd K: Teoretisering oor Waardes in Gedrag | 79-85 | 134 |
| Afd L: Teoretisering oor Waardes in Samelewings | 86-90 | 146 |
| **DEEL DRIE: MODES VAN ANALISE** | | |
| Afd M: Opsies by Waardestudies | 91-95 | 157 |
| Afd N: Modes van Analise | 96-97 | 173 |
| **DEEL VIER: WAARDENAVORSING IN SUID-AFRIKA** | 98-100 | 179 |
| **BIBLIOGRAFIE** | | 186 |

*In many real life situations people have no choice so it matters little what their values are.*

Eleanor Preston-Whyte

*But in a flash, as of lightning, all our expectations, all our classifications and derivations, our aetiologies, suddenly appeared to me like a thin net. That great passive monster, reality, was no longer dead, easy to handle. It was full of mysterious vigour, new forms, new possibilities. The net was nothing, reality burst through it.*

John Fowles: The Magus

# INLEIDING

Par 1

'n Seminaar oor waardes en waardenavorsing is 'n dapper onderneming. In 'n baie reële sin lê dié dapperheid in die oënskoulik eenvoudige woordjie en: Tussen waardes soos die woord in alledaagse gesprekke en formele toesprake gebruik word, en, pogings en resultate van wetenskaplike navorsing oor waardes, bestaan daar meer dikwels groot gapings. Dit is in die beweeg oor die smal brug van die en, in die proses van *wetenskaplike* denke oor 'n basiese, aanvaarde en gerespekteerde komponent van menswees en medemenslikheid, dat die vanselfsprekende belang van waardes in gedrang kom. Nie verniet nie, het William Graham Sumner reeds in 1906 gewaarsku dat bewuste, rasionele nadenke die grootste vyand van die *mores* is!

Dat waardes 'n basiese rol speel in mense se lewes en in samelewings, is meer as 'n wydverspreide opvatting. Dit is meer as slegs 'n komponent van die algemene kennis van alle samelewings en kulture. Wat algemeen geglo en verdedig word is dat waardes die belangrikste en uiteindelike beginsels is van sosiale normatiwiteit, ordelikheid en wenslikheid. Waardes sou die finale waarborge vir menslikheid en medemenslikheid wees. Waardes verteenwoordig 'n sosiale heiligheid. En dit is hierdie heiligheid wat, saam met die vanselfsprekende rol en werking van waardes, in gedrang kom wanneer waardes tot 'n *verskynsel* gemaak, wetenskaplik bestudeer en nagevors word. Waardes is 'n "spesiale geval" in die problematiek van *werklikheid en wetenskap*.

Waarom hoegenaamd waardes bestudeer en navors? Die konvensionele antwoorde op hierdie soort vraag is in die geval van waardes nie sondermeer afdoende nie. Die tradisionele *kennis ter wille van kennis,* studie en ondersoek ter wille van *beter begrip,* en die toepassing van kennis *om die wêreld 'n beter plek te maak,* sou uiteraard as rationale kon geld vir waardestudies. Omdat algemeen geglo word dat waardes tot die kern van normatiwiteit behoort, moet die moontlike "disfunksionaliteit" van waardestudies egter nie uit die oog verloor word nie. Waardestudies waarin aangedring word op: presiese konseptualisering, selfs operasionalisering, bewyse van empiriese reëlmatighede tussen waardes en werklike gedrag, en beredeneerde teoretisering oor die werking van waardes, bevraagteken noodwendig die gangbare populêre opvattings oor waardes. Weer: waardestudies kan 'n "spesiale geval" wees van die altyd moontlike en dikwels reële debunking-effek van verantwoorde ken-

nis. Waardes self kan deur hierdie studies *ontluister, ontmasker en afgetakel* word - soos 'n woordeboek dié begrip in Afrikaans vertaal.

Par 2

U sou bostaande "waarskuwing" kon beskou as 'n stukkie kennissosiologiese wysheid, as 'n aanvaarbare risiko en bekende uitwerking van wetenskaplike denke oor menslike verskynsels, of as 'n aksent van 'n outydse moraliteit wat nie met waardes laat mors nie. Meer ter sake in die huidige konteks is die feit dat die RGN deelnemers uit 'n verskeidenheid van vakgebiede en professies by die Seminaar betrek het. Daar was akademici uit politieke filosofie, sielkunde, antropologie, sosiologie en opvoedkunde, asook persone uit die "praktyk" en professionele navorsers verbonde aan die RGN en die privaatsektor. Ook dit was 'n dapper reëling met verskeie konsekwensies: As die Seminaar op 13 November 1984 beloon is deur 'n substantiewe en vrugbare bespreking, en die veelkantigheid van die "verskynsel van waardes" laat sien het, het dit ook duidelik geword dat daar meer as net aksentverskille tussen die onderskeie dissiplines is. Waardes is verskillend gedefinieer, oor die belangrikheid en werking van waardes is verskillend geteoretiseer; die wyses van die studie, analise en navorsing ten opsigte van waardes het uiteengeloop.

'n Eerste ordening van die veld van waardestudies is wel bereik deur die rangskikking van agt referate in vier sessies en *dissiplines*: Politieke filosofie, siel-

kunde, antropologie en, sosiologie en opvoedkunde.*

Voorspelbaar het die bespreking oor die *grense* van hierdie en ander toegepaste gebiede gespoel. Die aanvanklike wins van die strukturering, was ook die probleem in die sistematisering en integrasie van die Seminaarmateriaal: Die onderskeie dissiplines het 'n domeinbesondersheid laat sien wat gerespekteer sou moes word. Die blote vlag van *interdissiplinêre navorsing* sou nie sondermeer die ordening van die lading verseker nie. Ou onderskeidings het opnuut ter sprake gekom: Studie en navorsing; interdissiplinêre en multidissiplinêre ondersoek; sosiale wetenskap en geesteswetenskap; filosofie en wetenskap; teorie van navorsing; navorsing en toepassing.

---

*Die referate wat gelewer is by die Seminaar was, in volgorde: J.J. Degenaar (Universiteit van Stellenbosch): *Waardes binne die taalspel van die filosofie*. P.J.J. van Niekerk (Potchefstroomse Universiteit vir CHO): *Waardes as norme en meta-norme/beginsels*. Par du Preez (Universiteit van Kaapstad): *The study of values in psychology*. E. Beyers (Universiteit van Suid-Afrika): *Die sosiale sielkunde se bydrae tot 'n studie van waar- des*. E. Preston-Whyte (Universiteit van Natal): *An anthropologist looks at values*. J.C. Kotzé (Randse Afrikaanse Universiteit): *Die verhoudingsimplikasies van waardes: 'n inklusiewe perspektief*. D.D. Joubert (Universiteit van Stellenbosch): *Sosiologiese oorwe- gings by die studie van waardes*. C.G. de Vries (Universiteit van Stellenbosch): *Opvoedingswetenskap: waardevry, waardebeskrywend of waardevoorskrywend?*

Die inhoude uit die referate en bespreking word konsekwent erken: 'n R agter die datum beteken dat die inhoud uit die formele referaat kom, 'n D dat dit slaan op 'n inhoud uit die ope diskussie en dus geneem is van die transkripsie.

Die vraag van Par 1 oor die (moontlike) uitwerking van wetenskaplike ondersoek van waardes op konvensionele waardebeskouings, het in die Seminaarbespreking sekondêr geword. Die primêre (en groter) probleem was en is die logiese integrasie van inhoude uit verskillende dissiplines. Dissiplines wat verskil in epistemologiese en metodologiese aannames; in gekose teoretiese benaderings en konseptualisering, in navorsingsmetodiek en toepassing van bevindings. Of 'n logiese integrasie van inhoude moontlik sou wees sonder om die domeinbesondersheid van die insigte en uitsprake van die onderskeie dissiplines op te hef - dit sou gesien moes word. 'n Mens sou ten minste kon probeer. As 'n laaste moedige besluit van die RGN was om een persoon te vra om die Seminaarmateriaal te *sistematiseer en te integreer*, grens my eie dapperheid in dié verband aan 'n geval van "waar engele vrees om te tree". Hiervan was ek van die begin af terdeë bewus.

Par 3

Die indeling van hierdie opstel behoort duidelik te wees uit die inhoudsopgawe. Dit het my wys gelyk om die opstel op verskillende *vlakke* aan te pak: 'n Oorsig van die TERREINE VAN WAARDESTUDIES (DEEL EEN) sou reg laat geskied aan inhoude uit die referate en besprekings. Ook al sou dit noodwendig kompilatories word, sou dit die omvang van en verskille in waardestudies demonstreer. Wat in die ses Afdelings (A-F) as *terreine van waardestudies* gestel word, is historiese konsentrasies van besinning oor waardes. Die differensiële inhoud, fokus en status van hierdie terreine is die resultaat

van historiese ontwikkeling - van invloede van eksistensiële en denkomstandighede. As hierdie terreine oor tyd gedifferensieer het, beteken dit ook dat die onderskeiding van die ses Afdelings grootliks 'n praktiese indeling is - en dat die *metodologiese* verskille, verbande en oorvleueling in die opstel as geheel ondersoek moet word.

Vanuit 'n oorsig van TERREINE sou die meer strategiese onderskeidings en METODOLOGIESE OORWEGINGS (DEEL TWEE) uitgelig kon word. Met hierdie (hopelik) substantiewe basis, word in DEEL DRIE probeer om verskillende MODES VAN ANALISE te onderskei. Hierdie *modes* sou gesien kon word as konsentrasies (*clusterings*) van epistemologiese, metodologiese, teoretiese en navorsingstegniese oorwegings ten opsigte van waardes. Dié modes van analise kom nie noodwendig ooreen met die onderskeie *dissiplines* wat in DEEL EEN staan gemaak is nie. Dit is 'n bewuste poging om oor dissiplinêre grense heen te gaan en die veld van waardestudies te orden in terme van meer analitiese, uiteindelik metodologies-teoretiese oorwegings. Die *modes van analise** moet dan ook gesien word as die resultaat van 'n ontleding van die inhoud van al die voorafgaande Afdelings. DEEL VIER het die opskrif WAARDENAVORSING IN SUID-AFRIKA en probeer die toepaslikheid en uitvoerbaarheid van die onderskeie modes van analise ten opsigte van waardes vir die Suid-Afrikaanse situasies aandui.

*Ek is bewus dat die Engelse *mode* en *modes* in Afrikaanse vertaal word as *modus* en *modi*. Ek verkies egter die meer eenvoudige en natuurlike *mode* en *modes* in die betekenis van *wyse van*. Dit kan in die konteks nie met *mode* as *fashion* verwar word nie - en die behoud van die assosiasie met *fashion* is die behoud van 'n geldige aksent in *mode van analise*!

Par 4

Hierdie opstel steun sterk op die referate en die bespreking van die Seminaar. Inhoude uit albei die "tekste" word selektief en in eie (her)interpretasie oorgedra en staan saam met die bybring van nuwe materiaal grootliks op die skrywer se rekening. Die kommentaar van die ander komiteelede is in hierdie verband belangrik as kontrole, kritiek en uitbreiding.

Par 5

Dit is gewoon gerieflik om na die verskillende studiegebiede en toegepaste of praktykgebiede betrek by die Seminaar as dissiplines te verwys. Naas die reeds genoemde akademiese dissiplines, was daar insette van gebiede soos arbeid, personeelbestuur, beplanning, bevolkingsverhoudings, onderwys en professionele navorsing. DEEL EEN bring 'n hele aantal (ander) areas ter sprake wat ook met waardestudies gemoeid is.

Par 6

As 'n eerste aanduiding van die uiteenlopendheid van waardebeskouings wat tydens die Seminaar na vore gekom het, kan die volgende uitsprake geld. Hulle kom, in volgorde, uit die filosofie, opvoedkunde, "sosiale ingenieurswese", sielkunde, antropologie en sosiologie:

Die rol wat waardes in die lewe van mense speel, is so basies dat dit onvermydelik in alle studies van die mens ter sprake sal kom (Degenaar, 1984R).

Die rangorde van waardevoorkeur wat by elke individuele mens, of 'n gemeenskap of 'n volk aangetref word, is bepalend en van deurslaggewende betekenis in die lewe van keuses en handelinge van die individu, gemeenskap of volk. Mense verskil nie net van mekaar ten opsigte van ras, kleur, liggaamsbou, ensovoorts nie, maar hulle verskil ook op grond van die rangorde van waardevoorkeur wat gehuldig word (De Vries, 1984R).

Waardes, nie as mistifikasie of rasionalisasie nie, maar waardes as bron van motivering, lyk vir my na een van die belangrikste dinge waaraan ons aandag kan gee (Gouws, 1984D).

People have, several times, questioned the relation between values and behaviour. Of course there is no answer. The reason is perfectly simple, there is no single relationship. Values can contradict behaviour, it can rationalize behaviour, it can mystify, there can be an antagonistic relationship, there can be congruence, and we'll probably find several other relationships (Du Preez, 1984D).

Despite fifty years of study we do not have any clear or generally accepted model of how values affect behaviour or for that matter how exactly values change (Preston-Whyte, 1984R).

It has become old fashioned if not quaint, to explain social order primarily in terms of value systems; to believe, idealistically, that values form both the existential base of consensus and ultimate ideals of a society. Since the departure of Parsons and partners there has been a return to realism if not historical materialism in which values have been deconceptualized, defunctionalized and detheorized (Joubert, 1984D).

Hierdie uitsprake is nie soseer in logiese kontradiksie nie, as dat hulle vanuit verskillende dissiplines of belangstellings geformuleer is. Ook as iemand sou sê: Die feitlike rol van waardes kan alleen deur empiriese navorsing vasgestel en gepresiseer word, dan is dit klaarblyklik 'n terugval op bepaalde "domeinaannames" wat verskil van die aannames en kriteria vir geldige uitsprake van ander "domeine" of belangstellings. Van-

uit professionele navorsing is dieselfde of verwante punt eenvoudiger gemaak: *Values can be studied or researched on different levels of analysis* (Marais, 1984D). Dit is hierdie *vlakke* wat ek meen in hierdie opstel gerespekteer moet word - ook al maak dit die taak van "logiese integrasie" moeiliker.

Par 7

Die "basiesheid" van waardes word dikwels, en is reeds by die eerste referaat van die Seminaar, gekoppel aan *interdissiplinêre navorsing*. Vanuit die filosofie het Degenaar (1984R) geformuleer: *Die fenomeen van waarde kan as 'n basis van kontak tussen die verskillende menswetenskappe beskou word. Die studie van waardes, om suksesvol te wees, kan dan ook nie anders as interdissiplinêr wees nie.* Hierdie veralgemening is gekoppel aan 'n uitspraak van sosioloë Parsons en Shils (1951: 389):

The concept 'value' supplies a point of convergence for the specialized social sciences, and is a concept for the integration with studies in the humanities. Value is potentially a bridging concept which can link together many diverse specialized studies - from the experimental psychology of perception to the analysis of political ideologies, from budget studies in economics to aesthetic theory and philosophy of language, from literature to race riots ...

Bostaande suggesties kontrasteer interessant met die een wat in Par 1 gemaak is: Teenoor die suggestie dat wetenskaplike denke oor waardes die *geloofwaardigheid* van waardes self kan beïnvloed, word hier gesê dat die (suksesvolle) studie van waardes (i) interdissiplinêr is, en

(ii) *konvergensie* in die spesialisasies van die sosiale wetenskappe en humaniora sal of kan meebring. Terwyl (ii) waardes as 'n potensiële brugkonsep aanwys, sê (i) dat suksesvolle waardestudies interdissiplinêr is. Dit is nodig om ten minste aan die begin van die opstel meer realisties te wees: Daar bestaan tans nie werklik moeitewerd interdissiplinêre waardestudies nie. En, die optimisme dat *waardes* 'n brug sal slaan tussen spesialisasies so verskillend soos letterkunde en rassekonflik, is 'n oorskatting van die sosiale en teoretiese funksionaliteit van waardes. Een oorsprong van hierdie visie van geïntegreerde kennis, soos van die verabsolutering van die "basiesheid" van waardes, is tydens die Seminaar geïdentifiseer: Dit is geïnspireer deur die funksionalisme van die vyftiger- en sestigerjare; daarom ook die verwysing na Parsons en Shils. Funksionalisme is 'n bepaalde teoretiese benadering (of *paradigma*) wat in verskeie dissiplines gewild is of was. Ten minste vir die sosiologie en die antropologie het funksionalisme 'n "verouderde" of agtergelate teoretiese benadering geword - ook en veral in die studie van waardes. Dit sal later breedvoerig bespreek word. Wat hier van belang is, is om in te sien dat die baie dapper uitsprake oor die sosiale en teoretiese funksie van waardes, nie net uit 'n bepaalde dissipline/s kom nie, maar ook nog geïnspireer word vanuit bepaalde teoretiese benaderings binne daardie dissiplines. Dit beteken dat waardebeskouings en waardestudies ook op die vlak van teoretiese benaderings (*paradigmas*) uiteenloop en dat die uiteindelike onderskeiding van *modes van analise* ook hierdie *vlak* van differensiasie in aanmerking sal moet neem. Verder: In verband met 'n moontlike kongruensie of konvergensie by sosiale dissiplines, is, soos

ten opsigte van waardes self, 'n erkenning van verskille in waardestudies en -navorsing meer bevorderlik vir konsensus en samewerking as wanneer sulke verskille geïgnoreer of gering geskat word.

Par 8

*Waardestudies en -navorsing,* of soos Marais in Par 6 hierbo gesê het: *studied or researched* - is 'n wyse van spreke. Anderkant positivisme sal niemand meer ernstig probeer om 'n onderskeid tussen die twee te handhaaf nie. In ooreenstemming met wat ek glo ook die RGN se ingesteldheid is, probeer ek om in die opstel nie studie teen navorsing, teen toepassing, af te speel nie; daarom ook nie filosowe teen sosiaal-wetenskaplikes, teen die praktyk nie. Die belange en bydraes van al die dissiplines is waardevol. Terselfdertyd is dit nodig om baie presies te wees oor die verskille in aanpak ten opsigte van waardes. In 'n baie reële sin is DELE EEN, TWEE en DRIE verkennings van hierdie verskille. En werk ek met die aanname dat slegs duidelike verskille uiteindelik enigsins duidelike patrone sou kon laat sien - dié patrone synde die sogenaamde modes van analise.

# DEEL EEN: TERREINE VAN WAARDESTUDIES

## Afdeling A *Teorie van Waarde?*

Par 9

Die geloof dat *waardes* as skakelkonsep uiteindelik uiteenlopende studies in die humaniora bymekaar kan bring, hou ook verband met 'n feitlike situasie: Waardes - in watter konnotasie van die term of begrip ookal - het "van altyd af" ernstige aandag gekry in alle moontlike terreine van besinning oor mense en hulle samelewing. Natuurlik was daar ontwikkeling en differensiasie: Auguste Comte se voorstelling van die tydsopvolging van die teologiese, filosofiese en wetenskaplike kenwyses sou ook, in die breë, van toepassing gemaak kon word op waardes. Soos ten opsigte van ander verskynsels beteken dit dat *(sosiaal-)wetenskaplike* studies vandag die (voortgesette) werk van *teoloë* en *filosowe* oor waardes grootliks oorheers. Maar ook dat hierdie den-

kers (genadiglik) nie die onderwerp prysgegee het aan antropoloë, sielkundiges en sosioloë nie. *In die breë en genadiglik,* omdat Comte se *kenwyses* agterna geblyk het nie so suiwer en aparte epistemologiese spesies te wees nie. En die *geesteswetenskappe* op die duur minder, eerder as toenemend, gelykgestel kan word aan die positivistiese variant van sosiale wetenskap.

Par 10

Is daar dan so iets soos *theory of value?* Daar is ten minste genoeg Amerikaanse titels om die bestaan sowel as die algemeenheid en wydlopendheid van so 'n werksarea te demonstreer: *The moral economy* (Perry, 1909), *General theory of value* (Perry, 1906), *A theory of value* (Reid, 1938), *Theory of valuation* (Dewey, 1939), *Realms of value* (Perry, 1954), *The sources of value* (Pepper, 1958) en *Value theory and the behavioral sciences* (Handy, 1969). Pepper (1958: 7) het probeer om die situasie saam te vat en skryf soos volg:

"Theory of value" is the name for a set of problems common to a group of studies known as the value sciences. These include ethics, aesthetics, some phases of logic and theory of knowledge, economics, political sciences, anthropology and sociology. Specialization has more and more separated and insulated these studies from one another. Theory of value is a movement in the opposite direction, drawing out a core of problems in which they all share.

Die werk van Handy (1969) wat in die titel eksplisiet die *gedragswetenskappe* opneem, is 'n enigsins aweregs kommentaar op Pepper se (lomp) verduideliking. Handy

betrek al bogenoemde titels én werk uit al die velde wat Pepper noem; hy argumenteer teen die meer resente benadering van taal-analise (wat Pepper nie noem nie), en doen moeite om die verdienste van insigte oor waardes vanuit *wetenskaplike* of *empiriese* studies aan te toon. Sy eie sogenaamde *need approach to values* word aangebied as *a use for 'value' that will allow fully for scientific inquiry into values and at the same time encompass most situations commonly regarded as belonging to the value field* (Handy, 1969: 145).

Daar is ten minste een skrywer, Nicholas Rescher (1969), wat die veld van theory of value gesistematiseer het in terme van 'n omvattende bibliografie en dit is die moeite werd om sy skema volledig hier weer te gee:

*I. Historial accounts*
*II. Methodological issues*
- *A. Methods of value inquiry*
- *B. Models for value description*
  - *1. Empirical models*
  - *2. Formal models*
- *C. Values and science*

*III. Philosophical approaches to value*
- *A. General value theory*
  - *1. Axiology and the theory of value in general*
    - *a. The Baden school of neo-Kantians and its congeners*
    - *b. The school of Brentano ("second Austrian school") and its congeners and successors*
    - *c. Anglo-American writers*
    - *d. Other writers*
  - *2. Dimensions of value and value classification*
  - *3. Rules of valuation and the measurement of value*
  - *4. Value as qualitative or relational (Are values properties?)*
  - *5. Value as objective or subjective (Are values relative?)*

B. *Special spheres of value*
   1. *Ethics*
   2. *Aesthetics*
   3. *Social and political theory*
   4. *Religion*

C. *The theory of practical reasoning*
   1. *Aristotle*
   2. *Kant*
   3. *Recent discussions*

D. *Deontic logic and the theory of norms*

IV. *Scientific approaches to value*

A. *The psycho-biology of valuation*

B. *Anthropological and sociological studies*
   1. *Comparative and general studies*
   2. *Special studies of American values*

C. *Economic valuation and related topics*
   1. *Theory of economic value*
   2. *Utility theory*
   3. *Theory of games*
   4. *Decision theory and cost-benefit analysis*
      a. *Formal models (general theory, statistical approaches, operations research)*
      b. *Empirical studies*
   5. *Preference aggregation and social welfare functions*

D. *The logic of preference*

Rescher (1969: 149-150) se onderskeiding van *filosofiese* en *wetenskaplike* benaderings tot *waarde* is opmerklik. Onder IIIA *General value theory* is hofies wat waarskynlik ewe goed onder II *Methodological issues* geplaas kan word. In IV *Scientific approaches* word vir vier areas voorsiening gemaak: psigo-biologie, antropologie, sosiologie en dan ekonomie. Onder IVC5 word waardes ook in verband gestel met maatskaplike welsyn - ten minste 'n aanduiding van toepassing en praktyk. Die *special spheres of value* wat in IIIB genoem word, het raakpunte met Degenaar se referaat wat eweeens die areas van etiek, estetika en sosiale en politieke filosofie betrek.

Par 11

In aansluiting by die voorafgaande suggesties, lyk die volgende veralgemenings in orde:

Terwyl Handy nog in 1969 die saak vir die *naturalistiese, wetenskaplike* en *empiriese* studies van waardes bepleit en beredeneer, het die sosiale wetenskappe, by name die antropologie, sielkunde, sosiale sielkunde, ekonomie en sosiologie, waardes as komponente of veranderlikes aanvaar binne kultuur, persoonlikheid en persoonlike optrede, maatskaplike verhoudings en maatskaplike struktuur. Hierdie dissiplines het ook gevorder in hulle konseptualisering, operasionalisering, kategorisering en teoretisering ten opsigte van waardes. Die mate van konsensus wat binne elk van hierdie dissiplines bereik is, sowel as tussen hulle, ten opsigte van die verskillende vlakke, behoort duidelik te word in latere afdelings. By die genoemde sosiale wetenskappe moet ook gevoeg word die dissiplines waar kennis van waardes in die praktyk toegepas word. Soos ook elders gebeur, het "sosiale praktisyns" ook ten opsigte van waardes nie gewag totdat sosiaal-wetenskaplikes al die probleme rondom die verskynsel *opgelos* het voordat hulle met toepassing van sekere insigte en inligting begin het nie.

Par 12

Hoe die verskillende dissiplines se formele operasionele konsepsies van waardes ookal verskil, sou die meeste Degenaar (1984R) gelyk gee dat die begrip draer is van

'n kwaliteit van wenslikheid en normatiwiteit. Algemeen word waardes beskou as *normatiewe oriëntasies* wat 'n rol speel of kan speel in mense se opvattings en optredes, beslissings en keuses, oordele, veroordelings en regverdigings. Die presisering van hierdie rol is uiteraard die eintlike taak van alle waardestudies.

Par 13

Al die genoemde dissiplines beskou en aanvaar waardes as "tweede-orde" entiteite. Nie direk waarneembaar nie, moet waardes vasgestel word deur indirekte waarneming en logiese afleiding. Hierdie kenmerk van waardes skep geen wesenlike of selfs besondere probleem nie. Die meerderheid van sosiale wetenskap se basiese begrippe en veranderlikes is tweede-orde attribute en moet op hierdie wyse vasgestel word: Houdings, intelligensie, rasionaliteit, tradisionaliteit, moderniteit, sosio-ekonomiese status, godsdienstigheid, solidariteit, lewensbeskouing en ideologie, is hier vanselfsprekende voorbeelde.

Die kwessie van tweede-orde entiteite staan sentraal in die sogenaamde subjektief/objektief debat. Hierdie debat is nog lank nie afgehandel nie en die sosiale wetenskappe het nog lank nie al hulle huiswerk in die verband gedoen nie. In die plek van logiese en kenteoretiese argumente het hierdie dissiplines egter gekonsentreer op navorsingsprosedures en -tegnieke waardeur die "subjektiewe" denk- en gedragskomponente geoperasionaliseer is. Langs hierdie weg kon waardes as "objekte" geïden-

tifiseer en hulle verspreiding feitlik vasgestel word. Operasionalisering is nie slegs 'n gerieflike positivistiese tegniek nie. Dit is 'n vanselfsprekende presisering van 'n alledaagse kentegniek: logiese afleiding gegrond op waarneming van aanduidings van die bestaan van 'n bepaalde verskynsel. Dit beteken dat kritiek wat teen bepaalde wyses van operasionalisering van waardes ingebring word, ernstig opgeneem moet word, maar dat die *metodologiese beginsel* van dié werkswyse self nie verwerp kan word nie.

Par 14

Daar is uiteraard verskeie aspekte, gesigspunte en *issues* uit die ouer en voortgesette theory of value en die nie-sosiaal-wetenskaplike dissiplines wat met vrug aandag sou kon kry in sosiaal-wetenskaplike studies van waardes. Interessant gebeur ook die teenoorgestelde: Binne die sogenaamde *theory of value* word sosiaal-wetenskaplike onderskeidings en insigte *ontdek* en gebruik. Handy (1969: 48-54) is hier 'n goeie voorbeeld as hy die volgende *gedragswetenskaplike* insigte uitlig:

Values help to organize, guide, and direct behavior. Many values are not explicitly or consciously held. The value system of a culture tends to maintain itself and to change much less rapidly than many other aspects of the culture, such as its mode of economic organization. Values can be measured through the use of attitude (sic) scales. Content analyses of literature, the mass media, etc. can reveal values held by social groups. The values held by a person are strongly influenced by the values he judges other people to hold. Clyde Kluckhohn emphasizes the notion of the desirable as contrasted to

the desired. Talcott Parsons (views) a value as part of a "shared symbolic system which serves as a criterion or standard for selection among alternatives or orientation which are intrinsically open in a situation".

Par 15

Ook waardestudies wat nie formeel onder die vlak van theory of value of sosiale wetenskap resorteer nie, inkorporeer met gemak inhoude uit die antropologie, sielkunde en sosiologie se werk oor waardes. Dit was Grünfeld (1973: 171) wat opgemerk het dat *The advent of modern science has impelled many philosophers to conceive their task in new ways.* Onder die filosowe wat ten opsigte van waardes 'n nuwe weg inslaan is Degenaar. Sy referaat was getiteld: *Waardes binne die taalspel van die filosofie.* As Degenaar se benadering in een woord aangedui moet word, sal dit dan ook taalanalise moet wees. Meer presies werk Degenaar oor en deur 'n pluraliteit van wat hy *paradigmas* noem en sou sy filosofiese posisie beskryf kon word as paradigmatiese pluralisme. Vir Degenaar word kenteoretiese probleme nie opgelos deur toevlug te neem tot sekere kategorieë van feite, bewussynskategorieë of gunsteling paradigmas nie. Soveel moontlike paradigmas moet verken en aangewend word om te kom tot sinvolle kennisuitsprake. Dit in die eerste instansie. In die tweede instansie ontgin Degenaar die "fyndruk" van alle paradigmas: die taal wat "intelligentia" en "gewone mense" gebruik in hulle opvattings en optredes. In plaas van aan te dring op die metodologiese vereistes van feitlikheid, logisiteit, objektiwiteit, ensovoorts, sou Degenaar ook wanneer dit oor waardes gaan, let op watter woorde mense "verlief" is, watter hulle gewoond aan is,

van watter vervreemd en watter woorde hulle moeilik oor die lippe kom. Degenaar se taal- en woord-sensitiewe benadering het uiteraard raakvlakke met huidige ontwikkelinge in die taal- en letterkunde.

Binne die huidige konteks moet twee opmerkinge ten opsigte van Degenaar se besondere filosofiese benadering gemaak word: Hier is 'n eksplisiete afwys van 'n bepaalde paradigma en 'n doelbewuste keuse vir die verkenning en betekenisvolle bymekaarbring van verskillende paradigmas. Soos in die Inleiding gesuggereer, kan so 'n benadering problematies word wanneer prys gestel word op metodologiese verskille en *domeinbesondersheid* van dissiplines en *paradigmas*. Dit is egter ook so dat 'n vryer beweging tussen verskeie *paradigmas* die veelkantigheid van 'n verskynsel - soos waardes - aantoon op 'n wyse wat 'n enkele en gestrenge paradigma nie kan doen nie. 'n Tweede verdienste van Degenaar se benadering lê vanselfsprekend (!) in die sensitiwiteit vir taal en woorde wat mense gebruik. Om kort te gaan: 'n Gevoeligheid vir die wyse waarop mense self hulle waardes verwoord, is 'n geldige aandrang by die besluit oor navorsingsprosedures en -tegnieke wanneer enkelinge se waardes vasgestel wil word. Hierdie is 'n *navorsingtegniese* oorweging, maar terselfdertyd onderdeel en konsekwensie van 'n sinvolle opvatting dat alle handelinge, gebeure, beskouings van mense as taal- en woord*gedrag* te verstaan is. Vir sover hierdie insig en aandrang in Degenaar se filosofiese uitsprake oor waardes sentraal staan, sal dié aksent ernstig geneem moet word.

Par 16

Is daar dan iets soos theory of value? Die antwoord moet ná die voorafgaande nee wees. Daar word binne verskillende dissiplines aandag gegee aan waardes en in sommige dissiplines mag waardestudies selfs 'n besondere konsentrasieveld verteenwoordig. Binne die dissiplines en/of 'n spesialisasieveld word oor waardes geteoretiseer. Die resultate is òf 'n verklaring/interpretasie van ('n bepaalde aspek van) waardes, òf 'n meer diffuse aanduiding van *die rol van waardes* in die betrokke dissipline se studieveld. Beide meer spesifieke waardeteorieë en teoretiese aanduiding van die rol van waardes, is gekoppel aan bepaalde dissiplines - wie se histories-ontwikkelde verskille nie weggedink kan word nie. Ook nie opgehef kan word deur die ideaal van een theory of value nie. Dit behoort duidelik te wees dat hierdie ideaal en die postulering van so 'n studieveld 'n projeksie is vanuit 'n diffuse filosofiese belangstelling in waardes. Pepper (Par 10) se omskrywing van die theory of value moet dan ook gekorrigeer word: (i) *Value sciences* is 'n verkeerde en ongelukkige benaming vanuit 'n slordige wetenskapsfilosofie en -geskiedenis. As talle dissiplines aandag gee aan waardes, is hulle nie almal wetenskappe nie, en maak hierdie belangstelling hulle nie waardewetenskappe nie. (ii) Slegs ten opsigte van die breë en algemene konsepsie van waardes as *draers van die kwaliteit van wenslikheid en normatiwiteit* (Par 12), sou 'n mens kon veralgemeen dat dissiplines wat aandag gee aan waardes, werk met 'n (gemeenskaplike) *set of problems*. *'Theory of value' (cannot be) the name for a set of problems common to a*

*group of studies known as the value sciences.* (iii) Pepper se: *Specialization has more and more separated and insulated these studies from one another* is ten opsigte van waardes nie presies nie. As die verskille tussen religieuse, filosofiese, sosiaal-wetenskaplike en toegepaste waardestudies mettertyd duideliker geword het, het dit nie noodwendig groter skeiding en insulasie tussen hierdie studies meegebring nie. Duidelikheid oor verskille bied ook by waardes groter moontlikhede van aansluiting en oordraging. (iv) Hierdie aansluiting en oordraging beteken egter nie dat die ideaal van 'n theory of value waargemaak sal of kan word deur a *movement ... drawing out a core of problems in which (these separated and insulated studies) all share* nie. Feit is dat die onderskeie dissiplines eie sienings het van die *waardeproblematiek*, hulle eie probleme, benaderings en antwoorde ten opsigte van waardes formuleer. Alleen langs hierdie weg is 'n tegelyk presiese en omvattende verstaan van waardes moontlik en die moeite werd.

# Afdeling B Van Metafisika tot Praktyk

Spesifieke terreine van waardestudies is deur filosowe Degenaar (1984R) en Van Niekerk (1984R) na vore gebring. Degenaar skryf:

Binne die taalspel van die filosofie is daar verskillende dissiplines aan die hand waarvan die fenomeen van waardes bespreek kan word, byvoorbeeld: metafisika, wetenskapsfilosofie, filosofie van die geskiedenis, estetika, etiek, sosiale en politieke filosofie. In hierdie opstel beperk ek my tot die optrede van waardes in die sosiale en politieke filosofie.

Degenaar maak insiggewende opmerkinge oor die eerste vyf dissiplines se hantering van die *waarde-probleem*:

Par 17

Een manier om die probleem van waardes in die metafisika aan die orde te stel, is om 'n aksiologie op te stel in ontologiese styl waarvolgens waardes as konstituente van die realiteit gesien word. So kan vier basiese waardes: unum verum bonum en pulchrum aan die realiteit toegeskrywe word in terme waarvan waarde-probleme benader word. Een probleem van so 'n standpunt is die onvermydelike abstraktheid van sulke algemene waardes en die deduktiewe relasie wat sou moes bestaan tussen abstrakte waarde en die praktyk (Degenaar, 1984R).

Par 18

Degenaar se uitspraak *Binne die wetenskapsfilosofie self is die beginsels van wetenskaplikheid 'n goeie voorbeeld van die optrede van waardes in wetenskaplike kennis,* is 'n formulering van wetenskap se betrokkenheid by waardes. Dit is algemene gebruik om *wetenskaplikheid* self as 'n *waarde* aan te wys. Dit is egter ook 'n verwarrende gebruik omdat nie duidelik onderskei word tussen wat (beter) genoem sou kon word: kenteoretiese, metodologiese, metodiese en navorsings-aannames of beginsels, en, persoonlike maatskaplike en samelewingswaardes nie. Natuurlik is die betekenis wat aan *waarde* gegee (moet) word, nie geregistreer, afdwingbaar of voorskryfbaar nie. Deur die *metodologiese beginsels* van wetenskaplike denke en navorsing ook *waardes* te noem, word *waardes* egter gelykgestel aan *maatstawe* en is (die leek en nie-leek se) reaksies dat *alles eintlik waardebetrokke is* so voorspelbaar as wat dit diffuus is. Degenaar (1984R) is heeltemal spesifiek oor die vlakke waarop (wat hy noem) *waardes* 'n rol speel in wetenskapsbeoefening:

(Waardes geld) in die bepaling van die aard van wetenskaplike kennis, byvoorbeeld die kwaliteite van geldigheid, waarheid, koherensie, korrespondensie en verifikasie. Tweedens kan gewys word op die rol van 'n hipotese en van 'n paradigma as beginsel van organisasie in die wetenskap. In die derde plek is waardes ook ter sake in die bepaling van die verhouding tussen wetenskap en samelewing. 'n Vraag wat nie ontwyk kan word nie, is die volgende: watter waardes behoort 'n rol te speel in die toepassing van die wetenskap in die praktyk? ... Die beginsels van wetenskap is waardes wat intersubjektief geld vir die gemeenskap van wetenskaplike navorsers. Die paradigma wat geld binne 'n bepaalde wetenskap is 'n beginsel van organisasie wat intersubjektief geld vir die gebruikers van die paradigma.

My reaksie en suggestie is eenvoudig: Drie kategorieë van maatstawe of beginsels moet hier onderskei word: (a) Dié wat die wenslike of ideale kwaliteit van wetenskap as 'n onderskeie kenwyse omskryf (geldigheid, waarheid, ensovoorts maar ook/of logisiteit; empirisiteit, objektiwiteit, ensovoorts). (b) Dié wat die wenslikheid (al dan nie) van die beoefening van wetenskap en die toepassing van wetenskaplike interpretasies en kennis verwoord. (c) Dié maatstawe of beginsels wat gebruik word in alledaagse en nie-wetenskaplike opvattings en optredes en wat 'n wenslikheid en normatiwiteit ten opsigte van persoonlike en maatskaplike optredes en verhoudings verwoord.

Om van (a) te praat as *waardes* of *wetenskaplike waardes* of *wetenskapswaardes* bly verwarrend. Dat metodologiese beginsels ook 'n kwaliteit van wenslikheid en normatiwiteit behels, is vanselfsprekend. Ook dat wetenskap 'n wyse van organisasie en gedrag is en wetenskaplikes 'n sosiologiese groepering of gemeenskap vorm, is waar. Maar in die laaste instansie is wetenskapsvereistes logiese maatstawe en beginsels wat ten opsigte van 'n besondere kenwyse en dus kategorie van kennis bestaan. Die gedragsfeer ter sake in (c) hierbo is duidelik iets anders - en vir sosiaalwetenskaplikes die eintlike *maatskaplike werklikheid*. Self sou ek hierdie onderskeiding tot sy konsekwensie neem deur waardes te definieer as: konsepsies van wat wenslik is in *maatskaplike* optrede en verhoudings, en suggereer dat (sosiologies) gepraat word van *maatskaplike* of *samelewingswaardes*.

Par 19

Degenaar verwys in verband met filosofie van die geskiedenis hier na die werk van Stern (1962): *Philosophy of history and the problem of values,* en sê dat geskiedskrywing onvermydelik 'n keuse van paradigma moet maak in die interpretasie van historiese gegewens. Voorbeelde sou wees nasionalistiese, liberalistiese, pluralistiese en Marxistiese paradigmas. Degenaar se formulering: *Hierdie paradigmas is reeds 'n keuse vir sekere waardes wat as basiese denkpatroon geld in die interpretasie van historiese gebeurtenisse en prosesse* is nie sonder implikasies vir die onderskeidings wat met moeite in Par 18 staangemaak is nie! Die probleem lê voorspelbaar by die begrip *paradigma.* In al vier voorbeelde wat genoem is, is meer *metodologiese* beginsels betrokke. Deel van dié paradigmas is klaarblyklik ideologiese inhoude. Dit beteken dat die begrippe: *waarde, ideologie* en *paradigma* duidelik gedefinieer sal moet word in waardestudies. Dit is 'n kwessie van presiese konseptualisering; die verband tussen die drie entiteite is een van teoretisering. Hoe lastig die onderskeiding én insigtelik die skakeling van hierdie begrippe kan wees, word gedemonstreer deur Degenaar se skema van politieke waardesisteme waarna in Par 24 verwys word.

Par 20

Estetiese kriteria of waardes is 'n heel besondere area van waardestudies wat waarskynlik die verste verwyder is van alledaagse optrede en maatskaplike verhou-

dings. Met 'n ernstige konsentrasie in kuns en letterkunde lê hierdie waardes grootliks op die periferie van wat aanvaar kan word as die fokus van die Seminaar oor waardes. (Malan: (1984D) het tydens die bespreking die moontlikheid om maatskaplike of samelewingswaardes vanuit letterkunde vas te stel, ter sprake gebring. Dit is uiteraard nie literêre waardes of waardes wat geld in literêre kritiek nie.) 'n Ter sake publikasie hier is Rader en Jessup (1976) se *Art and human values*.

Par 21

Etiek het àlles met waardes te doen en moet sekerlik as die oorspronklike veld van besinning oor waardes erken word. Daar is 'n sin waarin *etiek* slaan op die meer persoonlike optrede van enkelinge teenoor mekaar of gedragskodes wat geld vir bepaalde institusionele areas - soos seksualiteit en professies. Ek meen dit is 'n geldige waarneming dat die term *etiek* nie net tot hierdie konnotasie of relevansie beperk gebly het nie, maar ook dat die woord in die proses van Westerse modernisasie iets van 'n outydse aksent gekry het. Feit is dat meer dikwels van mense en samelewings se *waardes* gepraat word as van hulle etiek en etiese beginsels. Kan dit wees dat *etiek* 'n woord is wat oorspronklik 'n sterk godsdienstige of religieuse konteks gehad het en dat hierdie verband en inspirasie deur sekularisasie verminder is?

Degenaar verbind etiek tereg aan morele probleme en praat van etiese teorieë as filosofiese konstruksies

*wat onder andere daarin bestaan dat na morele probleme gekyk word in terme van 'n sentrale waarde wat as skarnier-begrip optree waardeur ander begrippe 'n plek gegee kan word in 'n hiërargiese sisteem van begrippe.* Meer spesifiek onderskei Degenaar drie *vlakke; morele kodes wat vir 'n gemeenskap geld (waardes op die eerste vlak), etiese teorieë (besinning oor waardes op die tweede vlak wat 'n metavlak is ten opsigte van die eerste vlak) en 'n filosofiese analise op 'n derde vlak wat 'n meta-aktiwiteit is ten opsigte van die eerste en tweede vlakke.* Nader tuis vir sosiaal-wetenskaplikes wat gewoonlik konsentreer op die eerste vlak, merk Degenaar op: *Navorsing toon dat 'n pluraliteit van morele kodes en etiese sisteme bestaan waarin 'n verskeidenheid van waardes beklemtoon word.*

Miskien kan die situasie as volg vereenvoudig word: Etiek hou verband met normatiewe opvattings wat gewoonlik as *morele* oorwegings of moraliteit aangedui word. (In 'n vergelyking van moraliteit met politiek, wys Degenaar daarop dat: (i) moraliteit meer op 'n persoonlike vlak lê; (ii) gesindheid by die morele deelnemer 'n groot rol speel; (iii) 'n oorsig en beheer van morele verantwoordelikheid makliker is as duidelikheid en beheer oor politieke verantwoordelikheid; en (iv) by moraliteit verdraagsaamheid teenoor persone wat van jou verskil, makliker is as in die geval van politieke verskille waar politieke druk toleransie baie moeiliker maak.) Morele kodes sou ewe goed *waardes* genoem kon word en sou by 'n eventuele kategorisering van waardes as 'n onderskeie klas van waardes aangewys kon word. Dit sou in ooreenstemming wees met Rescher se skema in

Par 10, IIIB. Rescher noem etiek, estetika, sosiale en politieke teorie en godsdiens as *special spheres of value*.

Par 22

Die noem van godsdiens in die voorafgaande, maak dit gerieflik om godsdiens hier as onderskeie terrein van waardestudies aan te wys. In talle empiriese studies word by name gekonsentreer op *godsdienstige waardes*. Godsdiens is dan ook die oerbron en -konteks van waardes. Dit is logies, indien nie in die praktyk nie, die finale legitimasieruimte vir waardes. Anderkant humanisme en sekularisasie sou die vraag na die legitimasie van waardes self alleen nog deur 'n transendente heenwysing beantwoord kan word.

Par 23

Uit Par 21 moet ook die begrip professionele etiek gelig word. Met toenemende professionalisering het etiese kodes in bepaalde professies heel besondere en goed geartikuleerde terrein van waardestudies maar ook waardepraktyk geword.

Par 24

Degenaar se aandag aan politieke waardesisteme bring ons by 'n volgende waardeterrein.

egenaar skryf as filosoof en dit is nodig om dadelik te nderskei tussen filosofering oor politieke waardes en ie empiriese vasstelling van politieke waardes wat deur anwysbare persone of groeperinge gehuldig word. Vanuit ie politieke filosofie noem Degenaar die moontlikheid *m verskillende filosowe te bespreek en aan te dui wat- er waardes sentraal staan in hulle (filosofiese) stel- sels en hoe hierdie waardes (deur die betrokke filo- sowe) opgevat word in elke stelsel.* (Kursivering aangebring.) Degenaar aanvaar ook eksplisiet die be- staan van 'n hiërargiese struktuur van waardesisteme en sê dat bepaalde waardes verskillend ge-evalueer word in verskeie filosowe se teorieë of stelsels. *Waardes wat gewoonlik 'n rol speel in die politieke filosofie is: selfbehoud, belange, orde, sekuriteit, regverdigheid, vryheid, gelykheid, persoonlike ontwikkeling, mensereg- te, ensovoorts.* Wat Degenaar self na die Seminaar bring, is 'n skema wat probeer om die "logika" van ide- ologieë duidelik te maak. Die skema dui ten opsigte van elk van ses ideologieë: konservatisme, nasionalisme, liberalisme, Marxisme, Swart Bewussyn en pluralisme, die volgende aan: *(a) Die sentrale waarde wat as norma- tiese skarnier-woord dien en wat behulpsaam is om alle ander waardes wat 'n rol mag speel te organiseer; (b) die toedrag van sake wat 'n bedreiging is van waarde en wat gevolglik deur die ideologie teengestaan moet word; (c) die ideaal wat nagestrewe word en wat nou verband hou met die sentrale waarde waarvolgens die ideologie gereguleer word; (d) die strategie wat gevolg moet word indien die ideaal verwesenlik moet word; en (e) die me- tafisiese regverdiging van die waarde wat as 'n vorm van sanksionering van die ideologie geld.*

| IDEOLOGIE as sisteem van Waardes | Sentrale Waarde | Toedrag van Sake | Ideaal | Strategie | Metafisiese regverdiging van Waarde |
|---|---|---|---|---|---|
| **Konserwatisme** | Tradisie | Verandering<br>Radikale en reaksionêre politiek | Orde en Stabiliteit | Patriotisme<br>Konservering<br>Verpligting | Goddelike riglyne<br>Historiese patrone |
| **Nasionalisme** | Nasie | Volk bedreig deur volksvyande<br>Integrasie | Suiwerheid<br>Identiteit<br>Volvoering van bestemming | Apartheid<br>Identifikasie-simbole | God skep volke<br>Mite van die uitverkore volk |
| **Liberalisme** | Individuele vryheid | Beperking van vryheid | Oop Gemeenskap Regte.<br>Maksimalisering van geluk | Toleransie<br>Opvoeding | Natuur bepaal regte<br>Onvervreembare regte |
| **Marxisme** | Kommuniteit | Klasse-stryd<br>Uitbuiting<br>Vervreemding | Klaslose maatskappy<br>Kommunikasie | Bewuswording<br>Conscientisation<br>Revolusie | Geskiedenis determineer<br>Onvermydelikheid van die historiese proses |
| **Swart Bewussyn** | Swart identiteit | Vernedering<br>Wit rassisme (tese) | Black rule now!<br>Ware menslikheid (sintese) | Conscientisation<br>Swart solidariteit (antitese) | Geskiedenis verander |
| **Pluralisme** | Pluraliteit van groepe | Apartheid en konflik | Persoonlike ontwikkeling<br>Vrye assosiasie | Opvoeding<br>Kontak<br>Onderhandeling | Moraliteit skryf voor<br>Waardes van vryheid en selfontwikkeling |

Degenaar se skema is uiteraard (en doelbewus) een voorbeeld van waarde-analise vanuit politieke filosofie. Dit is nie primêr 'n tipologie van waardes nie; eerder 'n logiese strukturering van veronderstelde komponente van ideologieë - waardes synde een komponent. 'n Ideologie word gedefinieer as 'n *praktyk-gerigte sisteem van waardes waarin die hoogste politieke trou van die burger aan 'n bepaalde waarde toegeskryf word.*

Vanselfsprekend behels ideologieë waardes. Soveel so dat ideologie-kritiek of ideologie-analise met reg as 'n onderskeie waardeterrein aangewys sou kon word. Dit behoort egter duidelik te wees dat die wyse waarop Degenaar ideologie en waardes bind, gedoen word vanuit 'n *filosofiese* analise. Hier word gewerk met 'n baie algemene definisie van *ideologie*. (Dit sou ook 'n sisteem van *idees* of *opvattings* genoem kon word, sê Degenaar, wat beteken dat nie skerp onderskei word tussen 'n ideologie se eksistensiële/feitlike opvattings en normatiewe idees nie.) Die vyf *dimensies* (a-e) is 'n logiese eksplikasie van die gekose ideologiebegrip en die logiese "ruimtes" in die skema word in die weergawe wat aangebied is, deels "Suid-Afrikaans-empiries" en deels "universeel-logies" ingevul. Antwoorde op lastiger vrae wat vanuit empiriese navorsing gevra (moet) word, word hier nie gegee nie. Vrae soos: Wat verstaan die betrokke mense of bevolking self onder *ideologie* en *waarde*, wat reken hulle self tot sentrale waardes, problematiese situasies, ideale, strategieë en regverdigings? Bestaan die hiërargiese struktuur van waardes en *logika* van 'n ideologie wel en naasteby duidelik by burgers wat nie filosowe is nie? Word standpunte ten

opsigte van ideologie en waardes nie slegs ingeneem wanneer hierdie begrippe tot vraag gemaak word nie? Wat kom in die alledaagse praktyk van 'n praktykgerigte sisteem van waardes tereg? Word gedrag aanwysbaar deur ideologie en waardes beïnvloed, en indien wel, hoe en waar? Natuurlik het ons hier te doen met vlakke van nadenke en navorsing en natuurlik sou 'n skema soos dié van Degenaar aangepas en gebruik kon word in empiriese navorsing - beide dokumentêr en in direkte ondervraging/waarneming. Die skema is logies vergelykbaar met Max Weber se ideëltipes - aanvaarde en gewaardeerde tipologieë in empiriese sosiaalwetenskaplike navorsing. Die insigtelikheid en potensiaal van sulke skemas vir waardenavorsing moet egter nie die essensieel filosofiese vlak daarvan misken nie. By al die waardering wat ek het vir veral Degenaar se filosofiese interpretasies, moet ek die *domeinbesondersheid* wat in die Inleiding gestel is, eerbiedig.

Par 25

Twee terreine van waardestudies is na vore gebring in die referaat van Van Niekerk (1984R): Vanuit (politieke) filosofie bespreek Van Niekerk die konseptuele en teoretiese wel en wee van wat in sosiale wetenskap algemeen genoem word ontwikkelingstudies of die problematiek van modernisasie. Die belangrike rol van waardes in samelewingsontwikkeling, (beplande) maatskaplike verandering, akkulturasie en spesifiek modernisasie, mag vir baie vanselfsprekend wees. Van Niekerk toon aan hoe die teoretiese interpretasie van die werking van waardes

binne hierdie prosesse self bepaalde ontwikkelinge deurgegaan het. Terwyl die betrokke bladsye onder die vlag van politieke ontwikkelingsteorieë staan, bring Van Niekerk 'n hele aantal vlakke van analise en raakpunte met ander vakgebiede na vore. Ek volstaan in hierdie paragraaf met die aanwysing van ontwikkelingsproblematiek as 'n strategiese en reële terrein van waardestudies.

Par 26

Waardes is uiteraard ter sake in regsteorie en regspleging. Van Niekerk (1984R) werk binne regsfilosofie verskeie konseptuele, historiese en teoretiese aspekte relevant tot die waardebegrip uit en bring so nog 'n terrein van waardestudies op die kaart.

Par 27

De Vries (1984R) se referaat onderstreep die strategiese belang van waardes in die proses van opvoeding en in die beoefening van die opvoedkunde. Hy skryf onder meer soos volg:

> As teoretiese besinning oor die vraagstuk van sinvolle kinderbegeleiding, is die opvoedkunde onlosmaaklik met waardes gemoeid. ... In die opvoedkunde speel sowel die feitlike as die behoorlike, dit wat is en dit wat behoort te wees, dus 'n onwegdenkbare rol. Die algemene opvatting is dat die behoorlike te doen het met die maak van 'n keuse en die ordening van waardes. ... Aangesien die opvoedkunde die beskrywing en verklaring van pedagogiese waardes onderneem, dui die beoefening van hierdie vakwetenskap reeds daarop dat dit toepassingsmoontlik-

hede vir die praktyk het en kan dit in hierdie opsig as 'n waardevoorskrywende wetenskap beskou word.

Par 28

'n Laaste area van waardestudies is wat in die voorafgaande gerieflik die praktyk genoem is. Tot die *praktyk* behoort alle studies van en navorsing oor waardes wat gekoppel is aan die toepassing van waardekennis - om watter praktiese doelstelling ookal te bereik. Hierdie doelstellings sou kon wissel vanaf 'n beter begrip van mense, van persoonlike, groeps- en bevolkingsverhoudings, deur terapie, opvoeding, beplanning en hervorming, tot Machiavelliaanse politieke manipulasie. 'n Reële area is die toepassing van waardekennis in die bevordering van effektiewe kommunikasie, motivering en produktiwiteit in sake-ondernemings en ander organisasies. 'n Voorbeeld van hierdie soort werk is twee artikels van Raddall (1984a,b) wat by die Seminaar ter sprake gebring is: *Understanding human values - the key to organizational effectiveness* en *The cascading helix: A three-dimensional conceptual model aimed at improving organizational communication and performance.*

## Afdeling C Sosiale Sielkunde en Sielkunde

'n Oorsig van die meer gedefinieerde sosiale wetenskappe as terreine van waardestudies is met opset vir laaste gehou. Die dissiplines van sosiale sielkunde, sielkunde, antropologie en sosiologie is op die Seminaar deur vyf vakkundiges verteenwoordig wat elk 'n referaat oor waardenavorsing in die betrokke studieveld aangebied het. (Twee in die geval van die antropologie.) Om voor die handliggende oorwegings moet hierdie referate - en meer nog, dié dissiplines se werk oor waardes, besondere aandag kry in hierdie opstel. In die geval van die sielkunde en die sosiologie het ek dit nodig gevind om die betrokke referate aan te vul met materiaal wat nie op die Seminaar gestel is nie. Verder het ek enkele inhoude uit die referaat van Kotze (1984R) ('n antropoloog) gehou vir DEEL TWEE: METODOLOGIESE OORWEGINGS. Daar is uiteraard reeds verskeie *metodologiese* inhoude of aksente in die voorafgaande paragrawe gestel en nog meer sal aangeraak word in die res van hierdie DEEL EEN. As 'n onderskeid tussen konseptualisering, metodologie, teoretisering en navorsing sinvol en moontlik is, is skeiding van dié vlakke of skagte nie moontlik nie. Die verskillende dele van die opstel moet daarom ook as *konsentrasies* of *foci* gelees word. In ooreenstemming met hierdie *logika* word in die bespreking van die sosiale sielkunde, sielkunde, antropologie en sosiologie se waardestudies, veral aandag gegee aan

hierdie dissiplines se konsepsies van waardes. Voorbeelde van substantiewe navorsing word ook gegee en spesifieke navorsingsprosedures en -tegnieke kry ook aandag.

Par 29

Wat is die sosiale sielkunde se konsepsie van waardes? Volgens Beyers (1984R) moet 'n mens hier nie te veel verwag nie. Sy skryf:

> 'n Blik op die inhoudsopgawes van die *Psychological Abstracts* en voorgraadse handboeke van die afgelope twee dekades bring gou die feit tuis dat die sosiale sielkunde hom nie primêr bemoei met 'n studie van waardes nie. Sedert Kluckhohn en Strodtbeck (1961) se beskrywing van waardes as etiese universele beginsels, en Krech, Crutchfield en Ballachy (1962) se verduideliking van konsepte aan die hand van onder andere kulturele verskynsels, word waardes en kultuur as feitlik taboe onderwerpe beskou.
>
> In die logies-positivistiese model waarin binne sosiaalsielkundiges meesal dink en werk, word die begrip 'betekenis' of 'intensie' wat inherent is aan 'waarde' doelbewus vermy. Die oomblik, so word gereken, dat die navorser 'n konsep soos waarde in 'n model van gedrag inbou, verwys hy na vaaghede wat nie geoperasionaliseer kan word nie. Hoogstens sal die waardes (en hul onderliggende bewusthede) afgelei moet word van waarneembare gedrag wat empiries gemeet word.
>
> Die ignoreer van die begrippe 'kultuur' en 'waardes' is dus 'n feit in die sosiale sielkunde. Daar is uitsonderings wat uitstaan vanweë hulle skaarsheid, veral die werk van Rokeach en Triandis ...
>
> Dit is tans opwindend hoedat 'n aantal navorsers oor intergroepverhoudinge (Tajfel, 1972, 1976; Tajfel & Turner, 1976 en ander) waardes probeer akkommodeer deurdat begrippe soos objektiewe realiteit en ideologie binne die teoretiese begrippe van sosiale kategorisering en sosiale identiteit gehuisves word. Ten opsigte van die

toekoms dus sal waarskynlik heelwat meer inligting oor waardes uit dié model te voorskyn kom.

Par 30

M. Brewster Smith (1978: 181-199) skryf uit 'n ander hoek oor (sosiale) sielkunde en waardes. Die metodologiese probleme ten spyt - *In application to personality ('mental health') evaluative perspectives have not successfully crossed the barrier between fact and value - psychology can participate and has participated in the dialectic of value controversy.*

Smith se artikel is ter ere van Gordon Allport; hy wend hom egter tot Clyde Kluckhohn vir 'n formele waardekonsepsie:

A value is a conception, explicit or implicit, distinctive of an individual or characteristic of a group, of the desirable which influences the selection from available modes, means, and ends of action (Kluckhohn, 1951: 395).

Kluckhohn goes on to say that such conceptions of the desirable are usually fused with beliefs about the nature of reality: 'value orientations' is his term for these fusions which comprised the concrete subject matter in which he was most interested.

The key word in Kluckhohn's definition is desirable, and the key distinction that it carries implicitly is between the desirable and the merely desired; between values in a strict sense and mere wants or preferences.

(The) realm of ought, of the desirable and preferable, has the phenomenal quality of objectivity and intersubjective validity. From the perspectives of each of us, what we regard as desirable or preferable, what we feel we ought to want or do, seems to be objectively given, not a matter of our personal whim.

Values as the explicit or implicit standards involved in these occasions of valuing have the quality of objective requirements emphasized by Gestalt psychology (Köhler, 1938). This quality of experienced objectivity seems important in the role that values play in giving sense and direction to our lives.

Smith onderskei wat hy noem *types of phenomenally objective requirements in the realm of values*. Die "nodigheid" vir waardes in die ontwikkeling en funksionering van persoonlikheid is in die eerste instansie 'n sosiale nodigheid (social requiredness) - wat die kleinkind ervaar as verwagtings en aandrang van sy ouers: *In a traditional society ... the prototypical social requirements of value/values merges seamlessly with the right and proper as it is taken [illegible] granted and supported by everyone in one's social w[illegible]* Met toenemende en ontwrigtende sosiale verandering, sekularisasie, ensovoorts, word waardes op 'n meer *persoonlike* vlak noodsaaklik. Smith verwys na David Riesman (1950) se *innerdirectedness* in opvolging van 'n tradisiegerigtheid en praat self van die *personal requiredness* van waardes - wat deur die proses van *internalisering* ontwikkel. Hier is twee subtipes:

Following Freud, I saw superego requiredness as resulting from the internalization of socially required values at a developmental phase prior to the firm establishment of reflective selfhood, and therefore characterized by inflexibility, irrationality of application, implicitness, and the burden of amorphous guilt that attends transgression. Superego values can persist into adulthood, as we well know, sealed off from inner discourse, immature, and unintegrated in the self.

In contrast are personal values characterized by what I called self requiredness. These standards are actively embraced by the person and thus become constituents of the self, part of what the person feels himself to be and to stand for. Characteristically their application involves more finely differentiated discrimination than is the case with superego values, and they can therefore be applied with more flexibility, appropriateness, and rationality. ... They remain open to progressive modification and elaboration. They retain the phenomenal character of objective requiredness emphasized by Heider but are sustained by the individual's active commitment to them as the values that he chooses to live by.

Dit is hierdie waardes van die *self* - wat volgens Smith dieselfde tipe waardes is waarom dit vir Allport, L. Kohlberg en J. Loevinger gaan - wat (sê Smith) besonder kwesbaar is en maklik kan verval (collapse) tot blote voorkeure (preferences). Dit is veral die geval in 'n tyd gekenmerk deur "hedonistiese individualisme": *There seems to be a strong pull, at present, away from the objective requiredness of self values, leaving people exposed with their unguided wants. 'If it feels good, do it!', one increasingly hears.*

Smith wys die werk van B.F. Skinner af as "radikale behaviorisme" waarin waardes in effek gereduseer word tot voorkeure. W. Köhler se Gestalt-sielkunde, meen Smith, is op die ou end "filosofies" en sê min oor die werklike rol en werking van bepaalde waardes in die lewe van aanwysbare enkelinge of kollektiwiteite. By Solomon Asch waardeer Smith die onderskeid tussen "werklikheidsieninge" en waardes. In diverse kulture sou eersgenoemde meer dikwels uiteenlopend wees; laasgenoemde dikwels ooreenstem: *This is a useful line of argument, I think, since it calls attention to the possibility that*

*people may resemble one another more closely in their standards of the preferable than in the contexts of existential belief with which these standards are fused in the value orientations that govern what people do.*

In die res van Smith se artikel kom nie voorbeelde van skerper waardekonsepsies na vore nie - ook as hy daarop wys hoe waardes herhaaldelik ter sprake is by psigoterapie, abnormale sielkunde en geesteshigiëne, is presiese waardedefinisies afwesig. Smith suggereer dat A.H. Maslow se werk oor persoonlikheidskenmerke wat korreleer met selfverwesenliking uiteindelik 'n gesofistikeerde projeksie van Maslow se eie waardes is! Ook ander sielkundiges se eklektiese lyste van persoonlike kenmerke van die *volwasse, geestesgesonde* persoonlikheid gee kwalik definiteit ten opsigte van waardes.

Die werk van J. Piaget en opvolgers soos Lawrence Kohlberg en Jane Loevinger bring boeiende en insiggewende kennis oor persoonlikheidsontwikkeling van die groei van morele en kognitiewe patrone. Maar selfs uit Smith se simpatieke bespreking is dit duidelik dat hier geen skerp fokus is op wat onderskeidend *waardes* genoem kan word nie. As hy sielkundiges se volgehoue insette in die debat oor (*dialektiek* van) waardes bepleit, is die veralgemening geldig dat by die werk wat ter sprake gebring is, die navorsing oor die presiese aard en werking van waardes as *persoonlikheidsveranderlike* nog gedoen moet word.

Par 31

Du Preez (1984R) se konsepsie van *waarde* sluit in enkele aspekte aan by die voorafgaande, maar is terselfdertyd meer saaklik én breër geformuleer. Du Preez onderskei duidelik tussen *the collection of values as 'facts'*, en *attempts to explain values*. In eersgenoemde soort ondersoek is 'n presiese definisie (en operasionalisering) van *waardes* uiteraard belangrik. In laasgenoemde tipe ondersoek is meer as een beklemtoning moontlik: Die belang en "rol" van waardes: by motivering; by morele tradisies en morele "redenering" (laasgenoemde veral in studies van persoonlikheidsontwikkeling); by die studie van sosiaal-historiese patrone en hul verandering oor tyd. Dit is veral laasgenoemde wat, volgens Du Preez, 'n goeie geleentheid skep vir 'n kritiese verkenning van sowel ons waardes as gevestigde patrone van dink en doen. Alleen al om die wins wat so 'n kritiese benadering tot waardes en waarde-gekoppelde verskynsels meebring, is du Preez ten gunste van voortgesette studie en navorsing oor waardes. Sy referaat *The study of values in psychology* demonstreer (nogmaals) die onderskeid tussen streng positivisties-empiriese navorsing oor waardes, en, 'n meer *geesteswetenskaplike*, kritiese studie van (die belangrikheid van) waardes en verwante begrippe. Tipies dring eersgenoemde aan op presiese konseptualisering (en operasionalisering) en stel die (moontlike) teoretisering (die *verklaring* van waardes en verklaring met behulp van waardes) uit tot ná die vasstelling van die empiriese voorkoms en verspreiding van waardes. Tipies is die tweede soort studie min bekommerd oor 'n presiese definisie en

beweeg dit so gou moontlik tot interpretasie en verklaring - dus teoretisering.

Onder die vraag: Wat is waardes? sê Du Preez dat die eenvoudigste definisies waardes gelykstel aan voorkeure (preferences): Nog in 1981 definieer Hofstede waardes as *a broad tendency to prefer one state of affairs over others*. Dertig jaar vroeër was Allport net effens meer fundamenteel: *A belief upon which a man acts by preference*. Du Preez sê dat C. Kluckhorn se definisie (konsepsie van die wenslike) enkeling en groep probeer bind, maar dat dié verbinding *duideliker* is by Hofstede - wat ongelukkig die term *norm* gebruik om na *kollektiewe waardes* te verwys. Self sê Du Preez na aanleiding van bostaande konsepsies: *It follows that values have intensity and direction, that they take the form of beliefs and might select action.*

Oor die eerste tipe waardestudies hierbo genoem, skryf Du Preez soos volg:

The first kind of study simply collects values as facts, in different cultures, at different ages, among different individuals. This is a sensible beginning. Do cultures differ so much as they may be supposed to differ, for example? ... The obvious way to collect value facts is to devise an instrument and ask people to indicate preferences. This is the traditional way of psychologists, and has been used by Allport, Rokeach, Dennis and many others.

As voorbeelde van dié tipe navorsing stel Du Preez kortliks die werk van Allport, Vernon & Lindzey (1951) (gebaseer op Spranger se ideëeltipes - die teoretiese, eko-

nomiese, sosiale, politieke, estetiese en godsdienstige) wat kulmineer in 'n gestandardiseerde skaal wat die relatiewe belangrikheid wat respondente aan hierdie waardes heg, meet. En die werk van Hofstede (1980) - wat ten opsigte van waardes ter sake by arbeid, onderskei tussen dimensies van: *preferred power distance, uncertainty avoidance, individualism, masculinity*. Hierdie is 'n kruis-kulturele studie wat betekenisvolle verskille ten opsigte van *werkwaardes* bewys by onderskeie kulture. Voorspelbaar merk Du Preez op dat Hofstede nie hierdie verskille verklaar nie - net stel as bevindings - en dat 'n werklike begrip van dié verskille vra om 'n studie van die geskiedenis en breë kulturele tradisies van die lande wat vergelyk is.

Voor ons kom by Du Preez se voorbeelde van verklarings van waardes, is dit nodig om 'n opmerking te maak oor die vasstelling van *waardes* as voorkeure (preferences). Die konsepsie van waardes as (blote) voorkeure (deur Smith afgewys - Par 30) forseer die vraag: voorkeure ten opsigte van wat? en maak die presiese formulering (en instruksie) vir die respondent kernbelangrik. Ek meen dat daar 'n betekenisvolle verskil is tussen die vrae: Watter van hierdie *waardes* verkies u? (*Which of these 'values' do you prefer?*) en, Watter van hierdie *waardestellings* is vir uself waar? (*Which of these 'value statements' represent your own position?*). Ná alles dui *voorkeur* (*preference*) op persoonlik gewensde (*personally desired*) en nie op algemeen wenslik (*socially desirable*) nie. Smith (Par 30) is korrek: Kluckhohn se *Values* en *value*

*orientations* slaan juis nie op preferences nie. Korrek is ook sy suggestie dat die redusering van *waardes* tot blote persoonlike voorkeure (i) negatief werk ten opsigte van die handhawing van waardes, en (ii) die betekenis van sodanige navorsing (wat net voorkeure vasstel) ernstig bevraagteken. Klaarblyklik is ook Du Preez van mening dat sulke feitlike voorkeurvasstelling van min waarde is. Meer sinvolle en insigtelike navorsing word egter nie gewaarborg deur te kyk na *the way(s) in which values are supposed to guide human functioning* (Du Preez) nie. Dit kan en moet in elk geval gedoen word. Maar: die vasstelling van *waardes as feite* is nie dieselfde as die vasstelling van blote voorkeure nie. Dit hang alles af van watter presiese inhoud aan (en voorbeelde van) *waarde* gegee word om formele konseptualisering en in formele navorsingsituasies.

Par 32

In verband met die verklaring van en deur waardes, gee Du Preez aandag aan vier interpretasies:

(i) Onder die opskrif *Remnants of a moral tradition* bespreek hy die sielkundige variant van *ruilteorieë*: *Psychologists study, in as neutral a way as possible, the returns and investments which people think important in calculating equity of distributive justice.* Hierdie berekendheid in morele beslissings word dan gekorreleer met die gebruiklike persoonlike en sosiale veranderlikes. Vir sover hier sprake is van 'n kritiese kyk na standpunte en argumente oor regverdigheid, vind Du Preez dit van waarde.

(ii) Onder *Law of effect* word verwys na waardes as 'n komponent van motiveringsteorie. Die voorstelling dat waardes wat tydens sosialisering geïnternaliseer word, alleen maar funksioneel is vir beide persoonlikheid en maatskaplike sisteem, word deur Du Preez op meer as een grond gekritiseer: Dit oorvereenvoudig - of systap - die komplekse proses van morele, estetiese, teoretiese en praktiese denke. *The theory is instrumental, and lends itself to social engineering without any obvious moral commitment, which is a characteristic of natural science rather than of the social sciences.* Ten minste 'n aksent van behaviorisme bly steeds in hierdie funksionalistiese interpretasie: daar is ook 'n selfgenoegsaamheid en sirkulariteit in hierdie voorstelling van die alleen maar funksionaliteit van waardes - *How could one imagine a question arising in organisms functioning as they are supposed to function when governed by the law of effect?*

(iii) Onder *Development of moral reasoning* maak Du Preez verskeie indringende opmerkings oor die werk van Piaget, Kohlberg, Gilligen, MacIntyre, Rawls en Nozick. Dit word duidelik dat die prosesse van morele denke en beslissings nie alleen ingewikkeld is nie, maar ook van situasie tot situasie, van kultuur tot kultuur, kan verskil - en dat *waardes* (hoe ookal gedefinieer) se presiese rol in dié ingewikkeldheid nog baie onduidelik is.

(iv) Onder *Social history* bring Du Preez vir Marx, Weber en die belange/waardes-debat ter sprake. Marx het gesuggereer dat seksionele belange die werklike grond is vir wat voorgehou word as waardes; Max Weber dat die

inspirasie van kapitalistiese waardes in die Protestantse etiek gesoek moet word. Meer realisties as hierdie teoretici, wys Du Preez daarop dat morele redenasies altyd geskied binne 'n betrokkenheid met reeds gevestigde praktyke: *Moral systems detached from practice are futile exercises in adolescent wish fulfillment. By critical reasoning and activity, we may use the resources of a tradition to bring about change. What is required is not merely an abstract portrayal of desirable states of affairs, but a series of strategies and practices for achieving these states.*

Par 33

Uit die voorafgaande behoort Du Preez se besondere aksente by die konseptualisering van waardes duidelik te wees: (i) *Waardes* is vir Du Preez veel meer as persoonlike voorkeure of sosiale feite. Anderkant die *konvensionele* en *faktiese* sielkunde, dring hy daarop aan dat *the study of values (should) be critical and explanatory rather than merely description*. (ii) Binne hierdie breër (sosiologiese?) verkenning van waardekwessies is daar 'n fokus op morele en menslike verhoudingsvraagstukke. In denke, studie en navorsing oor hierdie vraagstukke is waardes 'n altyd aanwesige verwysingspunt - dit is egter eerder 'n refrein as 'n gepresiseerde noot. Vir Du Preez is waardes 'n *tema* waaroor ook sielkundiges kan en moet praat; maar nie 'n element of komponent in 'n struktuur wat as element of komponent geïdentifiseer en as onderdeel in eie reg ontleed moet word nie. Waardes is uiteindelik 'n onmisbare

maar gerieflik vae woord, 'n strategiese maar diffuse idee. (iii) Hierdie (baie algemene) konsepsie van waardes hang ten nouste saam met 'n metodologiese keuse: In plaas van om pynlik presies feite te beskryf, kan (en moet) ook die sielkunde veel eerder interpretatief en krities dink - ook oor 'n basiese menslikheid soos waardes. (iv) Met so 'n benadering is dit alleen natuurlik dat konseptualisering en teoretisering in mekaar oorloop.

# Afdeling D Antropologie

Par 34

As waardes in die sielkunde iets van 'n gerespekteerde maar veraf verwant is, is dit skynbaar vir die huidige antropologie 'n familielid wat enigsins ongewild geword het en nie meer so dikwels besoek word nie. Preston-Whyte (1984R) skryf:

> There may well be some amongst us who, looking at the chequered history or value studies (Kolb 1957; Spates 1983), and particularly at their limited achievement in the cross-cultural field, may feel that academically the whole exercise is a non-starter. Certainly there will be some, who like me, feel strongly that unless we can rid our thinking of the worst and most naieve form of functionalist argument, little will be achieved in either the scholarly or practical fields. We need, indeed, a radically new approach tot the study of values and I must say at the outset that looking at the theoretical models fashionable in anthropology both here and overseas at present, I see little chance that one of them will bear fruit in this area.
>
> Although there has been a limited continuing interest in the topic in psychology (Rokeach 1973, 1979) and Spates' paper in last year's *Annual Review of Sociology* (1983) may indicate a revival of interest in the topic amongst American sociologists, it cannot be said that studies of values feature on the cutting edge of intellectual frontiers in the social sciences at present. Values, in and by themselves, indeed ceased to be a major concern in sociology and certainly in anthropology towards the end of the 1960s when the earlier promise of the multiplinary cross-cultural Harvard Values Study Project (begun in 1948) faded in the general critical reaction to the functionalist assumptions involved in most of the

constituent studies. Though the published work which resulted from the Project (F. Kluckhohn and Strodtbeck 1961; Vogt and Albert 1966) produced a good deal of solid comparative ethnography, and some valuable refinements to Parsonian value theory (Spates 1983: 32), these achievements were not enough to keep the topic in the forefront of mainstream research which, following major paradigm shifts, eventually left values and values research in a relatively quiet backwater.

Publications on values since the 1960s, although fairly numerous, have been largely isolated and idiosyncratic (Spates 1983: 39-42). What has kept interest alive has I think, been the assumption (and even perhaps the hope) that values influence behaviour. For example Rokeach, who developed a complex and subsequently much used scale for measuring values turned his later attention to this topic (1971). Similarly the 'hidden agenda' to which Inkeles and Smith refer in the introduction to their mammoth study of individual personality change in five developing cultures (1974), together with work such as that by Kohn (1977) and Schooler (Kohn and Schooler 1969) on value orientations and class, indicate a clear behaviour orientation.

I suspect that it is much the same impetus which has given rise to this seminar - that is, the assumption that values 'somehow' influence or even determine behaviour.

Preston-Whyte is skerp en helder in haar opmerkinge oor die *aanvaarde* verband tussen waardes en gedrag. Sy kies as formele omskrywing van waardes ook Clyde Klukhohn se *conceptions of the desirable* (Par 30) maar hou die begrip verder *oop*, wys alle suggesties van gedrag as waardebepaald af, en stel ook voor watter rigting waardenavorsing behoort in te slaan:

I would suggest that values be regarded simply as a sort of 'intellectual toolbag' - a complex set of interlocking, but by no means necessarily consistent ideas and preferences. For me Kluckhohn's conceptions of the desirable' fits the bill admirably and I offer it as a

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

working definition for the seminar. 'Desirable' indicates that action might follow, but need not do so (either because that avenue of action is blocked or other imperatives intrude in particular situations). In looking at behaviour, the emphasis should be on what is possible and on how different values outrank each other in different concrete situations.

Research would be focussed, following this view, not on values alone, but the complex interplay of values, circumstances and individual choice in action. No presuppositions of a functionalist nature would be necessary in research outlined in this way as the objective of field work would be to see how, and indeed if, the values and the relative importance of the differing values isolated, did change in different contexts and if values did have or, indeed could have, behavioural correlates. The effects of behaviour on value ranking should also be studied.

Par 35

Kluckhohn neem aan dat waardes geïnternaliseer word in die persoonlikheid. Dit beteken dat hierdie konsepsies op twee maniere vasgestel kan word: Persone kan gevra word wat hulle glo hulle waardes is, of die bestaan van sodanige waardes kan afgelei word van mense se gedrag. Ten opsigte van die tweede opsie sê Preston-Whyte:

Kluckhohn also stressed that values were internalized by the actor and could only be inferred by the observer who notes regular behaviour which he (the observer) explains as the result of choices made in terms of the actor's values. This is important, if in my opinion a weak point because it is largely untestable (Black and Davies 1964). It did not however present problems for early functionalist theory which accepted this type of causal relationship fairly uncritically.

068609

Die ironie is natuurlik dat *funksionalisme* van antropologiese oorsprong is; meer presies, dat dit teruggaan tot Radcliffe-Brown en Durkheim se studies van die funksies van spesifiek rites. As ten minste Radcliffe-Brown nog die breër en vaer begrip *sentiment* gebruik het, was die suggestie dat dié sentimente gedrag reguleer, reeds aanwesig. En as dié antropoloog hierdie "regulering" (slegs?) in rites gelokaliseer het, het latere funksionaliste die bepalende uitwerking van waardes op gedrag sondermeer aanvaar. Talcott Parsons het in sy vroeëre werk wel onderskei tussen *motiveringsoriëntasie* en *waardeoriëntasie* en, soos sosioloë doen, eersgenoemde links gelaat vir sielkundiges se aandag. Die blote term waardeoriëntasie bewys egter die reduseing van alle *oriëntasie* tot die werking van waardes en dit is geldig om te veralgemeen dat vir Parsons en sy volgelinge waardes die belangrikste verklaring is vir mense se konformerende gedrag - en die belangrikste enkele waarborg vir samelewingsordelikheid. Preston-Whyte se opmerkinge is daarom hier sinvol:

"Rites can be seen to be the regulated symbolic expression of certain sentiments. Rites can therefore be shown to have specific social function when, and to the extent that, they have for their effect to regulate, maintain and transmit from one generation to another sentiments on which the constitution of society depends (Radcliffe-Brown)."

For 'sentiments' read 'values' in this context - not a difficult or, I think, questionable transference, and one has the anthropological equivalent of the Parsonian stand that values underlie social life and the continuity of social forms. Radcliffe-Brown following Durkheim was, of course, positing a mechanism (ritual) (other than Parsons and Shils' deliberation or unconscious processes) by which socially important values are

included i.e. ritual and symbolism. Some of his followers went fairly far in attempting to demonstrate this connection (Radcliffe-Brown 1922; Richards 1956; Wilson 1957; Turner 1967). A younger generation of anthropologists were to suggest at least some and often all the values which are inculcated in ritual stem from an essentially economic and even ecological base (Piddocke, 1965; Rappaport, 1971; Friedman, 1974). On these views values are by no means a dominating link in the chain of what causes behaviour and, as such, come in only for transitory interest, and that only once the real materialist mainsprings of action have been isolated (Harris, 1968).

Although extremely fashionable in South African anthropology at one time (West, 1979; Pauw, 1980) most current English-speaking anthropologists would I think, be wary of so allcompassing a view of values, ritual and behaviour as that exemplified in the quotation from Radcliffe-Brown given above. Many however, would be willing to accept that symbolism and ritual do indeed tend (if not function) to conceptualize and make easily manifest a wide range of cognitive models and ideas. It is the simplistic link between values ritual and behaviour which I, for one, find problematic.

En as persone gevra sou word wat hulle glo hulle waardes is? Hoe geldig hierdie navorsingstegniek ookal mag wees, is sodanige inligting van beperkte insig - juis omdat die deurwerking van waardes op gedrag nie sondermeer aanvaar kan word nie. Preston-Whyte wys daarop dat só 'n identifisering van waardes (insluitende selfs 'n rangordening deur die respondent van sy waardes) geskied in 'n *eksperimentele* of gedagte-situasie waarin ten minste implisiet gewerk word met die aanname van *ceteris paribus*. *As alle dinge gelyk is, in die algemeen, in die ideale situasie, as dit sou kon, in elk geval* .... - dit is die implisiete aannames waaronder 'n respondent die vraag beantwoord oor wat hy of sy as wenslik beskou. Dit sê ons nie noodwendig watter

waardes eerbiedig sal word in reële, praktiese omstandighede nie.

Par. 36:-

Preston-Whyte besluit:

The point I am making is that choice of values and more important behaviour are essentially contextually based. 'Values' exist as 'conceptions of the desirable' - but they are probably no more than this. What actually affects behaviour (both in the experimental and real life situation) is an enormous range of 'other factors' and even these change from context to context, possible from moment to moment as the individual sums up his total position in the light of all the relevant (and often rapid changing) information.

Values are, I think, only one of many pressures which decide action, and I would not even be prepared to say that they are always amongst the most important. In many real life situations people have no choice, so it matters little what their values are.

For any particular group of people, it is not enough thus to describe or even to rank their 'values' alone: Such a study would be of purely academic interest; important perhaps, but in the pursuance of scientific knowledge, but hardly useful in telling us about 'real life'. A really useful study of values would have to be qualified by an assessment of the degree to which these values could be achieved, and even more important, as assessment of their importance to individuals in different 'real life' social contexts or situations.

# Afdeling E Sosiologie

Par 37

Die onmiddellik voorafgaande paragrawe het verskeie verwysings na sosioloë se werk oor waardes gemaak waarby 'n oorsig van sosiologiese konsepsies van waardes gerieflik kan aansluit. Die waarde-paaie van sosiologie en antropologie het in elk geval dikwels gekruis, indien dié sosiaal-wetenskaplikes nie dieselfde weg bewandel nie. Dit is veral die artikel van Spates (1983) waarna Preston-Whyte verwys het, wat hier van besondere nut is.

Spates bespreek in besonderhede die waardekonsepsie en -teoretisering van Talcott Parsons en sy aanhangers in die periode 1950-1965. Binne die komprehensiewe sogenaamde handelingsteorie en met funksionalisme tot by sy uiterste gevoer, word waardes in hierdie tydperk 'n dominante idee vir die Amerikaans-geïnspireerde sosiologie. Die sosiale (empiriese) en teoretiese (verklarings-) funksionaliteit van waardes bereik 'n verabsoluteerde status wat sosiale teorie en konserwatiewe openbare mening lank ná 1965 sou by bly. Ten minste een Suid-Afrikaanse publikasie het op hierdie golf gery: Ek moes erken (Joubert 1984R) dat die waardekonsep wat in *Die waardekonsep in sosiologiese teorie* (Joubert , 1964) staan gemaak is, *volledig deur die destydse Parsoniese handelingsteorie geïnspireer is; en in 'n*

*orskatting van die teoretiese status van waardes die unksionalistiese interpretasie van maatskaplike ordeikheid, en die binding van die handelingsisteme, tot 'n bsolutistiese uiterste gevoer het.*

it is 'n toelaatbare veralgemening om te praat van die arsoniese waardekonsepte en waardeteorie - selfs *waaretradisie*. Wat hierdie tradisie uit die mode laat aan het, was die toenemende kritiek teen funksionalisme s teoretiese benadering, en, ironies genoeg, Parsoniane e onsuksesvolle (maar ook onnodige) aandrang dat handeingsteorie empiriese teorie is of moet wees. Hoe bstrak Parsoniese teoretisering ook al was, is die eis at geldigheid (*validity*) uiteindelik op empiriese erfikasie moet berus, gehandhaaf. Ook deur Parsons elf, wat meer as enige ander sosioloog die beperkings n (epistemologiese) spanninge van empirisme ingesien en robeer oorkom het. Op die ou end is die verwyt ten psigte van abstrakte teoretisering ook en veral teenoor aardes gehandhaaf: dit kan nie deur empiriese navorsing ewys word nie. Onbewus - of onoortuig - dat empirisme aar een wetenskapsbeskouing is, en waarneming maar een rond vir validasie vir (een tipe) teoretisering, het avorsingsempiriste die Parsoniese waardeteorie afgekryf as *unresearchable*. Dit is egter nodig om effens erug te gaan in sosiologie se waardegeskiedenis.

ar 38

ir die Europese klassieke sosioloë, by name Durkheim en eber (om Comte en Marx nie te vergeet nie) was waardes

'n sleutel tot samelewingsbegrip - hoewel die inhoudelike konsepsies en teoretisering van waardes by hulle baie verskillend was. In die Nuwe Wêreld moet as eerste *waarde-teoretici* genoem word Small, Giddings, Sumner en Thomas en Znaniecki. Parsons het sy insigte in waardes egter in Europa gaan haal. *The structure of social action* (1937) het op die werk van Marshall, Pareto, Durkheim en Weber 'n interpretasie van *normatiwiteit* staan gemaak wat alle skrywes oor norme en waardes na skoolopstelle laat lyk het. *After publication of Structure*, sê Spates (1938: 30), *the idea that values might be a controlling factor in social life took on a life of its own in American sociology*.

Die uitbou van 'n gesofistikeerde waardekonsepsie en -teorie is voorberei deur twee suggesties van Parsons self: In aansluiting by vroeëre filosofiese gebruik het die eerste sosiaal-wetenskaplikes van *waardes* gepraat in die oorspronklike Latynse betekenis van *waardevol (valere)*. Ook Thomas en Znaniecki (1921) het 'n muntstuk, 'n gedig en 'n mite as voorbeelde van *waardes* aangegee. Hieraan het Parsons 'n einde gebring. Waardes sou slaan op: *An element of a shared symbolic system which serves as a criterion or standard for selection among the alternatives of orientation which are intrinsically open in a situation* (Parsons: *The social system*, 1951: 12).

Tweedens was daar die idealistiese projek van 'n geïntegreerde sosiaal-wetenskaplike teorie van handeling. In 1951 word *Toward a general theory of action* gepubliseer waarin Parsons die medewerking verkry van medeso-

sioloog Shils, antropoloë Clyde Kluckhohn en Sheldon en die sielkundiges Tolman, Murray, Sears en Allport. Dit is in *General theory* waar Kluckhohn se formele waardedefinisie die eerste keer verskyn het, (*A value is a conception, explicit or implicit, distinctive of an individual or characteristic of a group, of the desirable which influences the selection from available modes, means, and ends of action.*), en *with few exceptions (e.g. Morris 1956), this has been the primary orienting definition in sociology ever since* (Spates 1983: 30).

Par 39.

Wat is, presies, Parsons se waardekonsepsie en waardeteorie? Ten minste drie oorwegings maak 'n kort antwoord op die vraag onmoontlik: Die omvang van Parsons se publikasies, die vlak van abstraksie wat daarin gehandhaaf word; en die interne ontwikkeling wat oor tyd in Parsons se teoretisering plaasgevind het. In Afrikaans is die mees volledige verkenning van Parsons se waardekonsepsie steeds my 1964 werk. Vir huidige doeleindes lyk dit vir my gepas om die volgende te stel:

'n Eerste aanduiding van die belangrikheid van *waardes* staan in Parsons se omskrywing van sosiologiese teorie - in *The social system* (1951: 552).

Sociological theory, then, is for us that aspect of the theory of social systems which is concerned with the phenomena of the institutionalization of patterns of value orientation in the social system, with the conditions of that institutionalization, and of the changes

in the patterns, with conditions of conformity with and deviance from a set of such patterns and with motivational processes in so far as they are involved in all of these.

Tien jaar later skryf Parsons in *Structure and process in modern societies* (1960: 20) *The main point of reference for analyzing the structure of any social system is its value pattern.*

In *Family, socialization and interaction process* (1955: 357-8) het Parsons die strategiese plek en funksie van waardes vir die handelingsisteme; kultuur, sosiale sisteme en persoonlikheid, as volg verduidelik:

Personalities and social systems are ... differently organized about different foci of integration and have different relations to the sources of motivational energy ... (but) they are literally 'made of the same stuff'; ... They are not merely interdependent, they interpenetrate. Above all, it is important that the focus of organization of both types of system lies in certain aspects of the relevant culture patterns, namely the value-systems which have been institutionalized in the social system, internalized in the personality system. Moreover, these are not merely the 'same kind' of cultural values, they are literally the same values, looked at and analyzed in terms of different system references.

But neither a personality nor a social system is merely a 'realization' of these values in the sense of emanation; it is an organization of action or behaviour which is based on commitment to these values, but which must face the complex exigencies to which a system of action is subject in the real world; adaption to its situation, adjustment to scarce and uncertain opportunities for goal gratification, integration of its own sub-units, and maintenance, as a realistic process, of the integrity of the value pattern itself over time, including management of the motivational tensions which threaten to disrupt it.

The fundamental facts here are that both personalities and social systems are organized about systems of internalized-institutionalized values, which are the same for both, and that these are realistic systems of action, not merely values 'expressing themselves'.

Par 40

Dit is nodig om verdere opmerkinge te maak oor wat vroeër genoem is die teoretiese status van waardes by Parsons. Van hulp is hier Johnson, Dandeker en Ashworth (1984) wat Parsons se werk krities bespreek as 'n voorbeeld van 'n teoretikus wat binne *empirisme* teoretiseer en (onsuksesvol) probeer om van die beperkinge van dié denkruimte weg te kom. Deur Parsoniese teorie vanuit hierdie hoek te bekyk, is dit moontlik om suggesties te ontwikkel wat ook in DEEL DRIE opgeneem kan word in die onderskeiding van verskeie modes van analise van waardes.

Johnson *et al* (1982: 45-46) skryf:

The significance of Parsons for (a) discussion of empiricism lies in the fact that in the course of the construction of his theoretical project he confronts each of (the) tensions within empiricism. The solutions he seeks are at the same time attempts to sustain and save empiricist strategy while recognising and attempting to define its relations with other strategies, particularly subjectivism and rationalism.

Parsons was particularly critical of the atomistic, individualistic tendencies of empiricism, while maintaining the empiricist focus on material conditions, and the method of verification as one means of theory validation.

Parsons takes from idealism its stress on values in developing a theory of action which is capable of accounting for social order, but rejects its neglect of material conditions of action and its assertion that the fact that human interaction is meaningful renders an objective social science impossible.

Bostaande uitsprake is die agtergrond (ondergrond) vir verskeie teoretiese probleme i.v.m. waardes by Parsons: (i) As materiële omstandighede of *the complex exigencies to which a system of action is subject* (Par 39) nie ten koste van die werking van waardes geïgnoreer mag/kan word nie, hoe moet dit verklaar word dat Parsons uiteindelik geen sistematiese/sistemiese voorsiening maak in sy teoretisering vir die akkommodasie van hierdie materiële omstandighede nie? Anders gestel, hoe versoen 'n mens die erkenning van die belang van *materiële* omstandighede met Parsons se (verbasende) uitspraak in *Societies evolutionary and comparative perspectives* (1966: 113): *I am a cultural determinist, rather than a social determinist.*

(ii) As maatskaplike ordelikheid op sisteem of samelewingsvlak (grootliks) verklaar word deur die bestaan en werking van 'n sisteem van samelewingswaardes, hoe moet enkelinge se beslissings oor en aktivering van waardes verstaan word? *Parsons is attempting to construct a theory that focuses at one and the same time on the choosing yet constrained actor. Yet in order to account for social order in systems of units acts he appeals to a common value system which provides the 'answers' to the actor's dilemmas in choosing courses of action in social situations. The choosing actor, therefore, implements existing common values rather than sub-*

*jectively constructing them; that is, constituting an agency of their transformation. In what sense does such a schema allow for choice, or voluntarism?* (Johnson *et al* 1984: 52).

(iii) As waardesisteme die (klaarblyklike) kern van kultuur is, en laasgenoemde (eksplisiet) determinerend werk in die versekering - en verklaring - van maatskaplike ordelikheid, hoe moet sosiale verandering, kulturele verandering en verandering van waardes self verklaar word?

Hierdie is nie oorspronklike vrae of nuwe kritiek op Parsoniese teorie nie. Dit is vrae en kritiek wat lankal en herhaaldelik gestel is. Ek meen daar is ook konsensus onder kritici dat hierdie probleme te herlei is na Parsons se oorgang vanaf 'n fokus op handelinge tot 'n konsentrasie op sisteme, 'n oorgang vanaf aandag aan prosesse tot aandag aan strukture. Anders gestel, is die teoretiese probleme van die akteur/sisteem-problematiek nóg in die oorspronklike *voluntaristiese* handelingsteorie, nóg in die uiteindelike sisteemteorie werklik "opgelos". Die suggestie van Johnson *et al* (1984) is meer as interessant; dit is insiggewend: Parsoniese denke bly sit met hierdie drie probleme in die verklaring van ordelikheid én waardes omdat dit in die laaste instansie nie buite die denkruimte van die empirisme wil gaan nie.

Par 41

Die suggestie dat Parsons nooit volledig afskeid geneem

het van die voluntaristiese interpretasie van handeling nie, en dat spesifiek die verhouding enkeling/waardesisteem ook nie in sy struktureel-funksionalistiese sisteemteorie bevredigend verklaar word nie, kan gesubstansieer word deur te kyk na die twee teoretiese skemas wat sentraal staan tot die twee "fases" in Parsons se teoretisering. Die skemas is die sogenaamde patroonveranderlikes (pattern variables) en die sogenaamde sisteemprobleme of sisteemvereistes (AGIL). Die patroonveranderlikes het alles met waardes te doen: Parsons (en ander sosioloë) gebruik hierdie skema as kategorisering vir waardes of waardesisteme.

Die patroonveranderlikes is ontwikkel uit Parsons se *formule* dat handeling verstaan moet word in terme van akteurs se oriëntasie tot situasies. (Let daarop dat die vlak van analise hier die interaksie van enkelinge is.) Akteurs sou in hulle oriëntasies (vir handeling) voor vyf digotomiese *dilemmas* gestel word ten opsigte waarvan hulle keuses moet maak. *A pattern variable is a dichotomy, one side of which must be chosen by an actor before the meaning of a situation is determinate for him, and thus before he can act with respect to that situation* (Parsons en Shils, 1954: 77). Oorspronklik is die volgende patroonveranderlikes onderskei:

1. *Affectivity vs. affective neutrality*
2. *Self-orientation vs. collectivity-orientation*
3. *Universalism vs. particularism*
4. *Ascription vs. achievement*
5. *Specificity vs. diffuseness.*

Die eerste dilemma dwing 'n keuse af tussen onmiddellike bevrediging, en, die agname van evaluatiewe oorwegings wat sodanige bevrediging onmoontlik maak.

Patroonveranderlike Pv 2 maak dit duidelik dat dissiplinering deur evaluatiewe oorwegings gerig kan wees op òf ego se private doelstellings en belange, òf dié van 'n groter kollektiwiteit.

Gegee die beslissings ten gunste van dissiplinering en 'n keuse vir self- of kollektiwiteitsbelange, moet ook besluit word of ander persone in die situasie almal "oor dieselfde kam geskeer" gaan word, dit wil sê universalisties beoordeel gaan word; of, verskillend, dit wil sê partikularisties behandel gaan word op grond van besondere verhoudings tot die akteur.

By Par 4 moet die akteur besluit of hy 'n alter in die situasie gaan behandel as iemand wat sekere kwaliteite het, dit wil sê in terme van wat alter is, of as 'n persoon wat tot sekere prestasies in staat is.

In terme van Par 5 kan alters vir ego betekenisvol wees in 'n bepaalde rol of rolle; óf die betekenis kan diffuus wees, ongekoppel aan 'n bepaalde rol of hoedanigheid.

In antwoord op kritiek van Robert Dubin en ander skrywers het Parsons in 1960 in die bekende artikel *Pattern variables revisited* sy formulerings gewysig en vir koppeling van die patroonalternatiewes met waardeoriëntasies in effek Pv 2 laat val; Pv 3 en 4 as meer *funda-*

*menteel* verklaar as Pv 1 en 5; en deur 'n kruiskombinasie van Pv 3 en 4 gekom tot vier basiese waardeoriëntasiepatrone: Universalisties-prestasie; universalisties-kwaliteit; partikularisties-prestasie; en partikularisties-kwaliteit. Voorbeelde van die eerste patroon sou wees *pragmatisme*, van die tweede: *idealisme*; vir derde patroon is die *Klassieke Chinese kultuur* en vir die laaste een *Spaans-Amerikaanse samelewings* as voorbeelde aangegee. Parsons het volgehou dat die vyf patroonveranderlikes generies, universeel en daarom transkultureel is.

Ek meen dat dit geldig is om die volgende opmerkings te maak: (i) Die patroonveranderlikes is nie sistematies ontwikkel uit 'n enkele postulaat oor handeling nie. (ii) Die wyse waarop Parsons self (in *The social system* (1951) die Pv's verduidelik, suggereer 'n volkome rasionele beslissingsproses wat elke handeling sou voorafgaan. (iii) Pv 1 kan opsigself geen waardeoriëntasie wees of suggereer nie; dit is slegs 'n oorweging van inagname van waardes hoegenaamd. (iv) Pv 2 móét buite rekening gelaat word omdat alle waardes kollektiwiteitsgeoriënteerd is. (v) Pv 5 se keuse tussen spesifiekheid/diffuusheid ten opsigte van ander se rolle is klaarblyklik 'n situasiebepaalde oorweging, kwalik 'n algemene ingesteldheid. (vi) Dit is daarom logies dat alleen Pv's 3 en 4 geskik is vir gebruik in 'n kategorisering van waardes. (vii) Dit is betekenisvol dat Parsons in 1961 die Amerikaanse waardestelsel slegs tipeer as *instrumental activism*. (viii) Uiteindelik help die patroonveranderlikes dus baie min in 'n sinvolle kategorisering van waardes.

Par 42

Die bekende AGIL skema wys vier sisteemprobleme aan: *Adaptation, Goal-attainment, Integration and Latent pattern maintenance*. Hoe pas hierdie skema met dié van patroonveranderlikes? Die antwoord is dat dit nie pas nie. Johnson *et al* (1984: 57-58) lê die vinger baie presies op die teoretiese probleem:

> The first of the problems that emerges as Parsons moves from action to system is that the two elements of his system analysis - the patterns variables and the AGIL schema - do not match. For while patterns variables express a choice available to the actor in any situation, the functional prerequisites of action systems dictate that only certain types of action-orientation will successfully meet these system exigencies. For example, Parsons argues that in the adaptive sphere, action-orientations will tend towards the universalistic and specific. In short, the choice which is essential for Parsons' voluntarism is curtailed. There is ... a contradiction between the 'variables' which are conceptualised from the standpoint of the actor facing the system, and the AGIL schema in which the reverse is true.
>
> The question arises, is it possible to derive from those elements in *action*, the elements necessary for the analysis of *social systems?* Parsons' attempt to see the relationship of system environments as, in principle, derivable from the actor-situation relationship, is, in the end misconceived. One unacceptable consequence is that the system, with its goals and motivations (sic), is treated by Parsons as though it was an actor. In fact, the only properties enjoyed by a social system which are not present in the unit act are the mechanisms securing social solidarity or integration. According to Parsons the only difference between an actor in his situation and a society in its environment is that a society requires some means of holding itself together: namely, value integration. (Kursivering aangebring.)

Parsons korreleer die sisteem-probleme/vereistes/funksies met vier subsisteme van handeling:

| | Sub-systems of action | Functional primacy |
|---|---|---|
| High information Low energy | Cultural system | Latency |
| | Social system | Integration |
| Low information/ High energy | Personality system | Goal attainment |
| | Biological system | Adaptation |

Hierdie teoretisering maak die vraag na die plek en werking van waardes alleen maar meer akuut. Anders gestel: Waar kom waardes vandaan en, wat is die presiese wyse van inwerking van die kulturele sisteem/waardesisteem op die ander handelingsisteme - gesien die uitspraak *I am a cultural determinst, not a social determinist?*

Vir Parsons ontstaan waardes uit die kulturele sisteem, nie uit die prosesse van sosiale interaksie nie:

In Parsonian systems analysis, then, cultural determinism is secured through the operation of such values in social roles and through their internalisation by the actor as need-dispositions. Elements of action that are high in energy and low in information are controlled (determined) by elements that are low in energy and high in information. In effect, one of the foundations of Parsons's voluntarism, the 'will' or 'energy' of the actor, is subordinated to the controlling function of culture. These values have a source outside the social, yet secure the possibility of social integration. Parsons arrives at a position in which, as he asserts, he has become a cultural determinist. The question remains, however, what is the source of these external values? (Johnson *et al* 1984: 59-60).

Iemand sou kon sê dat kultuur en sosiale sisteem albei *teoretiese ruimtes* is en dat dit (daarom) nie saak maak of waardes in die een of ander ander ruimte gelokaliseer word of ontstaan nie. Só 'n opmerking begryp klaarblyklik nie die aard en funksies van teoretisering nie. Die ontstaan en werking van waardes kan nie anders verstaan en verklaar word as deur teoretisering nie. Die probleem in Parsoniese denke is dat die handelingsisteme tot só 'n mate geabstraheer is, waardes tot so 'n mate verabsoluteer is, en kultuur so ver gereïfieer is, dat ons bly sit met 'n logiese of teoretiese kulturele determinisme ten opsigte van kultuur en waardes wat volledig oninsigtelik is oor die proses van konseptualisering en implementering van waardes deur enkelinge in konkrete handelingsituasies. Parsons se sisteemteorie verklaar nie die *skepping* of *generasie* van waardes in aanwysbare, alledaagse handelingsituasies nie. Waardes word nie situatief gekonstrueer in interaksiesituasies nie en die enkeling het nie werklik 'n keuse tussen verskillende waardes nie. Die waardemoontlikhede is nie *oop* soos die oorspronklike definisie van waardes (Par 38) nog toegelaat het nie. Die prosesse (meganismes) wat waardetoepassing (aktivering) verseker, is by Parsons internalisering en rolspeling. Deur sosialisering en kennis van rolverwagtings wéét die enkeling wat korrekte waardes is, is hy of sy gekompromiteerd om hulle te kies en toe te pas. Dit is die aksent van waardedeterminisme op persoonlike handelingsvlak. En hierdie determinisme volg logies/teoreties uit Parsons se verregaande funksionalisme: Vir samelewingsordelikheid is die bestaan en werking van 'n waardesisteem voorvereiste. Sy teorie postuleer die bestaan van

so 'n waardesisteem - in kultuur. Laasgenoemde determineer in terme van die superieure informatiwiteit die (informatief-) ondergeskikte handelingsisteme, wat beteken dat: (i) die energie, wil en emosionele ingesteldheid van die enkeling, asook die besondersheid van die situasie, geïgnoreer word; en (ii) dat die idee en kennis van waardes genoegsame waarborg is vir waardetoepassing en waardekonforme handeling. En hierdie waardetoepassing verseker die standhoudendheid van waardes, nie primêr as onderdeel van enkelinge se (konstante?) normatiewe gemotiveerheid en gekompromiteerheid nie, maar primêr omdat waardestandhoudendheid voorwaarde en waarborg is vir samelewingsordelikheid. Waardes is fundamenteel omdat hulle funksioneel is vir samelewingsordelikheid - 'n standpunt waarmee *die algemene publiek* sal saamstem, maar wat ons niks sê oor die daadwerklike werking van waardes in werklike handelingsituasies nie.

Parsons gaan selfs een stap verder: *Bo* kultuur is daar *ultimate reality* - en dit is die uiteindelike bron van waardes. Die idee van 'n transendente ruimte *bo* kultuur staan eksplisiet in Parsons se werk oor die evolusie van samelewings - *waardeveralgemening* synde die evolusie-beginsel van toenemende aanpassing by die "omgewing", toenemende integrasie en toenemende konsensus oor normatiewe patrone. Tereg sê Johnson *et al* dat Parsons waardes dus uiteindelik lokaliseer in religie. Die eenvoudige sosiologiese insig dat religie deel is van kultuur en dat die idee van 'n bonatuurlike ruimte en wesens 'n kulturele produk, opvatting of projeksie is, vind Parsons blykbaar nie goed genoeg nie. Durkheim

se sosiologiese verklaring van die idee van 'n godheid as 'n projeksie en transendente verpersoonliking van samelewingswaardes deur 'n proses van sosiale simbolisering - ook dít is vir Parsons blykbaar teoreties nie voldoende nie. (Wie vir Toynbee beskuldig het van 'n uiteindelike *theodicy* van die geskiedenis, sou ook Parsons moes lees!).

Om Johnson *et al* (1984: 60 en 65) nog een keer aan die woord te stel:

Parsons clearly refers to the source of such values as 'unknowable', and therefore commits himself to the view that they are essentially religious categories - 'ultimate reality' or to put it another way, they are God-given. On occasion he appears to accept Weber's position that values derive from the inspirational qualities of actors; they have their source in charismatic leaders. However, this is a position that cannot co-exist with the Durkheimian commitment to a prior common value system. Whatever their origins (and it is clear that Parsons has here moved into an idealist position), whether values persist depends upon the degree to which they facilitate adaptation and goal attainment. This functional explanation of why values survive is fundamental to Parsons' analysis of the nature and conditions of social change in society: his 'social evolutionism'.

In Parsons, the crucial directive features of social structure (i.e. what causes it to change in certain directions) remain obscure except as a general and ambiguous problem of the relations between cultural innovation (idealism) and adaptive effectiveness (materialism). Ironically, the incoherence at the core of Parsons' theory is the old chestnut of the ideal-material duality - in short, the dualism that exists in all empiricist locations remains unresolved.

The functional prerequisites combined with the cybernetic hierarchy, which insists on the controlling and, thereby, determining role of culture, are the elements through which Parsons imposes a theoretical determinancy on functionalism.

Par 43

Uit al die voorafgaande behoort dit duidelik te wees dat die hoogs gesofistikeerde en komprehensiewe sosiaalwetenskaplike teorie van handeling van Parsons twee kernbelangrike aspekte van die werking van waardes nie bevredigend kan verklaar nie: Die proseswerking van waardes in eenvoudige en alledaagse handelingsituasies, en, die relatiewe belang van waardes teenoor ander samelewingskomponente. Anders gestel: Niemand het meer moeite gedoen as Parsons om waardes as oorwegings in handelingsituasies en waardes as *kultuurgoedere* bymekaar uit te bring nie. Die poging was ongelukkig onsuksesvol.

Die vraag wat ontstaan is 'n metodologiese een: Kan sisteemteoretisering die werking van waardes in persoonlike handelingsituasies verklaar? In verdere Afdelings sal geredeneer word dat dit nie kan nie. Maar ook dat dit nie hoef nie, omdat 'n verklaring van wat in 'n handelingsituasie plaasvind, en sisteemteorie, twee verskillende modes van analises is, ook en veral ten opsigte van waardes. En, dat die belangrikste verskil tussen die twee modes van analise geleë is in die validasiekriteria: die vraag na die noodsaaklikheid en graad van empiriese verifikasie.

Par 44

Tydens die Seminaar het ek 'n eie sosiologiese waardekonsepsie voorgestel wat aansluit by verskeie van die aksente in die voorafgaande paragrawe:

(a) Waardes (of waardeoriëntasies) as normatiewe komponente in mense se denke en optrede, is konsepsies wat hulle het van wat algemeen wenslik is in menslike en intermenslike optredes en verhoudings.

(b) Die onderskeiding tussen 'handelingsisteme': kultuur, maatskaplike sisteem (samelewings en ander kollektiwiteite) en persoonlikheid, is 'n onmisbare teoretiese onderskeiding vir die sosiale wetenskappe. Dit is logies, teoreties en 'navorsingstegnies' sinvol om waardes te lokaliseer binne hierdie drie teoretiese ruimtes of vlakke.

(c) In die praktyk en in navorsing sou die inhoud en voorkoms/frekwensie van waardes vasgestel kon word deur: persone te vra na hul waardes; daadwerklike interaksiepatrone in maatskaplike kollektiwiteite/groeperinge te ontleed om onderliggende waardes te identifiseer; (gedokumenteerde) manifestasies van kultuur te ontleed om (in abstrahering) mees algemene wenslikheidsopvattings aan te wys.

(d) In die ruimtes of vlakke van persoonlikheid, kollektiwiteit en kultuur kan waardes funksioneer as rigtinggewende beginsels by evaluasie, beslissings, gekompromiteerdheid (*commitment*) en regverdiging ten opsigte van bepaalde optredes en verhoudings.

(e) Die feitlikheid van die presiese wyse van sodanige funksionering van waardes sal uiteraard deur 'n ondersoek van bepaalde situasies van: evaluasie, beslissing, kompromittering en regverdiging - en daadwerklike gedrag - vasgestel moet word. Die graad van feitlikheid en presisering (van die werking van waardes) is uiteraard afhanklik van die wetenskaplike mode van analise wat in die bepaalde ondersoek aangewend word.

(f) Waardes is nie gelyk te stel aan norme nie. Daar word aanvaar dat maatskaplike normatiwiteit op verskillende vlakke van algemeenheid voorkom en funksioneer. Waardes word gesien as mees algemene normatiewe oriëntasies, rigtinggewende beginsels wat nie soos norme, wette, rolvoorskrifte of tegniese regulasies optredes spesifiseer nie.

(g) As oriëntasies, is die presiese inhoud van, of die terme waarin waardes uitgedruk word, grootliks 'n funksie van mode van analise, navorsingsprosedures en -tegnieke.

(h) Dat waardes in persoonlikhede 'geïnternaliseer' word, is deel van 'n bepaalde voorstelling van die proses van sosialisering. Dit is wys om die graad en presiese wyse van internalisering van waardes as empiriese kwessie te laat vir sielkundige navorsing.

(i) 'n Oorbeklemtoning van internalisering van waardes is gewoonlik onderdeel van sosiologiese teorieë wat maatskaplike ordelikheid primêr verklaar in terme van die werking van waardes. Hierdie teoretiese benadering moet afgewys word as onnodig, eensydig en uiteindelik onrealisties.

(j) Waardes is een veranderlike in mense se opvattings en optredes. As konsepsie van die wenslike is die inhoud en presiese werking van waardes, soos dié van alle *konsepsies*, besonder moeilik om vas te stel. Dit is vanselfsprekend dat daadwerklike gedrag deur talle ander veranderlikes of oorwegings beïnvloed word.

(k) Die suggestie van verskeie skrywers dat waardes nie in isolasie nie, maar in konteks en verband met ander gedragsveranderlikes of oorwegings bestudeer en nagevors moet word, is sinvol. Net: die presiese én betreklike invloed en rol van waardes in menslike sake is nog moeiliker om vas te stel.

Par 45

As in Parsoniese teorie die feitelike werking en teoretiese status van waardes oorbeklemtoon word, sou 'n mens ook kon sê dat Parsons se waardebeskouing onderdeel is van sy samelewingsbeskouing. 'n Samelewingsbeskouing waarin die werking van politieke mag, ekonomiese belangegroepe en, uiteindelik, klasse nie tot hul feitlike of teoretiese reg kom nie. 'n Samelewingsbeskouing wat in hierdie verband veel meer gebalanseerd is, is dié van die Franse sosioloog Alain Touraine. Omdat Touraine

ook baie presies formuleer ten opsigte van waardes, is dit die moeite werd om hom hier uitvoerig aan die woord te stel:

The word (values) is dangerous because it designates a hodgepodge of cultural orientations, social rules, and ideology. The bearer of values is always a precise social actor and he is conscious of his values. To think in these terms is to accept the established order, to exclude from analysis the relations of power.

To analyze a society beginning with its values - that is, expressed, hence dominant, values - is not only to turn things upside down but to ideologically take sides with the ruling class. This is why the crisis with the notion of values must bring along with it research on ideological conflicts, on oppositions of values within society; for values never escape rupture by class conflict, at the same time as they surpass it to the extent they attach themselves, however indirectly, to cultural orientations which are the stake of social struggles (Touraine, 1981: 79).

All sociology of values must be rejected, but this cannot be achieved by treating society as simply an apparatus of domination, since that would oblige us to presuppose the existence of some metasocial, natural order in the name of which that judgement was made; nor can it be achieved by limiting ourselves to a pragmatist vision of society, as though a dominant social order, seeking to impose and reproduce itself, did not exist. The central problem of sociology is to understand how a society rests upon a set of orientations while at the same time being directed and organized by power, how it is one and also double, historicity and class relations.

The notion to which classical sociology always returns is that of values. But all forms of research into social interactions lead us away from values. Must I recall that political sociology and organizations theory have shown us that decision systems - at least in our type of society - are not the application of principles but the result of transactions, a fact that recognizes a certain heterogeneity of the interests confronting one another? It is of strategies and interests that we ought to speak in this area, not of values.

What then is a society's system of values? On the highest level it is the unity of a discourse held by the ruling classes or by the ruling political forces of a society, a discourse whose function is to identify forms of social organization with technical activity, by combining both within the notion of values. Social power presents itself then as the spirit or soul of society, and claims that all social conflicts are played out within a general consensus.

The system of values is nothing other than a more or less coherent ideology, always bound up with social categories possessing a certain power, which is to say the capability of defining the activities and gratifications of society's members as a whole in terms of their own objectives and representations.

But this ideology does not completely determine the categories of social practice. It exercises a dominion over what may be termed society's discourse; it does not provide an account of all its aspects.

It is also an ideological operation that makes possible the assertion that a society is governed by a coherent body of values. Are the industrialized societies universalist while the rest are particularist? A totally arbitrary assertion.

This double reduction, of society to a central actor, and of actors' orientations to a unified system of values, leads to a third limitation and distortion of sociological analysis: it refuses to step outside the area illumined by the institutions. What is not in conformity with the rules of those institutions is termed disorganization, marginality, deviance, anomie. At no point does it occur to this sociology to topple the official image of society and challenge the established order in the name of all that does not conform to it.

This ... classical sociology is now under attack from two different sides: on the one hand by a sociology more responsive to social change and the mechanisms of decision making that orient it; on the other, by a critical sociology that draws attention to the presence in the social order of a construction serving the purpose not

of values but of the dominant class. I am returning here, having dealt with a sociology of values, to the role played by a sociology of decisions and a sociology of controls (Touraine, 1977: 5 en 40-42).

Par 46

Hoe verskil Touraine se samelewings- en waardebeskouing van dié van Parsons en ander funksionaliste? In kort soos volg:

(a) Waardes is ook, en juis, as konsepsies van die wenslike, uiteindelik algemene, diffuse *normatiwiteite* en die skeidslyne tussen *waarde, norm, reël* en *ideologie* is baie dun.

(b) Voorrang aan waardes en 'n (teoretiese) geloof aan die bestaan van 'n dominante en determinerende waardestelsel, ignoreer of onderskat die feitlike werking en teoretiese status van politieke mag en sosiaal-ekonomiese werklikhede. (Tereg het Preston-Whyte (Par 36) opgemerk: *In many real life situations people have no choice, so it matters little what their values are.*)

(c) Die opvatting van 'n dominante, determinerende waardestelsel is nie net inherent ideologies nie; dit bevorder ook die (gekose) ideologie.

(d) Om die geloof of idee van 'n dominante, determinerende waardestelsel te vervang met die geloof of idee dat samelewingsordelikheid volledig of primêr deur mags- (en/of ekonomiese) verhoudings verseker word, is ewe-eens eensydig en sosiologies naïef. Sosiologie se sentrale probleem bly die verstaan van die gelyktydige werking en wisselwerking van waardes en magsverhoudings. Slegs wanneer normatiewe opvattings én magswerklikhede verreken word, kan (ook) die historisiteit van samelewingstruktuur tot sy reg kom.

(e) Dit is veral wanneer interaksie en beslissings in aanwysbare handelingsituasies ondersoek word, dat *waardes* as rigtinggewende beginsels "wegraak". Politieke en organisatoriese beslissings, sê Touraine, is nie die toepassing van *beginsels* nie; hulle is die resultaat van *transaksies*, onderhandeling in terme van strategieë en belange.

(f) *Waardesisteem* is uiteindelik 'n ideologie vir dié kollektiwiteite wat vanuit 'n magsposisie 'n voorstelling van *die samelewing* voorhou wat hulle belange en doelstellings pas.

(g) Hoe spesifiek of omvattend ookal gedefinieer, is die tipering van 'n hele samelewing in terme van een of vyf *basiese waardes* 'n leë tipering - wat iets sê van sekere kollektiwiteite se ideale vir die betrokke samelewing, maar bitter min oor die werklikhede van daardie samelewing.

(h) Sosiologiese insig in samelewings se struktuur en werking kom deur 'n ondersoek van patrone van beslissings en beheer, nie deur 'n postulering van of pleidooi vir waardes nie.

Par 47

Parsoniese waardeteorie het grootliks teorie gebly - in die populêre konnotasie van *teorie*. Meer presies: Navorsing oor waardes wat op 'n meer *empiriese* vlak aangepak is, het nie probeer om die teoretiese status van die Parsoniese waardesisteem te *bewys* nie. 'n Aantal studies het wel binne die funksionalistiese raamwerk oor waardes gewerk en sommige het eksplisiet Parsons se opvattings betrek. Spates (1983: 34) noem hier die volgende skrywers:

Kahl (1965) measured the 'achievement orientation' as conceived by Parsons (cf. Scanzoni, 1967), Marsh (1965) looked at universalistic and achievement values in American and Chinese elites, Fallding (1965) suggested a reconceptualization of Parsons' approach to values, Baum (1968) looked at the specific cultural values of Imperial Germany, Namenwirth & Bibbee (1976) examined Parsons' concept of value change by analyzing American political party platforms from 1844-1964, and Spates (1976) looked at instrumental and expressive values in dominant and countercultural media in the United States,

Canada, and England. Regarding other aspects of the theory, Jackson (1974) examined F. Kluckhohn's value orientations in two American subpopulations, Crawford & Curtis (1979) surveyed specified cultural values in Canada and the United States as a test of Lipset's (1963) thesis, and Dearman (1974), Christenson & Yang (1976), and Christenson (1979) analyzed various American populations using William's shema of American values. All told, this is not an impressive record given functionalist value theory's prominence and given that, from 1975 tot 1982 alone, the sociological literature lists well over 400 studies of values.

In 'n oorsig van sosiologiese waardestudies deur 'n inhoudontleding van inskrywings in *Sociological Abstracts* van 1953 tot 1966, het Barnsley (1972: 229-255) veral aandag gegee aan wat hy noem *patterns of research*. Dit is die moeitewerd om Barnsley se belangrikste gevolgtrekkings te stel:

First, the most preparatory analysis of the literature indicated the central and pervasive place occupied by the concept of 'values' in sociological thought and enquiry (p. 249).

Secondly, our evidence indicates the existence of both a distinctive patterning of references on values by subject category and also definite trends in choice of subject matter over time (p. 249).

In terms of our major categories, the most represented fields of enquiry were, in order, those of: 'sociology: history and theory'; 'culture and social structure'; 'the family and socialisation'; and 'social differentation'. The first two of these categories accounted together for over one-quarter (27 per cent) of the total number of references on values. As these are the most general categories, summing up the field of sociology as a whole, we may take this to indicate the centrality of the concept of values to the overall perspective of sociology. It indicates also that the foremost attention to values in sociology has been a conceptual and

theoretical one. As a number of writers have observed, American sociology in particular, though not exclusively, has tended to stress the theoretical importance of social values, and most particularly of, consensual values, for both the integration of social systems and also for our understanding of them (pp. 232-233).

In contrast, 'the family and socialisation' and 'social differentiation', the categories which rank respectively third and fourth, represent the first substantive fields of enquiry. The larger part of these studies were empirical rather than conceptual. Together they accounted for approximately one-sixth (16,5 per cent) of the total sample. 'Social differentiation', which includes the familiar concept of 'class, status, and power', as well as the sociology of occupations, encompasses a field of research that has traditionally been an important one in sociology (p. 234).

Taken together the various items adumbrated may be said to inter-relate to form a more-or-less distinguishable style of social research, with its own characteristic virtues and deficits. It is, for example, very much within the tradition of 'analytic', as opposed to 'holistic', sociology, and as such probably reveals its Western origins. It would also seem that a number of the content characteristics described reinforce one another in various ways. For instance, the predilection, in both empirical research and methodological theory, for survey techniques over other methods would appear to be encouraged by the concentration of research attention upon samples of students and school children, with their frequently higher levels of articulateness and greater amenability to verbal reasoning ... (pp. 249-250).

Further, the static and ahistorical character of most survey methods surely itself accounts in part for the relative neglect of diachronic analysis and the study of social processes (p. 250).

Similarly, the tendency to select the individual as the modal unit of analysis finds its parallel in the very individualism of traditional survey methodology, since, whatever the context, only the individual can be interviewed or given questionnaires (p. 250).

## Afdeling F Verdere Voorbeelde van Waardestudies

Par 48

Dit is die moeite werd om nog enkele waardestudies met eie konsepsies, kategoriserings en gevolgtrekkings ten opsigte van waardes, kortliks saam te vat. Dit is voorbeelde van werk oor waardes wat nie in die voorafgaande genoem is nie, of nie daarin genoegsaam verduidelik is nie. Sommige van hierdie studies definieer *waardes* eksplisiet of implisiet as *konsepsies van die wenslike*. Ander weer het eie opvattings van *waardes* en daarmee eie kategoriserings en veralgemenings. Dié *verdere voorbeelde* staan nie altyd in 'n bepaalde dissipline nie. As die meeste van hulle wel *sosiaalwetenskaplik* is, is dit nie omdat hulle bewustelik die ideaal van 'n interdissiplinêre-konsepsie en teorie van waardes probeer verwerklik nie. Eerder bereik hierdie studies 'n relatief diffuse sosiaal-wetenskaplike vlak of posisie deur hul prosedure en tegniek van navorsing. Dit beteken dat talle waardestudies tevrede is met 'n betreklik eenvoudige konsepsie/definisie en min erg het aan abstrakte sisteemteorie.

Die samevattings van hierdie studies word gegee sonder kommentaar of kritiek, maar hulle is betekenisvolle inhoude vir DELE TWEE en DRIE se spesifisering van metodologiese oorwegings en modes van analise.

Par 49

Florence Kluckhohn: *Variations in Value orientations* (F. Kluckhohn 1950; Kluckhohn & Strodtbeck 1961; ook Harvard University: *Comparative Study of Values in Five Cultures*).

Value orientations are complex but definitely patterned (rankordered) principles, resulting from transactional interplay of three analytically distinguishable elements of the evaluative process - the cognitive, the affective, and the directive elements - which give order and direction to the ever-flowing stream of human acts and thoughts as these relate to the solution of 'common human problems' (Kluckhohn & Strodtbeck, 1961: 4, 341).

Die vyf universeel-menslike probleme waarbinne Kluckhohn kategorieë van waardeoriëntasies ontwikkel, staan in verband met die volgende:

1. Konsepsie van 'menslike natuur' - wat kwaad (sleg, sondig), neutraal, goed of goed én kwaad kan wees.
2. Die mens se verhouding tot die natuur (ook bo-natuurlike) - wat een van onderwerping, harmonie of oorheersing kan wees.
3. Die mens se tydsoriëntasie wat gerig sou kon wees op die verlede, hede of toekoms.
4. 'n Aktiwiteitsoriëntasie wat sou kon wees: *being, being-in-becoming* of *doing*.
5. 'n Oriëntasie ten opsigte van medemenslike verhoudings sou kon wees: *individualism, collaterality* of *lineality*.

There is an ordered variation in value orientation systems. ... There is a limited number of common human problems for which all peoples at all times must find formulae. ... While variations in these formulae exist, they are neither limitless nor random but are, instead, variations within a limited range of possible solutions. ... All variants of recurring solutions are present in all cultures at all times but receive, from one society to another, or one subculture to another, varying degrees of emphasis. ... Every society has, in addition to this dominant profile of value orientations, numerous variant or substitute profiles. ... It is postulated that in both the dominant and the variant profiles there is almost always a rankordering of the preferences of the value-orientation alternatives. ... In societies which are undergoing change the ordering of preferences will not be clearcut for some or even all the value-orientations (Kluckhohn & Strodtbeck, 1961: 10, 341) (vergelyk ook Joubert 1962).

Par 50

Clyde Kluckhohn: *Value emphases* (C. Kluckhohn 1956, 1958).

Ook Clyde Kluckhohn stel hom op die standpunt dat die menslike natuur en maatskaplike situasies sodanig is dat sekere fundamentele beslissings gemaak moet word. Hierdie beslissings of keuses ontvang binne verskillende samelewings en kulture differensiële klem en Kluckhohn praat dan ook van *cultural value emphases and their clusters* - ook van *cross-cultural core value emphases*.

Drie *clusters* word onderskei waarbinne verskillende 'beklemtonings' moontlik is:

1. *Man and nature: Determinate-indeterminate; unitary-pluralistic; evil-good.*

2. *Man and man: Individual-group; self-other; autonomy-dependence; active-acceptance; discipline-fulfilment; physical-mental; tense-relaxed; now-then.*
3. *Both man and nature: Quality-quantity; unique-general.*

Par 51

R.M. Williams: *Major value orientations in the USA* (Williams 1957)

Williams substansieer die aanwesigheid van sekere waardeoriëntasies in die VSA met behulp van empiriese studies: *We will list a value or theme frequently observed in the American scene, cite a few illustrations, and comment briefly upon the nature and significance of the alleged value-pattern* (Williams 1957: 389).

Vyftien belangrike *waardeoriëntasies* word bespreek:

Achievement and success; activity and work; moral orientation, humanitarian mores, efficiency and practicality; progress, material comfort, equality, freedom, external conformity, science and secular rationality; nationalism-patriotism, democracy, individual personality, racism and related group-superiority themes.

Van die veralgemenings wat Williams maak, is die volgende:

American culture is organized around the attempt at active mastery rather than passive resistence. ... It tends to be interested in the external world of things and events, of the palpable and immediate, rather than

the inner experience of meaning and affect. Its genius is manipulative rather than contemplative. ... Its world-view tends to be open rather than closed; it emphases change, flux, movement; its central personality types are adaptive, accessible, outgoing and assimilative. ... The culture places its primary faith in rationalism as opposed to traditionalism; it de-emphasizes the past, orients strongly to the future. ... In interpersonal relations the weight of the value system is on the side of the 'horizontal' rather than 'vertical' emphases: peer-relations, equality rather than hierarchy. ... The received culture emphasizes individual personality rather than group identity and responsibility.

Par 52

P.A. Sorokin: *Kultuurmentaliteite* (Sorokin, 1947, 1957).

'n Baie ou kategorisering van wat (ook) as waardesisteme beskou kan word, is Sorokin se sogenaamde kultuurmentaliteite. Met Russiese wysheid word 'n kultuurmentaliteit as volg gedefinieer: *When in any given universe of ideological systems we find the vastest combined system of ideology, that integrates into one consistent unity most of the essential scientific (including the economic, political, social and humanistic sciences), philosophical, religious, aesthetic, ethical, and technological systems; in which all these articulate the same basic meanings, values, and norms, we have the vastest ideological supersystem possible in a given universe of ideological systems* (Sorokin 1947: 319).

Sorokin se omskrywing van die drie tipes kultuurmentaliteite is nie minder algemeen en abstrak as sy definisie van 'n mentaliteit nie:

1. Die *Ideational* kultuurmentaliteit beskou die werklikheid as essensieel nie-sensories, nie-materieel, ewigdurende Syn. Behoeftes en belange is hoofsaaklik geestelik van aard en word tot 'n hoë mate bevredig deur self-opgelegde vermindering of eliminering van meeste (fisieke) behoeftes.

2. *Sensate* is 'n kultuurmentaliteit waarin die werklikheid gesien word as bestaande in dit wat deur die sintuie ingegee word; het 'n agnostiese houding teenoor alles wat nie empiries geverifieer kan word nie; en glo dat die werklikheid essensieel wording, proses en verandering is. Behoeftes is grootliks fisiek van aard en maksimale bevrediging word nagestreef.

3. *Idealistic* is 'n mengvorm maar tog ook gebalanseerde samevoeging van die Idealistic en Sensate mentaliteite. Daar sou 'n effense oorheersing van die Ideational wees.

Par 53

David Riesman: *Tradition-, Inner- and Other-directedness* (Riesman *et al* 1950)

In die bekende *The Lonely Crowd* word drie vorme van 'persoonlikheidsgerigtheid', *social character* of *modes of conformity* onderskei.

*Character* ... is the more or less permanent socially and historically conditioned organization of an individual's drives and satisfactions - the kind of 'set' with which he approaches the world and people. Social char-

acter is that part of 'character' which is shared among significant social groups and which, as most contemporary social scientists define it, is the product of the experience of these groups. The notion of social character permits us to speak ... of the character of classes, groups, regions, and nations.

The assumption that social character exists has always been a more or less visible premise of ordinary parlance and is becoming today a more or less visible premise of the social sciences. It will consequently be familiar under one name or another to any of my readers who are acquainted with the writings of Erich Fromm, Barham Kardiner, Ruth Benedict, Margaret Mead, Geoffrey Gorer, Karen Horney (Riesman, 1950: 18).

Riesman onderskei veral drie konformiteitstipes wat mekaar histories opgevolg het in die VSA. Die tipes word geassosieer met drie demografiese fases:

My thesis is, in fact, that each of ... three different phases on the population curve appears to be occupied by a society that enforces conformity and molds social character in a definable way. The society of high growth potential develops in its typical members a social character whose conformity is insured by their tendency to follow tradition: these I shall term *tradition-directed* people and the society in which they live a society depended upon *tradition-direction*.

The society of transitional growth develops in its typical members a social character whose conformity is insured by their tendency to acquire early in life an internalized set of goals. These I shall term *inner-directed* people and the society in which they live a society depended on *inner-direction*.

Finally, the society of incipient population decline develops in its typical members a social character whose conformity is insured by their tendency to be sensitized to the expectations and preferences of others. These I shall term *other-directed* people and the society in which they live one dependent on *other-direction*.

Par 54

Charles Morris: *Paths of Life* (Morris, 1956, 1956)

In sy twee publikasies: *Paths of Life* en *Varieties of Human Values* (albei 1956) is Morris nie konseptueel baie presies wát dit is wat hy bestudeer nie. Afwisselend word gepraat van religie, *paths of life,* lewensfilosofie, lewenswyse, *world views,* waardes en waardeoriëntasies. Van huis uit filosoof eerder as sielkundige, onderskei Morris, op grond van 'n studie van die groot godsdienste, drie 'komponente van persoonlikheid' en dertien *varieties or alternatives in human values*: *The dionysian, promethean and buddhistic components.*

Alternatives: Preserve the best man has attained. Cultivate independence of persons and things. Show sympathetic concern for others. Experience festivity and solitude in alteration. Act and enjoy life through group participation. Constantly master changing conditions. Integrate action, enjoyment and contemplation. Live with wholesome, carefree enjoyment. Wait in quiet receptivity. Control the self stoically. Meditate on the inner life. Chance adventuresome deeds. Obey the cosmic purposes.

Par 55

Milton Rokeach: *Beliefs, Attitudes and Values* (Rokeach, 1969)

I consider a value to be a type of belief, centrally located within one's total belief system, about how one ought to or ought not to behave, or about some end-state of existence worth or not worth attaining. Values are

thus abstract ideals, positive or negative, not tied to any specific attitude object or situation, representing a person's beliefs about ideal modes of conduct and ideal terminal goals. ... Some examples of ideal modes of conduct are to seek truth and beauty, to be clean and orderly, to behave with sincerity, justice, reason, compassion, humility, respect, honor, and loyalty. Some examples of ideal goals or end-states are security, happiness, freedom, equality, fame, power, and states of grace and salvation. A person's values, like all beliefs, may be consciously conceived or unconsciously held, and must be inferred from what a person says or does (Rokeach, 1969: 124).

To say that a person 'has a value' is to say that he has an enduring belief that a specific mode of conduct or end-state of existence is personally and socially preferable to alternative modes of conduct or end-states of existence. Once a value is internalized it becomes, consciously or unconsciously, a standard or criterion for guiding action, for developing and maintaining attitudes toward relevent objects and situations, for justifying one's own and others' actions and attitudes, for morally judging self and others, and for comparing self with others. Finally, a value is a standard employed to influence the values, attitudes, and actions of at least some others - our children's, for example (Ibid. 159-160).

Behaviour with respect to an object is always a function of at least two attitudes - attitude toward object and attitude toward the situation within which the object is encountered. Moreover, Ao and As will cognitively interact and behaviour will therefore be a function of the relative importance of Ao and As in the context of their interaction.

This 'two-attitude theory' can now be elaborated to take into account the relationships existing between values and attitudes and the role that values as well as attitudes might play in determining social behaviour. Whenever a social object is encountered within a social situation it activates two attitudes, Ao and As. Each of these attitudes activates, in turn, a subset of instrumental and terminal values with which it is functionally connected. Behavior toward a social object within a social situation will therefore be a function of the relative importance of the two activated atti-

tudes, Ao and As which, in turn, will be a function of the number and relative importance of all the instrumental and terminal values activated by Ao as compared with all the instrumental and terminal values activated by As (Ibid. 163-164).

In die *Rokeach Value Survey* word 18 *terminal values - ideal end-states of existence* - en 18 *instrumental values - ideal of behavior* - onderskei:

Terminal values: a comfortable life, an existing life, a sense of accomplishment, a world at peace, a world of beauty, equality, family security, freedom, happiness, inner harmony, mature love, national security, pleasure, salvation, self-respect, social recognition, true friendship, wisdom.

Instrumental values: ambitious, broadminded, capable, cheerful, clean, courageous, forgiving, helpful, honest, imaginative, independent, intellectual, logical, loving, obedient, polite, responsible, self-controlled.

Par 56

J.J. Loubser: *Universele waardes* (Loubser, 1973)

Loubser (1973: 20-21) het 'n skema van *universele* sosiale waardes voorgestel gebaseer op Talcott Parsons se vier handelingsisteme: *Values are conceptualized as desirable states of: the human organism in relation to its environment, human personality, human society and human culture.*

With respect to the organism in relation to its environment, such values as life, health, freedom from hunger, suffering, fear of death, poverty, and of safety, might be specified. The relevant value principle seems to be the optimization of human adaptive capacity. Hence current concern about the population explosion, nuclear escalation, poverty and the destruction of the environment.

With respect to human personality, such values as mental health, self-respect, dignity, identity, integrity, autonomy, freedom, self-determination, and actualization or fulfilment comes to mind. Here the value principle is optimization of human self-realization capacity. Alienation and self-estrangement are negatively valued.

The values of human society would include justice, equality, peace and basic human rights and freedoms. The value principle is optimization of human integrative capacity. Here the negative evaluation of war, oppression, exploitation, discrimination, and the use of violence that do not serve higher human values are critical issues.

With respect to human culture such values as cultural identity, continuity, language rights, religious freedom, meaningfulness, expression, truth, beauty, education come to mind. The value principle is optimization of human meaning creation capacity. Commercialization, repression, persecution and technological intrusion are negatively valued.

The basic value principle in all four cases is the desirability of optimal conditions for human development and realization of human potentials.

Par 57

D.D. Joubert: *Tipologie van Samelewingswaardes* (Joubert, 1972)

In aansluiting by die konseptuele en teoretiese standpunt ten opsigte van waardes wat in Par 46 geformuleer is, het ek 'n tipologie of kategorisering van samelewingswaardes opgestel. Die kategorieë is ge-operasionaliseer in die vorm van 'waarde-stellings' waarop respondente moet reageer op 'n vyf puntskaal in terme van instemming of verwerping. Die 'Toets vir Waardeoriëntasies' is op geselekteerde groepe toegepas.

Die veld van die tipologie is gekonstrueer deur die 'kruising' van twee 'teoretiese beginsels': die Parsoniese sisteemprobleme van Aanpassing, Integrasie, Doelbereiking en Patroonhandhawing; en sogenaamde dimensies van maatskaplike betrokkenheid: Sosiale Tyd, Ruimte, Beweging en Betrokkenheid.

Hierdie 4 x 4 'kruising' gee 16 'digotomieë' van waardeoriëntasies en 32 enkel waardeoriëntasies:

## TIPOLOGIE VAN WAARDEORIËNTASIES

| DIMENSIES VAN MAATSKAPLIKE BETROKKENHEID | INTEGRASIE | PATROONHANDHAWING | ADAPTASIE | DOELBEREIKING |
|---|---|---|---|---|
| Maatskaplike TYD<br>T | (a) Eiesoortigheid<br>vs.<br>(z) Inklusiwiteit<br>IT | (a) Tradisionaliteit<br>vs.<br>(z) Situatiwiteit<br>PT | (a) Aanvaarding<br>vs.<br>(z) Hervorming<br>AT | (a) Korttermyndoelstellings<br>vs.<br>(z) Langtermyndoelstellings<br>DT |
| Maatskaplike RUIMTE<br>R | (a) Individualisme<br>vs.<br>(z) Kollektiwisme<br>IR | (a) Pluraliteit<br>vs.<br>(z) Uniformiteit<br>PR | (a) Transendentalisme<br>vs.<br>(z) Sekularisme<br>AR | (a) Interafhanklikheid<br>vs.<br>(z) Outonomie<br>DR |
| Maatskaplike BEWEGING<br>B | (a) Toegeskrewe Kwaliteit<br>vs.<br>(z) Verwerfde Prestasie<br>IB | (a) Toleransie<br>vs.<br>(z) Konformiteit<br>PB | (a) Partikularisme<br>vs.<br>(z) Universalisme<br>AB | (a) Idealisme<br>vs.<br>(z) Pragmatisme<br>DB |
| Maatskaplike GEMOEIDHEID<br>G | (a) Gedissiplineerdheid<br>vs.<br>(z) Selfbevrediging<br>IG | (a) Perfeksionisme<br>vs.<br>(z) Onverskilligheid<br>PG | (a) Daadkragtigheid<br>vs.<br>(z) Sorgeloosheid<br>AG | (a) Planmatigheid<br>vs.<br>(z) Laissez Faire<br>DG |

# DEEL TWEE: METODOLOGIESE OORWEGINGS

Die voorafgaande oorsig van terreine van waardestudies het baie lank geword. Dit was egter nodig om die veelkantigheid nie net van waardes, maar ook van die denke oor dié "entiteite" of "verskynsels" te laat sien. As DEEL EEN probeer het om meer inhoudelik die werk wat oor waardes gedoen word in die verskillende terreine of dissiplines, te skets, konsentreer hierdie DEEL van die opstel op die meer formele metodologiese aannames en implikasies van waardestudies. Die woord *metodologies* word hier in 'n breë betekenis gebruik: Dit gaan om die onderliggende logika in die ondersoek na waardes. Daar is uiteraard verskille in: die *konseptualisering* van waardes (wat waardes presies is); die wyse waarop die bestaan, inhoud en verspreiding van waardes *waargeneem* of vasgestel word (sekerheid oor die definiteit van waardes); en in die wyse waarop daar òor waardes geteoretiseer word (die belang en *werking* van waardes).

Die voorafgaande paragrawe moes dit duidelik gemaak het

dat nie elke *dissipline* sy eie *siening* van waardes het nie. Suiwer logies ontleed loop die verskillende waardebeskouings soms óór dissiplinêre grense - net om dan weer binne een bepaalde dissipline uiteen te gaan.

As die begrip waardebeskouing, soos hierbo gesuggereer, die konsepsie, wyse van waarneming of vasstelling, en die wyse van teoretisering ten opsigte van waardes, insluit, wil die paragrawe wat volg die logiese beslissingspunte en patrone van waardebeskouings probeer uitwys. Hierdie *metodologiese oorwegings* word grootliks ge-eksppliseer deur 'n *inhoudsanalise* van DEEL EEN met 'n bybring van enkele Referaat-inhoude wat nog nie gestel is nie. Die metodologiese oorwegings self sal weer gebruik word in die onderskeiding van modes van analise in DEEL DRIE.

## Afdeling G Kritiek ten opsigte van waardestudies

Par 58

In Par 1 is die punt gemaak dat *waardes* in die "alledaagse lewe" 'n sosiale geloofwaardigheid en legitimiteit het wat soms deur ondersoek en navorsing in gedrang kom. Die wenslikheid van die bestudering van *konsepsies van die wenslike* word hiermee self tot vraag gestel. Hierdie is uiteindelik ook 'n metodologiese kwessie - wat nogal ingewikkeld is as van die standpunte wat in DEEL EEN na vore gekom het, in gedagte gehou word: (a) Waardes is bepalend en deurslaggewend in die lewe van die individu, gemeenskap en volk. (b) Ons het geen duidelikheid oor hoe waardes gedrag affekteer nie. (c) Dat waardes voorvereiste of die primêre waarborg is vir samelewingsordelikheid, is onbewese. (d) Waardes is ideologiese argumente in die regverdiging van klasbelange. (e) 'n Studie van waardes is alleen sinvol as dit krities is ten opsigte van gangbare waardes. (f) In baie lewensituasies het mense geen keuse nie; daarom is dit irrelevant wat hulle waardes is.

As nie alle studies en analises van waardes lei tot 'n groter waardering van waardes nie, kom die kritiek ten opsigte van waardestudies veral neer op twee argumente: Sulke studies bevorder 'n *relativisme* en onverskilligheid ten opsigte van waardes, en, kennis van die werking van waardes skep die moontlikheid (indien nie die waar-

skynlikheid nie) dat dit aangewend word vir ideologiese manipulasie.

Van sy *Spiritual values and sociology: When we have debunked everything, what then?* sê McGehee (1982:43) self die volgende:

> This is not a plea for morality as such. It is a plea, rather, to consider the study of man to be more than the gathering of data and building of theories that merely explain and explain away man. It is a plea to begin the serious discussion of the values that man ought to have as the substance of his life and to abandon the sterile discussion of values as social facts which have no more purpose than to serve as so many balloons to be popped by our intellectual darts. It is a plea to cease regarding man as the object of life and to begin to regard him as the subject of life.

McGehee beperk homself tot die sosiologie hoewel nie tot die sosiologie se studies van spesifiek waardes nie. Sy bekommernis gaan om die totale uitwerking wat sosiologiese interpretasies kan hê op studente van hierdie dissipline. Die argument kom kortliks op die volgende neer: Sosiologie se kritiese *deurskouing* van die maatskaplike werklikheid ontmitologiseer en relativeer verskeie maatskaplike opvattings waaronder ook waardes. Terwyl hierdie analises en interpretasies die intellektuele bevrediging van kennis bring, berei dit studente kwalik voor vir beroeps- en sosiale betrokkenheid in 'n samelewing waarin waardes noodsaaklik is en nagestreef moet word - hoe onvolmaak, rasionaliserend, in eie belang en selfsugtig dit ookal mag geskied. Die probleem lê in die versoening van 'n wêreld wat deur sosiologie teoreties deursigtig gemaak is, met die reële, harde

werklikheid van 'n samelewing waar beslissings ten opsigte van reg en verkeerd elke dag gemaak moet word:

> A human world demands responses, responses which are appropriate for human existence. Yet, not one person in sociology ever discussed with (the student) what was right, proper, or appropriate. They had only poked holes in everything.
>
> What is worse, the job (the students) must now take is undeniably *part of the system* which they understand so totally, see through so clearly, and locate so thoroughly. Any student, incidentally, who has not been affected is likely to be judged as not having learned sociology well, or likely to have discarded much of what was learned.
>
> ... the problem lies in our total attention to analyzing what was, is, and ought to be in a factual sense, while ignoring what was, is, and ought to be in a principled sense.
>
> While there can be no more doubt as to the value of debunking than there can be as to the value of window cleaing, at some point we *must* be prepared to stop and to assert that there are fundamental principles (McGehee, 1982: 42).

McGehee se aanklag is duidelik: Sosiologie se rasionele kritiek, belangelose ontleding en teoretisiteit vervreem die student van die samelewing waaroor hy baie slim is, maar ten opsigte waarvan hy nie veel menslikheid, betrokkenheid, verdraagsaamheid of empatie geleer het nie.

Par 60

Wat kan aan die saak gedoen word? McGehee se voorstelle is heel prakties. Naas kritiese analise, moet sosiologie die verpligting ernstig neem om die student (en

die lesers van die vak) se bewustheid (*awareness*) te stimuleer en te ontwikkel - 'n bewustheid van wat aangaan in die wêreld verbind met 'n gemotiveerde en verantwoordelike betrokkenheid in daardie wêreld. Die waardes grondliggend aan hierdie betrokkenheid is universeel en *sociology ultimately may be able to render a service greater than anything it has yet done if only it would start to examine such principles*. Voorbeelde van sodanige waardes is vir McGehee: *Courtesy, respect, consideration, honesty, integrity, loyalty, fidelity, charity, duty, responsibility, accountability, appropriateness, desert.*

(McGehee suggereer self 'n eenvoudige tegniek vir die eksplikasie van hierdie waardes - 'n tegniek wat ewe goed in presiese empiriese navorsing oor enkelinge se waardes gebruik kan word. Persone word gevra om skriftelik frases soos die volgende te voltooi:

'n Mens kan van iemand sê dat hy/sy eerlik (verantwoordelik, ensovoorts) is en dat iemand meer eerlik (ensovoorts) is as ander, wanneer: 1 ...; 2. ...; 3. ... ensovoorts. Respondente sal uiteraard verskil in die vlak van algemeenheid of abstraksie van hulle spesifikasies. Die resultaat is in elk geval 'n persoonlike siening van die *normatiewe sisteem*. Die verpligting om dit self uit te dink, te beredeneer en te skryf, beteken vir die persoon 'n self-konfrontasie met en 'n verantwoording van eie en samelewingswaardes. *Each question forces us to think about values and examine our personal conduct, not only with respect to others, but with respect to a standard.*)

McGehee se kritiek en bekommernis is ten opsigte van die sosiologie soos gedoseer aan universiteite. Met min indien enige kwalifisering word veralgemeen dat "die" akademiese sosiologie aan studente 'n negatiewe beeld van "die samelewing" gee en hulle vervreem van die politieke, sosiale en kulturele ruimtes waarin hulle ná opleiding moet woon en werk. Dié soort aanklag is natuurlik nie tot die sosiologie beperk nie. Ook die antropologie en die sielkunde kry van tyd tot tyd dieselfde wind van voor. Terwyl McGehee se artikel in die *American sociologist* opgeneem is, is dit gepas (en voldoende) om te verwys na twee onlangse debatte oor hierdie tema in die *American anthropologist* (1984) en die *American psychologist* (1983).

In die antropologie-tydskrif word die omstrede boek van Elvin Hatch: *Culture and morality: The relativity of values in anthropology* (1983) bespreek deur Victoria Mukerji (1984: 774). Sy het verskeie probleme met Hatch se werk en sê onder andere:

By making his (Hatch) analysis apolitical (and thereby distorting historical reality), the birth of relativism is cast as merely the manifestation of an intellectual disillusionment. Relativism is denied its true role as a more complex reaction to the manipulation of knowledge as an abuse of power against vulnerable and ethnic groups.

Ook Littlewood (1984: 335) oordeel dat Hatch nie die bult uitkom ten opsigte van kulturele relativisme nie en besluit: *What we have left in this work, is an interesting preface to an anthropology of anthropological*

*morality* - 'n betekenisvolle opmerking maar een wat slegs die spreekwoordelike punt van die ysberg laat sien. Die problematiek van kulturele relativisme binne en as konsekwensie van antropologiese werk, het klaarblyklik 'n hele paar aspekte wat álles met die vakwetenskap se studie van waardes te doen het. Die aspek of punt wat hier, in aansluiting by McGehee, ter sake is, is die moontlike en reële konsekwensies vir 'n begrip en respektering van waardes by studente en lesers van antropologie, wie se vergelykende studies van kulture wéér en wéér die *relatiwiteit* van kulturele waardes aantoon. Antropoloë sal weet tot watter mate die aanklag van McGehee ook gemaak word (en geldig is) ten opsigte van hulle vak.

Par 62

Die voorbeeld van 'n vergelykbare situasie in die sielkunde betrek toevallig ook 'n Hatch: Senator O.G. Hatch (1982: 1035) skryf onder die opskrif *Psychology, society and politics* onder andere:

Prominent psychologists suggest ideas about religion, marriage, and family life that are completely alien to many - in fact, probably most - of our society. ... psychologists must be open about their own values and sensitive to the ways their work can be perceived.

Betekenisvol substansieer die senator sy aanklag uit 'n uitgawe van die *Journal of consulting and clinical psychology* - in hierdie toegepaste gebied is die invloed en uitwerking van sielkundige *idees* uiteraard

van kritiese belang. Sielkundiges Garfield en Bergin reageer op Hatch. Garfield (1983: 957-958) wys daarop: dat individuele sielkundiges dikwels verskil - ook oor waardes; dat sielkundiges dikwels selektief en buite konteks aangehaal word; dat geen een sielkundige namens *die sielkunde* praat nie; dat beide persoonlike en professionele uitsprake relevant tot waardes binne die konteks waarin hulle gemaak word, ge-evalueer moet word; dat sielkundiges wel bewus is van die uitwerking van hulle uitsprake; en, *As scientists, their behavior should be governed by the accepted canons of science. As professionals, their behavior should follow the ethical principles of their profession.* In essensie is hierdie verdediging die eerste en voorspelbare reaksie op 'n aanklag dat vakwetenskaplike uitsprake: "die gewone burger vervreem van noodsaaklike waardes." Dit is 'n regverdiging van wetenskaplike uitsprake vanuit die wetenskaplike se professionele rol.

Bergin (1983: 958-959) stem nie heeltemal saam met hierdie verweer nie:

(That individual psychologists) do not speak for psychology ... has become less and less true. Not only are certain kinds of values becoming institutionalized by corporate actions of the APA, but a content analysis of textbooks reveals another kind of institutionalization of value perspectives via instructional settings. There are biases on many topics, and generations of students have been instructed in these implicit norms. Senator Hatch was right to point out that psychology's corporate biases are often alien to mainstream public values and that expressing them in the name of the organization without scientific evidence causes a loss of respect for psychology among many people and their representatives in Congress (sic!).

Bergin se advies aan sielkundiges is 'n terugkeer na professionalisme en 'n afsweer van politisering. *Doing so would improve our ability to advance psychology as a science, as a profession, and as a means of promoting human welfare.*

Par 63

Besware van politici en die algemene publiek teen wetenskaplike uitsprake kom meer dikwels voor. Ook ten opsigte van die Suid-Afrikaanse sosiologie, sielkunde en antropologie, is bewerings van negativisme en benadeling van samelewingswaardes nie seldsaam nie. Hoe moet hierdie aanklagte verstaan en gehanteer word? Ek meen dat ten minste die volgende opmerkinge hier ter sake is:

(a) Waardes het as normatiewe beginsels per definisie 'n kwaliteit van "onaantasbaarheid" indien nie "heiligheid" nie. 'n Feitlike en objektiewe ontleding van waardes geskied noodwendig vanuit 'n posisie van gedistansieerdheid en bewerk distansie indien nie vervreemding nie. 'n Sosiaal-wetenskaplike empiries-feitlike studie van die aard en funksies van waardes is nie vergelykbaar met 'n preek, kulturele en polities-ideologiese toespraak wat alleen maar bepaalde waardes aanprys nie. Veral in die geval van waardes is empiriese studies dikwels "ontluisterend" indien nie ontnugterend nie. Waardes is vir baie mense 'n kwessie van geloof en 'n afwysende reaksie teen vakwetenskaplike ontledings en uitsprake is 'n natuurlike een.

(b) Die probleem is ook een van die verhouding tussen wetenskap en samelewing. En soos Degenaar aangetoon het, is dié verhouding problematies omdat dit ook deur waardes georden indien dan nie gereël word nie. Een standpunt oor die funksionaliteit (waarde!) van objektiewe wetenskaplike ondersoek en kennis,. is dié van McGehee: dat diskussie van waardes as sosiale feite "steriel" is en dat in plaas van feitlike studies, waardes as "prinsipiële" vlak verken moet word. Hierdie standpunt is uiteindelik 'n afwysing van sosiale wetenskap self; 'n verwerping van die sin van dié dissiplines se feitlike ontledings en teoretiese interpretasies. Tipies word vir die dissiplines 'n ander doelstelling en taak voorgeskryf: ondersoek wat sal lei tot praktiese oriëntasies en gemotiveerde normatiewe betrokkenheid. Dat hierdie kritiek en teregwysing die historiese doelstellings en metodologiese gerigtheid van wetenskap ignoreer of swak verstaan, is nie so ironies nie as die feit dat dié kritiek self kom uit 'n eie waardeposisie en eie samelewingsiening. Posisies en sienings wat ongelukkig selde eksplisiet gemaak word.

(c) Dit behoort duidelik te wees dat weerstand teen wat gesien word as waarde-aantasting en -bedreiging, gewoonlik diffuus is: "Waardes" word bedreig of ondergrawe - selde 'n bepaalde, gespesifiseerde waarde. En, geen feitlike presisering van hoe bepaalde wetenskaplike uitsprake bepaalde waardes van aanwysbare persone of groeperings benadeel, word onderneem nie. 'n Goeie voorbeeld is hier sensuurwetgewing: 'n Algehele of gekwalifiseerde verbod op publikasies, omdat dit (sekere) mense se waardes sal/kan benadeel, word nie geregverdig

op grond van oortuigende, feitlike bewyse van sodanige uitwerking nie. Aannames oor die beïnvloeding van waardes is hier, soos meestal elders, resultaat of deel van *algemene kennis* of *gesonde verstand*. Dit is veral 'n faktiese projeksie van 'n normatiewe opvatting, wat beteken dat "gewone mense" die feitlikheid van die positiewe werking van waardes aanvaar - onkrities en goedgelowig juis omdat waardes draers is van wenslikheid en normatiwiteit en daar nie met hierdie abstraksies gespeel of gemors word nie. Oor waardes word beginselstandpunt ingeneem.

(d) As bostaande 'n aanduiding gee van die inherente aard van waardes, behoort dit ook 'n aanduiding te wees van die metodologiese en navorsingstegniese probleme van waardenavorsing. Die retoriese uitspraak dat 'n vakwetenskaplike ondersoek na waardes self nie waardevry is nie, is 'n oppervlakkige opmerking wanneer die inherente kwaliteite van waardes self begryp word.

Par 64

U sou opgemerk het dat in die voorafgaande paragrawe dit die sosiale wetenskappe en meer bepaald hulle *feitlike* bevindings, eerder as hul teoretisering oor waardes was wat gekritiseer word. Ek sou hier twee veralgemenings wou waag: Hierdie soort bedenkinge en besware word selde teen filosowe se studies en uitsprake oor waardes gehoor. En, die empiriese waardestudies van sosiaalwetenskaplikes bring meer kritiek en ongelukkigheid na vore, as wat abstrakte teoretisering oor waardes en waardesisteme sigself op die hals haal.

Par 65

Politisering en politieke beïnvloeding is begrippe wat meer as een keer in die voorafgaande paragrawe na vore gekom het. Ook tydens die Seminaar is vrae gestel na die moontlike politieke en ideologiese relevansie van waardestudies. Ek wil hier volstaan met drie opmerkings:

(a) Die politieke en ideologiese gebruikers en misbruikers van waardes het nog nooit gewag vir wetenskaplike waardestudies nie. Dit is nie nodig nie. Wat as "waardes" aangewys is, was altyd én diffuus én "respektabel" genoeg om sonder bevraagtekening te dien in die regverdiging en legitimasie van watter optrede of stelsel ookal.

(b) Waar die resultate van bepaalde (wetenskaplike) waardestudies werklik gebruik of voorgehou word as basis van bepaalde politieke en ideologiese ondernemings, kan met groot sekerheid voorspel word dat sodanige "toepassings" min erg het aan die gepresiseerde empirisiteit of kwalifikasies van sulke ondersoeke. Wat bevind word ten opsigte van 'n beperkte bevolking of wat in die mees algemene terme geteoretiseer word oor waardes, sal in die voorspelbare utilitêre styl van ideologie en politiek verstaan, geïnterpreteer, voorgehou en vir eie gewin gebruik word. Politici, ideoloë, maar ook "gewone mense", het min geduld met of respek vir hoogsgekwalifiseerde bevindings en uitsprake van wetenskaplike ondersoek.

(c) Maar die grense - by waardes - tussen *wetenskaplike* bevindings, en, politieke en ideologiese gebruik van sulke bevindings, is geen Berlynse muur nie. Laat ek u een voorbeeld gee wat later weer bespreek word. In die RGN se nuwe en opspraakwekkende publikasie *The South African Society: Realities and Future Prospects* (HSRC 1985) kom die volgende uitsprake voor:

When considering the promotion of constructive intergroup relations, it is necessary first to specify what conditions the social system as a whole must comply with in order to ensure such relations. In the introduction to this chapter it was stated that constructive relations must be based on a common system of values, a precondition for which is the existence or development of a conciliation-oriented conception of social order which is shared by as many members of the population as possible (Pp. 159-160).

An overriding conclusion of this report is that a shared value system must be promoted with a view to achieving the goals of constructive human relations. The central question therefore is whether there is sufficient consensus among South Africans regarding a desirable social order to enable these shared value orientations to serve as a basis for (a?) common set of norms. The results of this *Investigation* indicate that this is in fact potentially the case insofar as (a) general religious values are subscribed to ... (p. 158).

Die meer presiese (en ek meen uiteindelike inkonsekwente) samelewingsbeskouing en daarmee waardeopvatting van die publikasie vir eers daar gelaat, laat hierdie twee paragrawe die volgende konstruksie toe: Sosiaalwetenskaplikes het bevind en/of aanvaar dat 'n gemeenskaplike waardesisteem voorwaarde of basis is vir konstruktiewe maatskaplike verhoudings. Hierdie sosiaalwetenskaplike bevindinge of insig word deur die betrokke

navorsers self omgestel tot 'n aanbeveling: 'n Bepaalde/diffuse/baie algemene waardesisteem moet bevorder word. Alleen as dit (ook) gebeur, kan 'n wenslike politieke bestel verwesenlik word. Wát die relevante waardes en die beoogde politieke en sosiale bedeling is of moet wees, word breedweg aangedui. Baie eenvoudig gestel, word hier die baie natuurlike skakeling van wetenskaplike kennis, geselekteerde waardes en sosiaal-politieke ideale voltrek.

Is dit ook 'n ideologiese kringloop? Ek meen die antwoord is ja. Is dit daarom "besmette" of ontoelaatbare wetenskap? Nee, eenvoudig omdat anderkant die bloot feitlike vasstelling van waardes (as "feite"), alle teoretisering en alle veralgemenings oor die "belangrikheid" van (sekere) waardes, 'n inherente ideologiese aksent dra. Alle argumentering (waarvan teoretisering/verklaring/interpretasie een vorm is) oor beginsels is, wanneer daardie beginsels samelewingswaardes betrek, ideologies van aard of ideologies in aksent. Dit het tyd geword dat *ideologies* nie langer as skelwoord rond geslinger word nie. En, dat die onontkombare waardebetrokkenheid en daarmee ideologiese aksent van geesteswetenskaplike teoretisering erken en gepresiseer sal word.

Ek keer in later paragrawe na dié onderwerp terug.

# Afdeling H Konseptualisering en Teoretisering

Par '66.

*'n Definisie,* sê Degenaar (1984R), *behoort nie gesien te word as 'n finale afbakening van betekenis ten einde 'n essensie te deurgrond nie maar slegs as 'n voorlopige afbakening ten einde 'n redelike diskussie moontlik te maak. 'n Definisie is 'n voorstel dat op 'n bepaalde manier na die betekenis van 'n woord gekyk word.*

Hierdie is 'n boeiende definisie van *definisie*. Dit is 'n subtiele aanduiding van spanninge wat ontstaan wanneer probeer word om die altyd ontwykende opvattings en optredes van mense deur wetenskap hok te slaan. Geïmpliseer in Degenaar se opmerking is 'n respek vir alternatiewe standpunte, sienings en interpretasies. Respek ook vir woorde as die enigste eenhede waardeur hierdie standpunte, sienings en interpretasies meegedeel en uitgeruil kan word. En, respek vir die werklikheid dat woorde en definisies slegs naasteby presies bedoelde betekenisse oordra. Uiteindelik dra die opmerking 'n waardering van die moontlikhede van 'n oop gesprek om betekenisse en standpunte te ontgin en te verhelder juis omdat betekenisse nie vooraf gedefinieer word nie - want *definieer* is maar 'n ander woord vir: afbaken, afgrens, inperk.

Vanaf hierdie redelike en sinvolle siening is dit maar een stap tot taal-analise: tot die gevolgtrekking dat die menslike "werklikheid" by uitstek verstaan en begryp kan word deur met mense te praat en te luister na die woorde wat hulle gebruik. Tot die gevolgtrekking, as u wil, dat *woordgedrag* die eintlike menslike werklikheid en daarom voorwerp van studie is of behoort te wees ook vir die sogenaamde geesteswetenskappe.

Par 67

As hierdie siening besonder "natuurlik" lyk in denke oor en ondersoek van spesifieke waardes, is dit nie wat gebeur het in sosiaal-wetenskaplike studies van dié "entiteite" of "verskynsel" nie. Ten minste in hul empiriese navorsing het meeste sosioloë, sielkundiges en antropoloë die ideaal, indien nie die reël nie, van natuurwetenskap onderskryf en nagestreef: Die objek van studie moet vooraf baie presies gedefinieer word. En, as dit nie 'n direk waarneembare verskynsel is nie, moet die formele konsep *geoperasionaliseer* word - sodat, uiteindelik, so naby as moontlik aan 'n kwantitatiewe *meting* van die verskynsel gekom kan word. Met toenemende disillusie met wat reeds pejoratief *positivisme* genoem word, is die ideaal en reëls van presiese konseptualisering, operasionalisering, en kwantifisering egter al minder beklemtoon en beoefen. Ook waardestudies wat bevindings in persentasies en chi-kwadrate aangee, is toenemend afgemaak as "oppervlakkige feite" en "oninteressant."

In 'n baie reële sin het die menslikheid van die maatskaplike werklikheid sigself gewreek op die ideaal van en poging tot natuurwetenskaplike ontleding. Menslike verskynsels, anders as natuurverskynsels het hul eie wil, sin en betekenis - wille, sinne en betekenisse - en praat terug. Dit het inherente nuanses wat moeilik deur veralgemenings en veralgemeende definisies gehanteer kan word - nuanses wat in empiriese navorsing geignoreer móét word.

Par 68

Die debat oor konseptualisering en definisies in geesteswetenskap, sosiale wetenskap en "mens-studies" loop wyd en gaan ver terug. Ek moet hier konsentreer op waardestudies. As na die uiteensetting van *terreine* van sulke studies gekyk word, sou as eerste onderskeiding 'n verskil gemaak kon word tussen: "filosofiese, empiriese" en "sosiaal-wetenskaplik-teoretiese" konsepsies van *waarde*. 'n Meer sinvolle onderskeiding is een wat die duidelikste deur Du Preez (Par 31) gestel is, en wat ek in die paragrawe oor Parsoniese teorie ook gesuggereer het: Empiriese navorsing oor waardes selekteer en forseer 'n ander konsepsie en siening, of aksente in konsepsie en siening, van waardes, as dié wat teoretisering oor waardes selekteer en beklemtoon. Daar is 'n verskil in status van die waardebeskouings. Hierdie argument of interpretasie is een wat logies bou op voorafgaande suggesties. Die onderskeiding tussen 'n empiriese konsepsie en 'n teoretiese konsepsie van waardes hang saam met 'n onderskeiding tussen

die empiriese vasstelling van waardes en teoretisering oor die belang, rol en werking van waardes. Dit hang ook saam met 'n onderskeiding van waardes in konteks van waarneembare *gedrag* en die konteks van geabstraheerde *maatskaplike stuktuur/kultuur*, of, gewoon *samelewing*.

Soos gesê, lê die aanloop tot hierdie onderskeiding reeds in Par 31 waar Du Preez die verskil maak tussen *the collection of values as 'facts'* en *attempts to explain values*. Ek het daarop laat volg:

In eersgenoemde soort ondersoek is 'n presiese definisie (en operasionalisering) van *waardes* uiteraard belangrik. In laasgenoemde tipe ondersoek is meer as een beklemtoning moontlik. ... Die Referaat (van Du Preez) demonstreer (nogmaals) die onderskeid tussen streng positivisties-empiriese navorsing oor waardes en, 'n meer *geesteswetenskaplike*, kritiese studie van (die belangrikheid) van waardes en verwante begrippe. Tipies dring eersgenoemde aan op presiese konseptualisering (en operasionalisering) en stel dit (moontlike) teoretisering (die *verklaring* van waardes en verklaring met behulp van waardes) uit tot ná die vasstelling van die empiriese voorkoms en verspreiding van waardes. Tipies is die tweede soort studie minder bekommerd oor presiese definisies en beweeg dit so gou moontlik tot interpretasie en verklaring - dus teoretisering.

Ten minste twee metodologiese strydpunte kom hier ingedrang: Die standpunt oor die teorie-neutraliteit al dan nie van konsepsies, definisies, en empiriese navorsing

as "blote vasstelling van feite." En, die standpunt dat teoretisering logies volg op empiriese navorsing, of, as die teorie in die vorm van hipoteses vooraf staangemaak is, empiriese navorsing hierdie teorie moet *verifieer*.

Terwyl ek die teorie-neutraliteit van konsepsies, definisies en empiriese navorsing verwerp, is my argument dat empiriese navorsing en teoretisering op verskillende metodologiese vlakke lê en dat teoretisering se sinvolheid nie afhanklik is van empiriese verifikasie nie.

Maar dit is nodig om vireers minder abstrak te wees en te kyk na die waardekonsepsies wat in DEEL EEN na vore gekom het. Want as die indruk ontstaan het dat *almal saamstem dat waardes 'konsepsies' van die menslike is*, is dit 'n ontoelaatbare growwe veralgemening. Grof maar ook beperkend ten opsigte van die menslike en maatskaplike werklikheid - ten opsigte van ons pogings om dié werklikheid te begryp en daarmee saam te leef.

# Afdeling I Konsepsies van *Waarde*

Par 69

Die terreine van waardestudies (DEEL EEN) het 'n groot aantal konsepsies van *waarde* laat sien wat nie sondermeer gelykgestel, gereduseer of veralgemeen kan word tot 'n "sentrale" of "basiese" konsepsie nie. Die eenvoudige (en lastige) waarheid is dat verskillende terreine eie en genuanseerde opvattings van *waardes* het en dat hierdie nuanses nie geïgnoreer kan word as prys gestel word op presiese konseptualisering en/of respek vir die betekenis wat mense aan die woord *waarde* gee nie.

Ek stel hierdie konsepsies in 'n kort "inhoudsontleding" van DEEL EEN met min verdere kommentaar behalwe in die geval van *norme* - wat dikwels as sinoniem vir *waardes* gebruik word, of, waarvan teoreties gesuggereer word dat dit (norme) in 'n besondere verhouding tot waardes staan.

Par 70

1. Aksiologie word omskryf as *the science of the ultimate nature, reality, and significance of values* (Chambers: *Twentieth Century Dictionary*. Suiwer uitgedink tot die punt van volledige irrelevansie en ontoepasbaarheid, is aksiologie 'n outydse speletjie van

metafisici waarin "uiteindelike" of "hoogste" waardes as "konstituente van die werklikheid" gepostuleer word (vergelyk Degenaar, Par 17).

2. In wetenskapsfilosofie word die woord *waardes* gebruik om te verwys na die ideale, wenslike kwaliteit, of kriteria van wetenskap as 'n onderskeie kenwyse. Voorbeelde van sulke *waardes* sou wees: waarheid, logisiteit, empirisiteit, objektiwiteit, ensovoort. In Par 18 is voorgestel dat in plaas van *waardes* hierdie kriteria liefs *metodologiese beginsels van wetenskap* genoem moet word. En dat hulle ook onderskei moet word van oorwegings wat uitsprake maak oor die wenslikheid van wetenskapsbeoefening hoegenaamd.

3. Ook in die filosofie van geskiedenis verwys *waardes* na oorwegings by die wyse van interpretasie van historiese gebeure. 'n Nasionalistiese of Marxistiese interpretasie van (die) geskiedenis beteken 'n keuse vir 'n bepaalde samelewingsbeskouing of teoretisering van samelewingsgebeure - wat meer of minder deur historiese *feite* gesubstansieer word. Hierdie (en ander) samelewingswaardes wat tegelyk as feitlik, wenslik en deurslaggewend voorgehou word. Voorstellings van die geskiedenis kan meer of minder: beskrywend of verklarend, en filosofies of empiries gesubstansieerd wees. Dit kan geselekteerde samelewingswaardes 'n groter of kleiner rol gee in die samelewingsbeskouing of teoretisering. Hoe hoër die rol van waardes aangeslaan word - en bepaalde waardes bepleit word - hoe meer sou sulke teoretiese interpretasies en voorstellings van die geskiedenis *ideologies* genoem kan word (verg. Par 19).

4. Estetiese waardes is kriteria vir die evaluasie van *skoonheid* of, meer algemeen, die bevredigende vormgewing van ideële en materiële kultuurskeppinge waaronder kuns.

5. Etiese waardes is *morele kodes* wat veral van toepassing is op persoonlike gesindhede en optredes teenoor ander. Etiese waardes is gewoonlik (duidelik) gelokaliseer in spesiale gedragsfere soos professies, seksualiteit, ensovoorts (vergelyk Par 21 en 23).

6. Godsdienstige waardes is behoort-opvattings wat, gekoppel aan 'n transendente oorsprong en legitimiteit, korrekte ingesteldhede en optredes ten opsigte van ander mense en die Godheid voorskryf.

7. Politieke waardes is maatstawe (en ideale) wat geld in die beoefening van politiek.

8. Na aanleiding van Par 25 sou 'n mens die veld van maatskaplike verandering, ontwikkeling, *modernisasie* en beplanning as 'n onderskeie area van opvattings en optredes kon onderskei en na die relevante normatiewe oorwegings verwys as waardes van doelbewuste betrokkenheid, ingryping of beplanning by die problematiek van samelewingsverandering. Dit gaan hier om sosiale bewegings en prosesse wat implikasies het vir die handhawing, verandering en vernuwing van samelewingswaardes.

9. Regswaardes is normatiewe beginsels in regspleging.

10. Opvoedkundige waardes is normatiewe beginsels wat geld in die *spesiale* terrein van opvoeding.

11. Die praktyk is geen afgebakende, homogene area nie: *Waardes in die praktyk* beteken eenvoudig die relevant maak van watter motivering of doelstelling ookal.

12. Uit Par 30 (M.B. Smith) volg drie waardekonsepsies: Waarde is 'n standaard, 'n opvatting, van wat wenslik is en wat mense glo hulle *behoort* te wil hê of doen.

13. Superego-waardes is wenslikheids- of behoortopvattings wat vroeg in die persoonlikheid vasgelê word en relatief onbuigbare maatstawe vir optrede verteenwoordig.

14. *Meer buigsame waardes* is dié maatstawe waarvolgens volwassenes verkies om te lewe.

15. Waardes is vir sommige mense, ook sielkundiges en ander sosiaal-wetenskaplikes gewoon voorkeure - sonder dat altyd gespesifiseer word ten opsigte van wat dié voorkeur bestaan.

16. 'n Definisie van waarde wat deur baie sosiaalwetenskaplikes onderskryf word (maar veral in empiriese navorsing nie altyd in die presiese spesifikasie eerbiedig word nie) is C. Kluckhohn se *konsepsie van die wenslike*:

A value is a conception, explicit or implicit, distinctive of an individual or characteristic of a group, of the desirable, which influences the selection from available modes, means, and ends of action.

17. Waardes word soms gelykgestel aan norme; dan weer, met groot moeite, juis daarvan onderskei.

Degenaar (1984R) definieer waardes as beginsels: Waardes is 'n differensiële regulatiewe beginsel van organisasie wat wenslikheid en onwenslikheid aandui en wat normatief funksioneer in die besinning, die beoordeling en die optrede van mense - maar sê in die Seminaarbespreking dat hy nie duidelik tussen *waarde* en *norm* onderskei het nie, maar instem dat so 'n onderskeiding wel nodig is.

Van Niekerk (1984R) onderskei tussen *norm* en *metanorm* en sê dat beide *waardes* is, of 'n *vergestalting* van waardes is. *Norm* sou 'n meer *geldende* karakter hê; *metanorme* meer 'n *appél* karakter.

Dit gaan hier klaarblyklik om die vlak van normatiwiteit. As beide 'n tegniese verkeersregulasie en 'n beginsel soos, sê respek vir die menslike lewe, normatief is, is hulle ook behoort-opvattings op verskillende vlakke van spesifiekheid. Hierdie spesifiekheid/algemeenheid hang saam met die omvang van die veld of terrein waar die normatiwiteit van toepassing is; die mate van voorskriftelikheid; ('n beginsel skryf klaarblyklik nie soos 'n verkeersreël 'n presiese optrede voor nie); die wyse van sanksionering ('n suggestie van Van Niekerk); en ook nog die wyse van afdwinging as dit onderskei word van sanksionering.

Die idee van vlakke van normatiwiteit is ook ingebou in Talcott Parsons (1951) en Neil Smelser (1963) se *skemas* van *handelingskomponente*. Parsons stel ondermekaar: Waardes, Norme, Kollektiwiteite en Rolle. Smelser: Waardes, Norme, Rolvoorskrifte en situasie-fasiliteite of tegniese reëlings. By beide sosioloë is daar die suggestie dat die "hoër" vlakke "beheer" uitoefen oor die laeres. Die presiese aard van hierdie "beheer" is nie altyd duidelik nie. Spesifiek Parsons praat van waardes se "beheer" oor die *laer* vlakke as binne 'n dimensie van "informasie". Daar is egter soos aangedui in die Par oor die Parsoniese waardebeskouing, uitsprake wat 'n veel meer deterministiese beheer impliseer. (Vergelyk ook Par 65 vir 'n formulering waarin gemeenskaplike waardeoriëntasies aangewys word as 'n "basis" vir 'n stel gemeenskaplike stel norme.)

Touraine (1981: 79) se uitspraak in hierdie verband is verhelderend. Terwyl dit nie die onderskeiding van *vlakke van normatiwiteit* eksplisiet verwerp nie, wys dit enige noodwendige beherende verhouding tussen waardes en norme af:

I read in a book somewhere: When values are applied to specific situations in order to give birth to precise rules of social conduct, sociologists call these rules 'norms'. Innocent sentence; a textbook formula. And yet everything is there. What I have done was to level all my weight in order to break up these two words: values and norms; in order to toss out this interloper: the social rule defined as a specific form of cultural values; for one can get beyond cultural orientations to social rules only by means of class and power relations. It is this which obliges me to redefine values.

As waardes onderskei word van norme, kan die verband tussen die twee teoreties verskillend geïnterpreteer word. Daarom moet die idee van vlakke van normatiwiteit weer by 'n bespreking van teoretisering oor waardes ter sprake kom.

18. Parsons (Par 38) se *oorspronklike* definisie van *waarde* verdien om apart gestel te word:

An element of a shared symbolic system which serves as a criterion or standard for selection among the alternatives of orientation which are intrinsically open in a situation.

19. Self het ek waardes of waardeoriëntasies gedefinieer as: konsepsies van wat vir mense algmeen wenslik is in menslike en intermenslike optredes en verhoudings (Par 44).

20. In paragraaf 45 het Touraine oor waardes geskryf:

The word is dangerous because it designates a hodgepodge of cultural orientations, social rules, and ideology.

21. Nog meer dapper as Touraine is Rescher (1969: 9) wat 'n waarde soos volg definieer:

A value represents a slogan capable of providing for the rationalization of action by encapsulating a positive attitude toward a purportly beneficial state of affairs.

22. Die idee dat waardes (altyd) deel vorm van 'n meer of minder geïntegreerde *sisteem* van waardes, kom algemeen voor, veral by teoretisering oor waardes.

23. Florence Kluckhohn (Par 49) is een van die teoretici wat onderskei tussen *dominante* en *variante* waardesisteme wat gelyktydig in 'n bepaalde samelewing kan bestaan.

24. Verskeie teoretici baseer 'n kategorisering van waardes op die aanname dat daar 'n beperkte aantal basiese probleme of probleemareas is wat *dilemmas* skep. Waardes struktureer dan die keuses of beslissings ten opsigte van hierdie dilemmas (vergelyk Parsons : Par 41 en 42; Clyde Klukhohn: Par 50; Florence Kluckhohn: Par 49 en Joubert: Par 57). Die spesifikasie van hierdie probleemareas in maatskaplike struktuur, *die samewing* en selfs *menslike natuur*, is nie eenders nie en is uiteraard 'n funksie van die bepaalde teoretisering.

25. Sorokin se konsep van *kultuurmentaliteit* sou gelyk gestel kon word aan *tydsgees* of *Zeitgeist* en word op mees algemene vlak geassosieer met waardes.

26. Riesman se werk bring die begrip *social character* na vore, maar ook *mode of conformity*. Die suggestie is daar dat dit ewe goed *waardes* genoem kan word.

27. By Morris (Par 54) is die begrippe *lewensfilosofie, world view, paths of life* en waardes uiteindelik sinonieme.

28. Dit is Rokeach (Par 55) wat 'n waarde baie presies definieer as:

A type of belief, centrally located within one's total belief system, about how one ought to or ought not to behave, or about some end-state of existence worth or not worth attaining.

Hierdie konsepsie gee dan die onderskeiding tussen instrumentele (*modes of behavior*) en terminale (*ideal end-states*) waardes.

29. Loubser (Par 56) spesifiseer, op grond van Parsoniese handelingsisteme, universele waardes.

Par 71

Die dertigtal konsepsies wat hierby gestel is, betrek die volgende sleutelterme by waarde:

| | |
|---|---|
| appél | *mode of conformity* |
| beginsel | moraliteit |
| behoort-opvatting | normatiewe oorweging |
| *belief, type of* | *path of life* |
| etiek | simboliese sisteem, element |
| ideaal | slagspreuk |
| ideologie | sosiale reël |
| kode | *social character* |
| kriterium | standaard |
| kulturele oriëntasies | tydsgees |
| kultuurmentaliteit | voorkeur |
| lewensfilosofie | wenslikheidskonsepsie |
| maatstaf | wenslikheidsopvatting |
| metanorm | *world view* |

Hierdie sleutelterme maak die volgende veralgemenings moontlik:

(a) Een term waarbinne al 28 bostaande terme geakkommodeer sou kon word, is ORIËNTASIE.

(b) Die oriëntasie waarom dit hier gaan, is een wat as NORMATIEF beskryf kan word: Dit suggereer wat behoort te wees in denke en dade.

(c) Dié normatiwiteit geld primêr vir situasies van INTERSUBJEKTIWITEIT of INTERMENSLIKHEID: situasies waarin ook ander mense betrokke of relevant is.

(d) Dié normatiewe oriëntasie is mees ALGEMEEN: Eerder as spesifiek voorskriftelik, is dit rigtinggewend ten opsigte van denke en dade.

(e) Dié algemene normatiewe oriëntasie is oor TYD GEVESTIG as deel van samelewings of ander kollektiwiteite se maatskaplike struktuur, kultuur of lewenswyse.

(f) Die gelyste konsepsies/terme verskil in graad of in die mate waartoe hulle voldoen aan kenmerke (a) tot (e).

(g) Gegee die kenmerke van *waardes* as: oriëntasie, normatief, intersubjektief en algemeen, is dit alleen natuurlik dat die begrip nòg in alledaagse gesprekke, nòg in wetenskaplike studie en onder-

soek 'n presiese betekenis sal hê of sal kry. Dit beteken dat in alledaagse gesprekke, in empiriese navorsing en in abstrakte teoretisering, die inhoud van *waarde* weer en weer gepresiseer moet word. Die afwesigheid van 'n *finale* definisie van *waarde waarmee almal moet of kan saamstem*, is deel van die maatskaplike werklikheid, deel van ons baie menslike denke oor dié werklikheid, en deel van die inherente aard van dit wat *waardes* genoem word.

(h) In 'n baie reële sin, is waardes deel van die woordwerklikheid. Maar dan, die menslike en maatskaplike werklikheid is in die eerste en laaste instansie 'n woordwerklikheid.

Par 72

Uit die lyste van konsepsies en terme is ook nog af te lei die *denkruimtes* of *denkmodes* waarbinne waardes *opereer*. Anders gestel, waardes word denkinhoude of oorwegings wanneer ons besig is met die volgende: Besinning, interpretasie, voorstelling, beoordeling, evaluasie, seleksie, motivering, regverdiging, legitimasie - van sake.

Die alledaagsheid van hierdie denkmodes bewys die alledaagsheid van die betrek, inagname en opereer van waardes.

Par 73

Uit die lyste van waardekonsepsies en waardeterme kan ook nog aanwysbare kontekste onderskei word waarbinne waardes *opereer* of waarbinne hulle bestaan en werking bespreek sou kon word:

(a) Enkelinge se denkwêrelde of *beliefs*

(b) Enkelinge se gedrag of optrede

(c) Bepaalde kollektiwiteite se denkwêrelde

(d) Bepaalde kollektiwiteite se kollektiewe optredes

(e) Institusionele of kulturele areas van samelewings.

# Afdeling J Die vasstelling van waardes

Par 74

In ooreenstemming met Par 68 word die vasstelling van "waardes as feite" geskei van die verklaring van die werking van waardes (teoretisering) wat in die hierop volgende twee Afdelings aan die beurt kom.

Reeds in Par 13 is gesê dat waardes sogenaamde tweede-orde entiteite is wat vasgestel moet word deur indirekte waarneming en logiese afleiding. Daar is ook op gewys dat ander begrippe, veranderlikes en verskynsels wat deur sosiaal-wetenskaplikes bestudeer word, in dieselfde bootjie is. Houdings, intelligensie, rasionaliteit, godsdienstigheid, lewensbeskouing en ideologie is as (vergelykbare) voorbeelde genoem. Daar is ook reeds meer as een keer verwys na die gebruik van operasionalisering. Dit is nou nodig (en moontlik) om meer presies te formuleer oor die empiriese vasstelling van waardes.

Par 75

As waardes oriëntasies is, moet hulle bestaan vasgestel word soos wat die bestaan van enige opvatting vasgestel word. Daar is basies net drie metodes of moontlikhede:

A. Mense moet gevra word wat hulle waarde-oriëntasies is.

B. Mense se (alledaagse) optredes en uitsprake sou waargeneem en ontleed kon word om verwysings na waardes te identifiseer.

C. Gedokumenteerde kulturele materiaal sou ontleed kon word vir verwysings na waardes.

Ten opsigte van al die drie metodes of moontlikhede vir die vasstelling van waardes, bly die dringende voorafvraag natuurlik: Ja, maar wat is waardes? In aansluiting by Par 71 (g) en (h), het die ondersoeker of navorser (want ondersoek en navorsing is vanselfsprekend as die feitlike bestaan van waardes vasgestel moet word!) hier verskillende opsies: (i) Hy sou kon werk met 'n definitiewe en presiese voorafkonsepsie van waardes en presies hierdie oriëntasies gaan soek met behulp van een of meer van die drie metodes (A, B, C) (ii) Hy sou ook gebruik kon maak van 'n skema, klassifikasie of kategorisering van waardes - selfs volledig ge-operasionaliseer. (iii) Hy sou kon werk met 'n baie vae en voorlopige idee van wat hy as *waardes* beskou en die reaksies en inligting op sy vrae, waarneming en inhoudsontleding van materiaal, toelaat om geleidelik meer definitiewe inhoud aan die konsep te gee. (iv) 'n Laaste opsie sou wees om deur vrae, luister en lees vas te stel watter inhoud mense self aan die term waarde gee - sonder enige eie suggesties.

As dit alles baie simplisties en naïef klink, is dit miskien goed om daaraan te herinner dat die logika onderliggend aan metodes van bestudering, ondersoek en

navorsing, altyd eenvoudig is. Maar ook dat die kwaliteit en waarde van ons bevindings en gevolgtrekkings volledig afhang van die presiese verstaan van die logika van die metode. Veral as dit om waardes gaan, is volledige helderheid oor metodologiese oorwegings noodsaaklik.

Par 76

As mense gevra word na hulle waardes is die ondersoek uiteraard individu-gesentreerd. Die konteks is hier die enkeling se denkwêreld of *beliefs* (Par 73(a)).

Die navorsingstegnieke wat hier gebruik word, is persoonlike onderhoude (meer of minder gestruktureer) en vraelyste, skedules of "toetse" - wat ook kan varieer in die mate van vryheid van reaksie wat die respondent gelaat word.

Dit is sinvol om weer Barnsley (Par 47) se opmerkinge oor die gebruik van hierdie tegnieke aan te haal:

The predilection, in both empirical research and methodological theory (sic), for survey techniques over other methods would appear to be encouraged by the concentration of research attention upon samples of students and school children, with their frequent higher levels of articulateness and greater amenability to verbal reasoning. ... Further, the static and ahistorical character of most survey methods surely self accounts in part for the relative neglect of diachronic analysis and the study of social processes. ... Similarly, the tendency to select the individual as the modal unit of analysis finds its parallel in the very individualism of traditional survey methodology, since whatever the context, only the individual can be interviewed or given questionnaires.

atter vertroue kan 'n ondersoeker hê in mense se antoorde op die vraag watter waardes vir hulle bestaan? al dit onbillik wees om te sê: Soveel vertroue as wat y respondent kan hê as laasgenoemde dieselfde vrae aan ie ondersoeker sou stel? Die probleem is klaarblyklik ie (net) een van eerlikheid nie. 'n Mens sou kon arguenteer dat 'n direkte, persoonlike vraag maksimale eerikheid verseker - meer as die ander twee metodes van asstelling (B waarneming en C dokumentêre ontleding). aar *vertroue* in antwoorde op vrae oor waardes is afanklik van ten minste die volgende:

i) Die vraag wat aan die respondent gestel word. eeds in Par 31 is voorbeelde gegee van vrae wat subtiel erskil, maar juis daarom oor heel verskillende sake sou on handel en/of verskillende reaksies kan meebring. oorbeelde: Wat is u waardes? Wat dink u is die belangikste waardes? Wat dink u behoort hierdie samelewing e waardes te wees?

ii) Die vlak van abstrahering in die formulering van ie vrae.

iii) Die ruimte vir en vlak van abstrahering in die ormulering van reaksies.

iv) Die suggestie van die kant van die ondersoeker n/of die gevolgtrekking van die kant van die respondent at wat as waardes aangegee word, ook in gedrag uitgeeef moet word.

(v) Die onontwykbare morele aksent in vrae oor waardes met die gevolglike sensitiwiteit om antwoorde te gee wat verwag word.

Die lys sou nog langer gemaak kon word. Die situasie behoort egter duidelik te wees: As iemand in 'n persoonlike onderhoud sê: Dit en dit is my waardes, of, ons samelewing of volk se waardes, kan die vraag na die betroubaarheid van dié stelling slegs beantwoord word deur: Dit is wat die respondent gesê het.

Steeds individu-gesentreerd kan met opnames (weer met onderhoude en/of vraelyste) groot aantalle persone se waardes vasgestel word. So kan 'n beeld gekry word van die hele kollektiwiteite se denkwêrelde (konteks (c) in Par 73). Die kollektiwiteite sou saamgestel kon word om te konsentreer op of te kontrasteer tussen kenmerke soos geslag, ouderdom, ras, beroep, sosio-ekonomiese status, klas, godsdiens, nasionaliteit, kultuur, ensovoort.

Par 77

Die tweede metode om waardes vas te stel is deur die waarneming van mense se optrede en uitsprake, dit te ontleed en waardes daarin te identifiseer. Hier is die gebruik van 'n vooraf opgestelde presiese definisie van waardes en 'n kategorisering van waardes gerieflik.

Soos by persoonlike ondervraging is die vasstelling van waardes deur interpretasie van optredes en uitsprake problematies. Soos by persoonlike ondervraging is daar

nie werklik 'n manier om die betroubaarheid of geldigheid van die afleidings te verifieer nie. Spates (1983: 35) stel 'n argument van Blakes en Davis (1964) in dié verband as volg: *Because values ... have to be inferred, either from statements about belief or from behavior, we have no logical way of 'getting back to' them from the data ...* Self sê Blake en Davis (1964: 460):

> Can we take people's statements and reinterpret them to get at 'underlying' values? Yes, provided we wish to make the questionable assumption that verbal statements inevitably reflect real values, and provided that we admit that the process of symbolic reinterpretation in itself has no empirical controls and consequently may differ radically from one observer to another.

Die kontekste waarin hierdie metodes waardes probeer ontgin of vasstel, is enkelinge se gedrag (Par 73(b)) en groeperinge se kollektiewe optredes (Par 73(d)).

Weer: Die oriëntasie-aard van waardes maak die resultate van hierdie metode van waardevasstelling besonder aanvegbaar. Die identifikasie van waardes is inherent - deur die vlakke van abstrahering en interpretasie - 'n inlees van waardes in die waargenome gedrag en uitsprake. As dit is hoe ons denke oor menslike en maatskaplike verskynsels werk, het dit uiteraard implikasies vir wetenskapsideale soos objektiwiteit, verifikasie en kontrole.

Par 78

Onder gedokumenteerde kulturele materiaal sou alle dokumente wat handel oor mense se doen en late ingesluit kon word. Die vasstelling van waardes neem hier die

vorm aan van dokumente-ontleding in onderskeiding van sogenaamde veldondersoeke. Publikasies, beeld en klankopnames, teater, kuns, selfs argitektuur, sou gereken kon word tot gedokumenteerde kulturele materiaal. Publikasies sou insluit wetenskaplike, filosofiese, teologiese, ideologiese geskrifte, joernalistieke rapportage; maar ook prosa, poësie en ander "fiksie". Alles wat gebeure en opvattings rapporteer, beskryf, ontleed, kritiseer of daarop kommentaar lewer. Daar is vir hierdie wyse van waardevasstelling goeie aanbevelings en klassieke voorbeelde: Comte se aanwysing van geskiedskrywing as die eintlike materiaal van die sosiologie; Sorokin se bepaling van kultuurmentaliteite deur 'n studie van onder andere wetenskap en kuns deur die eeue; Max Weber se studie van Protestantse etiek en die gees van kapitalisme (waar *etiek* en *gees* albei na waardes verwys); Durkheim se studie van Frazer se werk oor primitiewe godsdiens. Die hele biblioteek van sosiale geskiedenis en sosiale filosofie is soveel geskikte materiaal vir die vasstelling van waardes uit literatuur, dat die derde metode ewe goed die historiese metode genoem sou kon word - 'n gewaardeerde metode in sosiale studies wat ook nog die tyds- en veranderingsperspektief ontgin.

Sekere dokumente is natuurlik meer strategies vir die vasstelling van waardes: openbare debatte, veldtogte en kollektiewe bewegings, amptelike verslae van kommissies van ondersoek dokumenteer dikwels "brandpunte" vir die manifestasie van waardes. Biografieë is 'n vanselfsprekende bron vir die identifisering van bepaalde enkelinge se waardes.

Al vyf die kontekste genoem in Par 73 sou ontgin kon word vir die vasstelling van waardes op dié manier - solank dit maar werk vanaf *gedokumenteerde* materiaal.

Dit is moontlik om 'n onderskeid te maak tussen die dokumentering van *feite* en van *fiksie*. 'n Sosiaal-historiese roman of 'n kunswerk werk meer met verbeelding as met *feite*. Maar albei manifesteer of is 'n uitbeelding van waardes - 'n bewys dat die betrokke waardeoriëntasies bestaan of bestaan het in die tyds- en sosiale ruimte waarin die roman afspeel of die kunswerk geskep is. Daar is geen werklike rede waarom die bestaan van waardes wat deur inhoudontleding van prosa en kuns vasgestel word minder seker, betroubaar of geldig sal wees as die antwoorde van enkelinge wanneer hulle na hul waardes gevra word nie. Skrywers en kunstenaars is dikwels veel meer sensitief in hulle identifikasie van waardes (dominant en variant!). Hulle is ook soms meer effektief in hulle eksplikasie daarvan.

Maar weer is dit by die derde metode 'n interpretasie van 'n oriëntasie wat as *waarde* gekonseptualiseer word. En ook dié wyse van waardevasstelling voldoen moeilik aan die strengste eise van objektiwiteit en verifikasie. Waardes as kulturele oriëntasies laat hul eenvoudig nie objektiveer en presiseer vir sodanige verifikasie nie. *Values is a type of belief,* sê Rokeach. *One can but believe that one has indicated the existence of these beliefs.*

En operasionalisering? In Par 13 is die volgende gesê:

Operasionalisering is nie slegs 'n gerieflike positivistiese tegniek nie. Dit is 'n vanselfsprekende presisering van 'n alledaagse kentegniek: logiese afleiding gegrond op waarneming van aanduidings van die bestaan van 'n bepaalde verskynsel. Dit beteken dat kritiek wat teen bepaalde wyses van operasionalisering van waardes ingebring word, ernstig opgeneem moet word, maar dat die "metodologiese beginsel" van dié werkwyse self nie verwerp kan word nie.

*Metodologiese beginsel* is klaarblyklik hier 'n te deftige woord. Maar operasionalisering kan meer of minder gesofistikeerd of formeel wees. Die sogenaamde Toets vir Waardeoriëntasies (Joubert, Par 57) is een voorbeeld van die gebruik van die eerste metode vir waardevasstelling by enkelinge. Die kategoriseerde waardes is "geoperasionaliseer" in die vorm van waardestellings waarop respondente moet reageer - op die gebruiklike *skaal* van aanvaarding-verwerping. Dit is 'n voorbeeld van relatief formele operasionalisering. Aldrie vasstellingsmetodes gebruik egter logies en noodwendig aanduidings as grond vir afleidings dat bepaalde "waardes as feite" bestaan.

## Afdeling K Teoretisering oor waardes in gedrag

Par 79

In voorafgaande paragrawe is by herhaling gepraat oor die verband tussen waardes en gedrag. Hierdie verband is afwisselend gesien as vanselfsprekend, problematies, variërend, feitlik onbewese, ensovoorts. Die feitelike rol wat waardes in gedrag speel, sou natuurlik deur empiriese navorsing vasgestel kon word en 'n streng empiristiese wetenskapsbeskouing sou dié rol of invloed alleen erken en aanvaar wanneer en vir sover dit "empiries bewys" is. In ooreenstemming met die hele gees van hierdie opstel, beskou ek die verband tussen waardes en gedrag in die eerste instansie as *teoreties* van aard. Waar *teoreties* beteken dat 'n *verklaring* of *interpretasie* gegee word van die rol en invloed van waardes op gedrag (en/of anders om). As in so 'n teoretisering die empiriese verifikasie of substansiëring afwesig is, meen ek nie dat die verbandstelling daarom sinloos is nie. Uiteindelik sou ek 'n empiries-bewese verband koppel aan een tipe verklaring of interpretasie van die rol van waardes in gedrag - een wat die addisionele voordeel van empiriese substansiëring en presisering het. Hierdie metodologiese standpunt is, glo ek, gepas en sinvol in 'n *geesteswetenskaplike* benadering tot menslike en maatskaplike verskynsels; meer so as 'n positivistiese benadering wat aandrang op elementele en maksimale empirisiteit. Ek meen dat 'n geesteswetenskaplike beskouing

met 'n ander konsepsie van empirisiteit werk. Te meer ten opsigte van die rol en werking van waardes wat per definisie en uiteraard as oriëntasie nooit die feitlikheid, presisering of empirisiteit kan hê of bereik van ander verskynsels waarvan die "werklike bestaan" met soveel meer sekerheid vasgestel kan word.

Hierdie metodologiese standpunt geld ten opsigte van die rol van waardes in die gedrag van enkelinge, maar ook ten opsigte van die rol en werking van waardes in maatskaplike struktuur, kultuur, of wat in die volgende Afdeling gewoon genoem word samelewing. Die *gedrag van die enkeling*, en *maatskaplike struktuur* is klaarblyklik nie dieselfde ruimte vir die werking van waardes nie. Laasgenoemde is vanselfsprekend meer "abstrak" as eersgenoemde. Maar *abstrak* is 'n funksie van die vlak van teoretisering, wat beteken dat teoretisering oor waardes in *gedrag* en *samelewings* sal verskil - en daarom ook apart bespreek word.

Nog 'n "metodologiese standpunt" wat teen dié tyd ook duidelik sou moes wees, is dat ek nie 'n skerp skeidslyn trek tussen *filosofering* en *sosiaal-wetenskaplike teoretisering* oor waardes nie - wel tussen filosofering/teoretisering en empiriese navorsing. Filosofering oor die rol van waardes kan beskou word as 'n vorm van teoretisering. Aksentverskille is daar wel maar dit is logies dieselfde "wyse van denke" wat hier toegepas word.

'n Laaste metodologiese standpunt wat veral geld vir teoretisering in samelewingskonteks (Par 73(e)), maar ook in die konteks van individuele gedrag (Par 73(b)) is die

aanwesigheid van 'n *ideologiese aksent* in teoretisering. Ook hierdie standpunt is reeds in verskeie voorafgaande paragrawe meer of minder eksplisiet gestel.

Par 80

Wat is dan die belangrikste teoretiese interpretasie van die rol en invloed van waardes op individuele gedrag? Ten minste die volgende interpretasies behoort kortliks (weer) gestel te word:

(a) Kotze (1984R) haal vir Coertze (1979) as volg aan:

In hierdie sisteem van waardes lê opgesluit die positiewe en negatiewe riglyne, of norme (gebooie en verbooie) waarvolgens die ganse lewe van elke mens binne etnosverband gerig word. ... Dit is 'n lig op sy pad en die lamp vir sy voet op sy gevaarlike reis van dag tot dag die toekoms in. Hy moet dit koester, anders gaan hy verlore.

(b) Self sluit Kotze hom aan by O. von Meiring (1961) wat waardes plaas in die konteks van wisselende en veranderende ervarings en handelinge van mense:

Values do not merely exist as referents in die individual's thoughtspace. They are part of his life situation because they have the potential for individual emotional *commitment* and *validation* through conduct. ... We are thus interested in the problem of locating values in human existence; of how values arise out of 'real' action, and why some, rather than others, become institutionalized or fixed (Von Mering, 1961: 67).

(c) De Vries (1948R) beweer in Par 6 dat die rangorde van waardevoorkeure wat by elke individuele mens aangetref word bepalend en van deurslaggewende betekenis

is in daardie persoon se lewe, keuses en handelinge. Mense verskil van mekaar op grond van die waardevoorkeur wat hulle huldig.

(d) Ook in Par 6 het Degenaar (1984R) die rol wat waardes in die lewe van mense speel, as *basies* beskryf. In sy formele definisie van waardes sê hy dat dié regulatiewe beginsel normatief funksioneer in die besinning, beoordeling en die optrede van mense (Par 70).

(e) Gouws (1984D) beklemtoon waardes as die *bron van motivering* (Par 6).

(f) Du Preez (1984D) ontken dat daar 'n enkele verhouding tussen waardes en gedrag is. Waardes sou gedrag kon weerspreek, rasionaliseer, mistiek maak, kongruent daarmee wees, en "in nog baie ander verhoudings tot gedrag kon staan" (Par 6).

(g) Preston-Whyte (1984R) sê: *Despite fifty years of study we do not have any clear or generally accepted model* ('n model is teoretisering!) *of how values affect behaviour* ... (Par 6).

(h) Ten opsigte van Parsons is in Par 41 e.v. aangetoon dat hy in sy sogenaamde voluntaristiese teorie van handeling 'n belangrike rol aan waardes in individuele handeling toeken. Ook dat die skema van patroonveranderlikes waardedilemmas teoreties struktureer vir individuele keuses en beslissings. Daar is egter ook op gewys dat Parsons se latere sisteemteorie nie kongruent is met die voorstelling van die werking van waardes in

gedrag nie. En dat vanuit die sisteemteorie die werking van waardes ook op die vlak van individuele gedrag 'n sterk deterministiese aksent kry.

In Par. 43 is na aanleiding van Parsons se werk tot die gevolgtrekking gekom het dat sisteemteoretisering die werking van waardes in persoonlike handelingsituasies nie bevredigend kan verklaar nie. Maar ook nie hóéf nie, omdat 'n verklaring van wat in 'n handelingsituasie plaasvind, en sisteemteorie, twee verskillende modes van analises is - ook en veral ten opsigte van waardes. Een belangrikste verskil tussen die twee modes van analise is in Par 45 reeds aangedui as geleë in die validasie-kriteria: die vraag na die noodsaaklikheid en graad van empiriese verifikasie.

(i) Self het ek in Par 44 gesê dat waardes of waarde-oriëntasies normatiewe komponente is in mense se denke en optrede.

(j) Die (moontlike) negatiewe uitwerking van sosiaal-wetenskaplike interpretasies op enkelinge se waardes in Par 59-63 bespreek.

(k) Dat (kennis van) waardes gebruik kan word in ideologiese beïnvloeding en manipulasie is in Par 65 aangetoon.

(l) Uiteraard is sosialiseringsteorie die belangrikste verklaring van die aanleer en toepassing van waardes deur individue.

Daar bestaan verskeie sosialiseringsteorieë maar dié van Parsons, wat 'n rekonseptualisering van Freud se voorstelling van persoonlikheidsontwikkeling is, is waarskynlik die mees gesofistikeerde en oortuigendste. Parsons (1951: 208) definieer sosialisering as *the learning of any orientation of functional significance to the operation of a system of complementary role-expectations*. Hiermee is die klem op rolverwagtings gegee maar uit Parsons se presiese uiteensetting van die teorie is dit duidelik dat waardes 'n aller belangrike oriëntasie is wat in die proses van sosialisering in die persoonlikheid *geïnternaliseer* word. Die internalisering van waarde-oriëntasies beteken dat die betrokke individu tegelyk kennis het van die bepaalde oriëntasies en gekompromiteerd voel om dit na te kom of uit leef.

Par 81

Die funksies, rol en werking van waardes in die konteks van individuele gedrag behoort met bostaande voorbeelde genoegsaam duidelik te wees. Verskeie ander funksies wat waardes in dié konteks vervul, sou bygevoeg kon word. Ook sou geteoretiseer kon word oor die uitwerking wat individuele gedrag op waardes het - 'n area van ondersoek wat byna onaangeraak lê. Maar die prentjie behoort duidelik te wees: In teoretisering oor die rol van waardes in individuele gedrag is die oorheersende interpretasie dat waardes 'n onmisbare en positief-rigtinggewende rol speel. Hierdie veralgemening is nie sonder probleme nie.

Par 82

In die eerste instansie is dit nie baie presies nie. In Par 72 is die volgende denkruimtes of denkmodes waarbinne waardes as oorwegings sou kon opereer, gelys: Besinning, interpretasie, voorstelling, beoordeling, evaluasie,seleksie, motivering, regverdiging. Die vraag wat by teoretisering omtrent altyd onbeantwoord bly is: Hoe presies, wanneer en waarom opereer watter waardes in hierdie denkmetodes? Hoe presies, in watter omstandighede en hoekom juis dan, laat 'n persoon Waarde X toe om rigting te gee aan sy interpretasie, evaluasie en motivering tot optrede in 'n bepaalde situasie? Hoekom word dieselfde waarde soms as motivering vir optrede aangegee, ander kere as 'n regverdiging? Hoe dikwels tree 'n persoon op sonder enige besinning oor waardes? By watter gedrag in watter omstandighede is waardes minimaal ter sake? In watter omstandighede verdring ander nienormatiewe oorwegings die inagname van waardes wat op navraag onderskryf word? Hoe dikwels, wanneer en hoekom, gaan so baie gedrag direk in teen dié waardes wat in ander omstandighede aangeprys word?

Hierdie vrae kan klaarblyklik nie enigsins presies teoreties beantwoord word nie. Sou hulle deur empiriese navorsing beantwoord kan word? Moontlik, vir een enkele situasie van deurdagte optrede deur een persoon op 'n slag. Dan nog sal die ondersoeker die woord en daarmee die self-analise van die betrokke akteur moet aanvaar: Persoon A het gesê dat hy in sy optrede C hom laat lei het deur Waarde X. En ander waardes en ander nie-waarde oorwegings? En, as hulle ook 'n rol gespeel het, wat

was die relatiewe krag van die verskillende oorwegings in die beslissing om só en só op te tree?

Dit is klaarblyklik 'n onbegonne taak vir 'n ondersoeker om die presiese werking van waardes in selfs ekspliesiet-gemaakte deurdagte handelinge vas te stel. Soos wat dit vir die betrokke akteur ook onmoontlik is om te sê watter aandeel 'n bepaalde waarde presies in 'n bepaalde optrede het, gehad het of in die toekoms sal hê. As oriëntasies, is waardes deel van die werking van *the windmills of the mind*. In meeste gevalle sal die akteur en die ondersoeker egter tevrede moet wees met die gevolgtrekking dat *the value did cross the mind*. 'n Algemene normatiewe oriëntasie se rigtinggewende werking laat sigself kwalik presiseer tot die punt van verifikasie van die verloop van die denkproses. As Max Weber se tegniek van empatie en *inlewing* in die ander persoon se situasie, psigoanalise en ander sielkundige ontledings van denkwêrelde groter helderheid en presisie kan bring, is hierdie tegnieke uiteraard beperk tot 'n bepaalde individu in 'n bepaalde situasie. Veralgemening is minimaal moontlik.

Par 83

Die probleem om presiese empirisiteit te bereik in die konteks van individuele gedrag, beteken ook dat alle teoretisering wat die rol van waardes verabsoluteer, verdag is. Voorbeelde van sodanige verabsolutering - dat waardes in die eerste en laaste instansie deurslaggewend is - het ons herhaaldelik gehad. Dit is veral

hierdie verabsoluterings wat 'n onmiskenbare ideologiese aksent dra. *Waardes is deurslaggewend* is 'n klassieke voorbeeld van 'n waarde-uitspraak wat as feitlike uitspraak voorgehou of geglo word. En dit is presies Bergman (1968: 129) se definisie van 'n ideologiese uitspraak.

Par 84

As teoretiese uitsprake oor die rol van waardes in individuele gedrag die gerusstelling van empiriese verifikasie ontbeer, het hulle terselfdertyd 'n dubbele funksionaliteit en sinvolheid. Hierdie uitsprake is een manier waarop gedrag verstaan en verklaar word. En, dit is 'n effektiewe aandrang vir die inagname van waardes. Teoretiese interpretasies van gedrag in terme van waardes bevorder dus gelyktydig 'n begrip van gedrag en die normatiwiteit van daardie gedrag.

Par 85

Daar is in sielkundige studies van kognitiewe prosesse gevorderde werk gedoen oor die verband tussen gedrag en houdings. As waardes iets van 'n obsessie by sosioloë en antropoloë geword het - of was, was houdings nog altyd 'n gunsteling konsep - en 'n harde neut - vir sielkundiges. Veral meer resente sielkundige navorsing en teoretisering oor houdings is insiggewend by pogings om individuele gedrag en waardes bymekaar uit te bring. Die konseptuele metodiese en verklaringsparallelle is

voor die handliggend. Ook houdings is "oriëntasies", maar tradisioneel 'n ingesteldheid teenoor 'n spesifieke objek of gegewe. Soos by waardes is dit 'n ou aanname dat houdings ook 'n persoonlikheidskenmerk (*trait*) is wat ten minste 'n mate van konsekwentheid in gedrag waarborg. Daarom ook dat sielkundiges houdings ondersoek as 'n *voorspeller* van gedrag. In die sielkunde het die debat oor gedrag-houdings dieselfde uiterstes in standpunte laat sien wat ten opsigte van waardes na vore gekom het: houdings bepaal gedrag, en, houdings toon geen korrelasie met gedrag nie.

In 'n onlangse besonder boeiende referaat bespreek Duckitt (1985) die wel en wee van sielkundige konseptualisering, empiriese navorsing en teoretisering van houdings. Ek meen dat ten minste die volgende inhoude ter sake en insigtelik is by (alle) pogings om die verband tussen waardes en gedrag te verstaan:

(i) Die veralgemening in die vroeë sewentigs dat daar geen essensiële verband tussen houdings en gedrag is nie, word deur onlangse navorsing verwerp en beskou as die resultaat van *a serious misconception of the nature of the attitude-behaviour relationship theoretically implied by the construct of attitude.*

(ii) Houdings is afwisselend gesien as 'n unidimensionele, veelvuldige komponents- en (uiteindelik weer) as 'n unidimensionele konsep.

(iii) Die afwysing van 'n houding-gedrag-verband word beide *sterk* en *swak* geformuleer:

In its strong form it based itself upon the assertion that human beings have no basic inner tendency towards consistency in behaviour. This approach has been quite popular among cognitive social psychologists who have demonstrated that apparent behavioral consistencies resulting in trait-like attributions can occur in the absence of any real consistency, owing to selective attention, selective memory and other biased forms of information processing. Thus behavioural consistencies such as traits, attitudes and suchlike are merely constructs of the perceiver.

In its weak form this conclusion has involved an acceptance that attitudes and behaviour would generally tend to be uncorrelated in practice, without, however, denying at least some tendency towards consistency in behaviour. The lack of empirical consistency between behaviour and attitudes is then attributed to numerous other competing factors, which in their influence on behaviour would cancel out or disguise any overt effects deriving from one particular attitude. This approach has resulted in the compilation of long lists of such competing factors ... under headings such as interpersonal, situational and so forth.

(iv) Veral twee benaderings het meer onlangs probeer om die verband tussen houdings en gedrag te "herstel".

The moderator-variable approach rests on the premise that attitudes do relate to behaviour but that the strength of this relationship may be variable and contingent on certain others factors.

Meer vrugbaar was die strategie van die sogenaamde korrespondensieteorie, ontwikkel uit veral die werk van Ajzen en Fishbein.

To predict highly specific behavioural acts towards an object, attitudinal measures of equivalent specificity should be used. Thus, a specific behavioural act should be predicted not from a general attitude towards the object of the act but from the specific attitude towards the act.

Hiermee saam het 'n tweede beklemtoning gegaan: Houdings is nie die enigste faktor wat gedrag *bepaal* nie. Een ander faktor wat van kritiese belang is in voorspelling van gedrag in 'n spesifieke situasie, is die normatiewe druk wat op die individu uitgeoefen word: alters en hul verwagtings teenoor die akteur en sy geneigdheid om aan dié verwagtings te voldoen.

(v) Die korrespondensieteorie het duidelike beperkings:

By discarding a generalized attitude to an object and fragmenting this concept into situationally specific attitudes towards individual acts, the capacity of the concept to predict behaviour parsimoniously is lost.

Maar ook: As spesifieke gedrag voorspel moet word vanaf spesifieke houdingsmetings, beteken dit ook dat algemene houdingsmetings nie spesifieke handelinge met groot sekerheid kan voorspel nie.

(vi) Algemene houdings kan wel algemene patrone van gedrag teenoor houdingsobjekte voorspel: *When the general pattern of behaviour towards an object is considered over a number of different acts and situations such situation specific influences should largely average out*. Daar is ook, sê Duckitt, navorsing waarin algemene houdingsmetings hierdie korrelasie steun. Dus:

Behaviour averaged over a sample of situations or occasions can be effectively predicted from trait measure. ... Attitudes and traits do predict behaviour and indeed do so quite effectively. What these dispositional constructs do not do and cannot be expected to do, are to consistently predict single behavioural acts at high levels of accuracy.

# Afdeling I. Teoretisering oor Waardes in Samelewings

Par-86.

*Maatskaplike struktuur, kultuur* en *samelewing* is abstraksies. Soos *waardes*. Die rol, belang en werking van waardes in samelewings is dus dié van abstraksies binne 'n abstrakte ruimte. Denke hieroor moet noodwendig teoreties wees. Hoe naby hierdie teoretiese interpretasies aan die waarneembare werklikheid kom, sou 'n mens by elke interpretasie kon beoordeel. Maar naby-kom-aan is nie 'n eenvoudige korrelasie met getuienis van die sintuie of ervaring nie. Soos wat waarneming en ervaring selektief is, is voorstellings van *die samelewing* en teoretiese interpretasies daarvan, selektief. As die waarheid en geldigheid van voorstellings en teoretiserings oor samelewings geverifieer sou kon word, sou die klassieke en volgehoue debat tussen konsensus- en konflikteoretici, tussen waarde- en belangeteorieë, tog al lankal besleg kon word. Meer nog: Nie alleen het teoretici 'n sekere koppigheid oor hulle samelewingsinterpretasies nie, maar ook "gewone mense" het 'n koppigheid oor hul siening van die maatskaplike werklikheid. Daarom weer: Teoretiese interpretasies en voorstellings, ook en veral van die werking van waardes in maatskaplike struktuur of op samelewingsvlak, het 'n eie geldigheid en 'n eie sinvolheid. Hierdie geldigheid en sinvolheid hoef nie afhanklik gestel te word van empiriese verifikasie nie. Tot die mate wat teoretiese

interpretasie, ook van waardes, gesteun word deur waarneming en ervaring, wen sulke interpretasies wel aan geldigheid en sinvolheid omdat hulle meer kennis bybring, ter sake maak, en ons beeld, begrip en ervaar van die werklikheid konsolideer. Maar *die werklikheid* staan nie soos 'n maagd of monster buite op ons en wag nie. Wat ons as *werklikheid* reken en ervaar, is die leefwêreld wat ons én ge-erf én gekonstrueer het; wat ons daagliks rekonstrueer en meer of minder leefbaar maak - ook deur waardes.

Par 87

Die belangrikste teoretiese interpretasies van die werking van waardes op samelewingsvlak kan kortliks soos volg aangedui word:

(a) Waardes is voorwaarde en waarborg vir maatskaplike ordelikheid. Hierdie standpunt staan teenoor die een wat beweer dat ordelikheid primêr verseker word deur magsuitoefening. Verskillende teoretici verskil in die formulering van hierdie standpunte: Soms is dit absolutisties en ongekwalifiseerd, ander kere relatief en gekwalifiseerd.

(b) Waardes is normatiewe oriëntasies wat rigtinggewend werk in kollektiewe ruimtes. Teenoor dié interpretasie staan die een dat waardes (alleen maar) funksioneer as regverdigings vir belange-optrede.

c) Wanneer vlakke van algemeenheid/spesifiekheid van ormatiewe patrone onderskei word, plaas teoretici meer ikwels waardes in 'n oorheersende vlak of posisie in ergelyking met meer beperkte en voorskriftelike normaiewe patrone soos norme, rolvoorskrifte, situatiewe eëls of tegniese regulasies. Die presiese aard van ierdie *oorheersende* posisie - die presiese inwerking an waardes op ander normatiewe patrone - is nie in alle eoretisering duidelik nie. Sommige interpretasies sugereer dat waardes die ander komponente *determineer*. nder dat waardes as mees algemene normatiewe oriëntasie ie meer spesifieke normatiwiteite *informeer*. Die nformeertese is in essensie dieselfde as die idee dat aardes die laaste appél is wanneer mindere normatiewe riëntasies bevraagteken word.

'lakke van "normatiwiteit" word onderskei in die teoreisering van Parsons, Smelser en Joubert en ek meen ook eïmpliseer deur Van Niekerk se onderskeiding van norm n metanorm (sien Par 70).

n Par 70 (17) is gewys op Touraine se standpunt oor die erband tussen waardes en norme. Daar is geoordeel dat ouraine nie eksplisiet die idee van vlakke van normatiiteit-tese verwerp nie, maar baie definitief enige oodwendige beherende verhouding tussen waardes en norme fwys. Presies gelees is Touraine se uitspraak deel van n hele samelewingsbeskouing: Die ordelikheid en organiasie van samelewings is nie te verklaar of te verstaan n terme van kulturele waardes nie, maar in terme van las- en magsverhoudings wat vanuit belange-posisies eëlings en reëls daarstel en afdwing. Hierdie is 'n

berekende en algemene samelewingsbeskouing van baie sosioloë. As dit oorspronklik sterk geïnspireer is deur Marx se denke, sou nie almal wat hierdie interpretasie onderskryf sondermeer Marxiste genoem kon word nie. Daarvoor is hierdie teoretiese interpretasie in té algemene terme geformuleer, en het, tweedens, Marxistiese denke hierdie interpretasie ook op uiteenlopende wyses geherfomuleer, gepresiseer en verfyn.

Dit is nie wat gebeur het ten opsigte van die waardetese nie: Samelewingsbeskouings in terme van waardes bly steeds in mees algemene terme geformuleer en word herhaal as 'n *vanselfsprekendheid* sonder veel moeite met presieser teoretisering of empiriese substansiëring.

(d) Waardes is die belangrikste komponente van 'n kultuur as simboliese sisteem. Dit is hierdie "uiteindelike" kenmerk wat die besondersheid of "identiteit" van 'n kollektiwiteit se lewenswyse definieer.

(e) Dit is algemeen vir teoretici om van waardesisteme te praat. Die begrip veronderstel dat bepaalde waardes nie net duidelik is nie, maar ook 'n logiese geïntegreerdheid vertoon. Die sterkste formulering in die verband is ongetwyfeld dié van Florence Kluckhohn: *Value orientations are complex but definitely patterned rank-ordered principles* (Par 49).

(f) Daar word dikwels onderskei tussen dominante en variante waardesisteme. Florence Kluckhohn praat selfs van talle variante of *subsituut* profiele. Sy sê verder:

It is postulated that in both the dominant and the variant profiles there is almost always a rank-ordering of the preferences of the value-orientation alternatives. ... In societies which are undergoing change the ordering of preferences will not be clearcut for some or even all the value-orientations (Par 49).

Dit is belangrik om daarop te let dat Kluckhohn se onderskeiding nie dié tussen geheel verskillende waardesisteme is nie. Haar interpretasies is dat alle samelewings 'n beperkte aantal *menslike probleme* het wat 'n beperkte aantal oplossings het. 'n Beperkte aantal variasies bestaan ten opsigte van die oplossings. 'n Bepaalde waardesisteem sentreer (*cluster*) dan blykbaar rondom sekere variasies (van *oplossings* wat gelykgestel word aan waardeoriëntasies). Wat nie duidelik is nie, is of dominante waardesisteem dan slaan op die *variations-cluster* wat deur die meeste lede van die kollektwiteit (samelewing) aangehang of gehuldig word, of dit slaan op die onderskrywing van die meer essensiële kerne van waardeoriëntasies - terwyl bepaalde kollektiwiteite in dieselfde samelewing hulle waardes net effens anders, effens gevarieerd formuleer. Hier weer, is die idee van sisteme van waardes 'n voorbeeld van die vaagheid wat onvermydelik saamgaan met abstrakte teoretisering.

(g) Die onderskeie institusionele areas het eie waardes wat verband hou met die besondere area se inhoud - byvoorbeeld godsdiens, politiek, opvoeding, regspleging, beroepslewe, kuns, wetenskap, ensovoorts. Vrae wat binne hierdie teoretiese opvatting ontstaan, is ondermeer die volgende: Is daar in (alle?) samelewings wel 'n essensiële korrelasie of homogeniteit tusen die waardes

van onderskeie instellings? Tot watter mate is *institusionele* waardes slegs 'n "verbesonderliking" van die *algemene* of *dominante* waardes? Is daar sekere instellings, soos byvoorbeeld godsdiens, wat *toonaangewend* is ten opsigte van ander instellings se waardes? Is daar soms botsings tussen instellings op waardevlak? Watter instellings is meer *behoudend* en watter meer *liberaal* ten opsigte van waardes? Wat was die implikasies vir waardes van die historiese differensiasie van instellings - en die voortgesette verandering binne hierdie institusionele areas?

Natuurlik is daar studies wat hierdie en verwante vrae probeer beantwoord. Teoretiese studies bereik egter selde indien ooit groot definiteit oor hierdie vrae. Empiriese ondersoeke is gewoonlik gevallestudies wat selde veralgemening toelaat.

(h) Verskeie teoretici (vergelyk Par 70) koppel die belangrikheid en funksies en kategorisering van waardes aan sekere basiese probleme en probleemareas in (alle) samelewings. (Vergelyk Par 70 (24)). Hierdie probleme word verskillend gekonseptualiseer en lei tot verskillende kategoriserings van samelewingswaardes as normatiewe hanterings vir die probleme. Beide die onderskeiding van basiese probleme en klassifikasies van waardes is natuurlik teoretiese konstruksies. By 'n sosioloog soos Parsons is hierdie konstruksies duidelik en koherent, en deduktief-logies opgestel: die uiteindelike skema volg uit basiese aannames oor samelewingstruktuur. By ander teoretici (soos die Kluckhohn's) is die spesifikasie van die samelewingsprobleme meer *ad hoc*.

Daar is ook waardestudies soos dié van Williams (Par 52) wat gewoon waardes in verskeie institusionele kontekste ontleed sonder om vooraf 'n enigsins sistematiese samelewingsbeeld te konstrueer.

(i) Die idee van 'n *kultuurmentaliteit*, tydsgees of Zeitgeist impliseer dat sekere basiese waardes die hele samelewing deurdring en 'n ideële konformiteit en konsensus bewerkstellig. Hierdie tydsgees is in meer as een opsig so wyd soos die Heer se genade.

(j) Daar is die teoretiese opvatting dat alle samelewings dieselfde basiese waardes het. Loubser (Par 56) se skema van universele waardes is so 'n interpretasie.

(k) Waardes se algemene normatiewe gerigtheid impliseer ook 'n idealiteit - wat nie altyd hier en nou bereik kan word nie - en waardes word dan ook soms gelykgestel met ideale, *ideal end-states* (Rokeach) of, meer aards, doelstellings van samelewings.

(l) Dit is 'n algemene teoretiese formulering dat waardes in 'n bepaalde maatskaplike stuktuur ingebou word deur die proses van "institusionalisering", en in persoonlikhede gevestig word deur prosesse van sosialisering en internalisering. Net soos wat daar gereeld gewaarsku word teen a *oversocialized conception of man* (Dennis Wrong), is daar ook in sekere teoretiserings twyfel oor waardes se "vastheid" in die samelewingstruktuur.

(m) Die rol - of lot - van waardes in maatskaplike verandering, modernisasie, akkulturasie, sosiale ontwrigting, hervorming en beplanning, is in teoretisering dikwels omstrede en teenstrydig. Spesifiek by hervorming is daar die botsende standpunte dat waardekonsensus 'n voorvereiste is, en, die geloof dat waardes sekondêr is teenoor die prioriteit van ekonomiese en politieke veranderinge. In dié verband is die verwysing na die RGN se studie van Intergroepverhoudinge in Suid-Afrika ter sake (Par 65).

(n) Die hele gebied van maatskaplike probleme is een waar verklarings (en *oplossings*) dikwels in terme van waardes aangebied word. Voor die handliggende voorbeelde is armoede en misdaad. Die begrippe *armoedkultuur* en *subkultuur* suggereer dat hierdie probleme ontstaan uit en voorkom in kontekste waar waardes ten minste *variant* is, indien nie *afwykend* nie. In albei gevalle is dit nie soseer die enkeling se eie twyfelagtige waardes wat die probleme veroorsaak nie, maar waardes in die leefwêreld van hierdie mense. Weer staan teenoor hierdie *sosiaal-kulturele* verklarings - wat uiteindelik teruggaan op waardes - sogenaamde *strukturele* verklarings wat beide armoede en misdaad verklaar in terme van ekonomiese en politieke reëlings ten opsigte waarvan enkelinge min seggenskap het.

(o) Die verklaring van samelewingsverskynsels in terme van geselekteerde waardes en die propagering van hierdie waardes het 'n onmiskenbare ideologiese aksent - wat volledig eksplisiet word wanneer 'n eksplisiete ideologie vir sigself bepaalde waardes opeis.

Par 88

As die oorgrote meerderheid van bostaande teoretiese interpretasies van die rol van waardes op samelewingsvlak, daardie rol as positief, selfs as noodsaaklik vir die handhawing van die samelewing voorgehou het, staan hierdie samelewings- en waardebeskouing steeds teenoor 'n ander samelewings- en waarde-interpretasie: Die teoretisering dat samelewings primêr deur die werking van ekonomiese en politieke belange georden word en dat waardes nie-strategiese oorwegings en grootliks private opsies is. Al twee die beskouings is in essensie verabsoluterings en dit is ten opsigte van sulke uiters veralgemeende teorieë dat meer gesonde verstand en ervaring 'n meer *empiriese* korreksie sou kon aanbring.

Saam met verabsolutering gaan baie dikwels reifikasie - die verdingliking van abstraksies. Daar is in sosiale wetenskap twee standpunte ten opsigte van reifikasie: Dat dit ontoelaatbaar is, en, dat dit kwalik voorkóm kan word in teoretisering maar ook nie so vreeslik skadelik of verwringend is nie. Persoonlik is ek meer geneë tot die tweede standpunt, maar dan met die volgende opmerkinge:

(i) Uitsprake soos: die samelewing vereis dit, sal dit nie toelaat nie, of, waardes bepaal beslissings, ensovoorts is 'n wyse van spreke en voorbeeld van 'n algemene en baie menslike neiging om in verklaringsdenke abstraksies te verpersoonlik. Die beswaar teen sulke formulerings is nie soseer dat hulle naïewe teoretiserings is nie, maar dat hulle so oppervlakkig en onpre-

sies is dat hulle bitter min sê oor die ingewikkelde werking van samelewings en waardes. Reifikasies *verwring* dus nie soseer teoreties denke nie, as dat dit nie baie insigtelik is nie.

(ii) Die uitdrukking *by wyse van spreke* is empiries en logies 'n toutologie: Alle uitsprake, alle teoretiese interpretasies, is 'n wyse van spreke. Ons verstaan en verduidelik slegs deur en met woorde. Baie sosiaalwetenskaplikes aanvaar dat ook in sosiale wetenskap ons nie van metafore weg kom nie - hoe abstrak, teoreties, gesofistikeerd of onverstaanbaar ons ookal formuleer. Ek skaar my graag by hierdie standpunt, en sou sê dat waarskynlik die meeste gevalle van reifikasie sigself "skuldigmaak" aan die gebruik van metaforiese konstruksie. Daar is 'n wysheid in die woorde wat op Max Weber se grafsteen gebeitel is: *Alles Vergängliche ist nur ein Gleichnis*.

Par 89

Soos ten opsigte van waardes se rol in individuele gedrag, volg twee gevolgtrekkings uit die voorafgaande: Die interpretasie van die maatskaplike struktuur van samelewings in terme van waardes, is 'n manier om daardie struktuur te verstaan. En, as so 'n interpretasie aan waardes 'n positiewe rol en funksies toeken, bevorder hierdie interpretasie die normatiwiteit-deur-waardes in daardie samelewings.

Par 90

n Laaste punt wat by teoretisering oor waardes op samelewingsvlak gemaak moet word, is een wat mees duidelik eur Du Preez (Parr 31-33) gestel is: Sosiaal-wetenskaplikes moet ook krities dink en praat oor waardes. ritiese denke oor waardes is uiteraard meer as kritiese ntleding van die logika van bestaande teoretiserings. s ook waardeteoretiserings 'n bydrae maar tot die beordering of ontmoediging van waardes, moet 'n kritiese tandpunt ook ten opsigte van die substantiewe uitwering van teoretiserings ingeneem word. Meer algemeen en ewoon het sosiaal-wetenskaplikes 'n burgerlike verantoordelikheid om hulle uit te spreek oor die wel en wee an samelewingswaardes.

# DEEL DRIE: MODES VAN ANALISE

## Afdeling M Opsies by Waardestudies

Par 91

Die bespreking van die vasstelling en teoretisering oor waardes in gedrag en in samelewings was grootliks *inhoudelik* - daar is gekonsentreer op wat deur ondersoekers gesê word oor die voorkoms en werking van waardes in bepaalde kontekste. In hierdie bespreking het verskeie metodologiese en metodiese oorwegings na vore gekom. Die vraag is nou watter van hierdie oorwegings gebruik sou kon word in 'n sistematisering van modes van analise van waardes.

Ek meen dat die volgende oorwegings of onderskeidings ter sake is:

(i) 'n Onderskeiding tussen beskrywing, verklaring en toepassing.

(ii) 'n Onderskeiding tussen persoonlikheid, maatskaplike struktuur en kultuur.

(iv) 'n Onderskeiding tussen individuele gedrag en samelewing.

(v) 'n Onderskeiding van kontekste soos in Par 73 gestel.

As hierdie vyf onderskeidings nodig en bruikbaar is vir 'n sistematisering van modes van analise van waardes, sou ten minste twee verdere onderskeidings hier bygevoeg kon word: (vi) teoretiese benaderings en (vii) wat genoem sou kon word: breë strategieë vir teoretisering.

Die terme *teoretiese benaderings* en *teoretiseringstrategieë* is nie heilig nie. Dit is gerieflike benamings wat gekies word om twee verdere "dimensies" ter sake by werk oor waardes aan te wys. Dat waardebeskouings ook verskil volgens die besondere teoretiese benadering wat gebruik word, is meer as een keer in die voorafafgaande lang trek gesê. Sogenaamde teoretiseringstrategieë hou direk verband met die onderskeiding wat gemaak is tussen empiriese navorsing en teoretisering en kan help om verskeie opmerkinge wat hierby aansluit, saam te trek.

Daar is uiteraard verskeie skematiserings van teoretiese benaderings en teoretiseringstrategieë - afhangende ook

van hoe hierdie begrippe gedefinieer word. Die skematiserings wat hier onder aangebied word, is gekies uit twee publikasies oor sosiale teorie, 'n heelwat breër begrip as *sosiologiese teorie*. Ek meen dat die twee skematiserings, dié van Wilson (1983) en dié van Johnson *et al.* (1984), 'n algemeenheidsvlak het wat aansluit by die gees van hierdie opstel - en by die standpunt dat die verkenning van metodologiese en teoretiese verskille kan help om op 'n sinvolle manier oor vakgrense te beweeg. Sosiale teorie was nie een van die *terreine* van waardestudies wat in DEEL EEN bespreek is nie. Na al die voorafgaande is dit nou moontlik en gepas om waardestudies binne so 'n raamwerk te plaas. Sosiale teorie is nie 'n "geregistreerde" dissipline nie. Dit is egter 'n veld waarbinne en vlak waarop meer en meer sosiaal-wetenskaplikes verkies om te werk. Vir ons doeleindes is Giddens (1982:5-6) se omskrywing van *social theory* voldoende:

*Social theory,* in my view, spans social science, It is a body of theory shared in common by all the disciplines concerned with the behaviour of human beings. It concerns not only sociology, therefore, but anthropology, economics, politics, human geography, psychology - the whole range of the social sciences. Neither is social theory readily separable from questions of interest to an even wider set of concerns: it connects through to literary criticism on the one hand to the philosophy of natural science on the other. The very importance of hermeneutics in social theory signals this state of affairs: contemporary hermeneutics is very much in the forefront of developments in the theory of the text, and yet at the same time has relevance to current issues in the philosophy of science. There is something new in all this, in what Geertz calls the *blurred genres* of modern thought. Some years ago it was commonplace enough to call for *inter-disciplinary* studies that would seek to overcome the conventionally recognized

boundaries of academic disciplines. Such studies rarely amounted to much. Today, however, real and profound convergences of interests and problems are occurring across broad spectra of intellectual life. Social theory is at the very centre of these convergences, having both to contribute to and learn from them.

Par 92

Wilson (1982) maak 'n onderskeid tussen: (i) 'n substantiewe teorie ('n bepaalde denker se teoretiese verklaring van 'n bepaalde verskynsel); (ii) 'n teoretiese benadering of *research tradition*; en (iii) metateorie, intellectual milieu of world picture. Metateorieë is standpunte ten opsigte van die aard van die maatskaplike werklikheid en die wyse van kennisverkryging ten opsigte van hierdie werklikheid.

Wilson verwys ook na metateorieë as *paradigmas* maar bring min duidelikheid in die verwarring wat in sosiale studies ten opsigte van die term ontstaan het sedert Kuhn se *The structure of scientific revolutions* (1962). Vir die doeleindes van hierdie opstel lyk dit my die beste om die begrip *paradigma* een kant te laat. Ek is geneig om met Giddens (1982: 12) saam te stem: *Paradigm (is) a word which has been so abused that it surely should now be discarded.* Hierdie reaksie vind steun in die artikel van Lee Harvey (1982): *The use and abuse of Kuhnian paradigms in the sociology of knowledge.*

Wilson se skematisering van sosiale teorie lyk dan soos volg:

Metateorie van positivisme:
Ruilteorie, strukturele sosiologie, funksionele analise, sisteemteorie.

Metateorie van Idealisme:
Simboliese interaksionisme en fenomenologiese sosiologie.

Metateorie van realisme:
Historiese materialisme.

Hierdie skema is ter sake by waardestudies daarin dat talle inhoude, opmerkinge en standpunte in die voorafgaande die metateorieë sowel as die teoretiese benaderings betrek het - al was dit dan net in verwysing. Die drie metateorieë (positivisme, idealisme en realisme) en die sewe teoretiese benaderings (ruilteorie tot historiese materialisme) se strekking is algemeen bekend en hoef nie hier verduidelik te word nie. In 'n sistematisering van modes van analise van waardes is Wilson se indeling egter gerieflik en bruikbaar. Omdat Johnson *et al.* (1984) se vier sogenaamde strategieë van teoretisering Wilson se drie metateorieë inkorporeer, lyk dit my korrek om eersgenoemde te gebruik as oorweging op die mees algemene of metateoretiese vlak en, soos in Par 91, met as sesde (vi) belangrike onderskeiding vir modes van analise te volstaan met Wilson se sewe teoretiese benaderings. Meer volledig moet (vi) in Par 91 dus lui: 'n onderskeiding tussen die teoretiese benaderings van ruil-, strukturele, funksionele, sisteem-, simbolies interaksionistiese, fenomenologiese en historiese materialistiese analises. Soos die ander oorwegings of onder-

skeidings - (i) tot (v) en hierna ook (vii) - is teoretiese benaderings ook 'n opsie, vlak of ruimte wat in waardestudies gekies sou kon word.

Par 93

Johnson *et al.* (1984) onderskei vier breë strategieë van teoretisering: Empirisme, substansialisme, subjektivisme en rasionalisme. Hierdie strategieë verskil in veral drie opsigte: Die siening van maatskaplike werklikheid as *materieel* of *ideëel* van aard; die siening van konsepte en daarmee ons wyse van kennisverkryging van die sosiale werklikheid as *nominalisties* of *realisties;* en die kriteria vir geldigheid van kennisuitsprake.

Empirisme is 'n teoretiseringstrategie wat die sosiale werklikheid sien as 'n stel materiële verskynsels: ... *human activity is best understood as observable behaviour taking place in observable material circumstances* (Johnson *et al.* 1984: 19). Kennis word verkry deur sistematiese en gekontroleerde sintuiglike waarneming of ervaring word begryp as *feite* of sintuiglik verifieerbare data. Die sosiale werklikheid bestaan essensieel uit gebeure of aktiwiteite ("suiwer idees" is daarom lastig om hok te slaan!). Elkeen van hierdie gebeure of aktiwiteite is uniek en besonders. Daarom is die konsepte wat in empirisme gebruik word nominalisties: Hulle is gerieflike benamings, samevattngs of veralgemenings van partikuliere verskynsels wat die sosiale wêreld uitmaak. *Nominalism is a way of overcoming the*

*impossibility of knowing social reality in all its particulars* (Ibid 16). Toegepas op die konsep *waardes*, sou nominalisme sê: Waardes is wat ons waardes noem en hulle bestaan is afhanklik van ons waarnemings. Teoretiese veralgemenings het in die geval van empirisme nie geldigheid buite of sonder waarneming nie - daarsonder word dit slegs maar *hipotetiese stellings*. Uiteindelik is die wette van reëlmatighede wat deur die strategie van empirisme vasgestel word, beperk tot empiriese veralgemenings. Die kriterium vir geldigheid by empirisme is uiteraard empirisiteit: gekontroleerde waarneming en ervaring.

Substansialisme onderskryf soos empirisme die *materialistiese* standpunt ten opsigte van die aard van die maatskaplike werklikheid, maar kies in die plek van nominalisme realisme: die sosiale wêreld is wel 'n "objektiewe materiële struktuur van verhoudings" maar kan nie direk waargeneem word nie. Wat ons wel kan waarneem, moet verklaar word in terme van 'n onderliggende struktuur van "materiële verhoudings":

> ... the significance of scientific concepts lies in their capacities to "reveal" a social reality that is not immediately accessible to observation. Far from merely summarising observed particulars, such concepts actually penetrate to reality that underlies and *explains* the particular events. ... This solution is referred to as *realism* (Ibid. 16).

Beide Marx se struktuur van produksieverhoudings en Durkheim se "elementêre vorme" van godsdiens is voorbeelde van sulke onderliggende strukture.

Substansialisme se geldigheidskriterium is praktisiteit:

'I know it's right, because it works', or, 'it's correct because it has been applied in practice.' In essence this is the criteria that is generated by the substantialist strategy. Substantialism, then, involves a rejection of the empiricist criterion of experience on the grounds that it presupposes a passive orientation to the world. The truth of our knowledge is not determined by taking the world as it is given in experience, but through our acting in and upon the world. For Marx, the test of a theory is ... its capacity to generate effective action ... The criterion of truth is, then, practice, and for Marx there is a direct link between scientific practice and political practice (Ibid. 185-186).

Subjektivisme kombineer as strategie by teoretisering idealisme en nominalisme: Wat ons die sosiale wêreld of werklikheid noem, is 'n werklikheid wat ons deur ons handelinge, onderhandeling en interpretasies *konstrueer*.

As social reality is nothing more than a negotiated outcome between individuals' intepretations of 'what is going on', the investigator can hope for little more than a 'place' within this meaningful dialogue, which, as a continuous process, constitutes and reconstitutes the social world from moment to moment. The social investigator is also engaged in interpreting 'what is going on'. Social science is not, therefore, a special or privileged account of social activities; it should merely seek to replicate what actors' interpretations of social reality are (Ibid. 20).

Dit volg logies dat geen sosiale gebeure of verskynsel *suiwer* feitlik-objektief beskryf kan word nie. Geen beskrywing of interpretasie is vry van subjektiwiteit nie. Uiteindelik is die verskynsel die interpretasie daarvan. Die keuse van idealisme (in plaas van materialisme) beklemtoon die simboliese, taal-gemedieerde en betekenis-aard van menslike opvattings en optredes.

Such a viewpoint suggests that human activity is not behaviour (an adaptation to material conditions), but an expression of the meaning that humans give (via language) to their conduct. Social action is always, therefore, a process of endowing a situation with meaning, and it is those meanings, ideas, symbols, etc. that are the 'stuff' of the social world (Ibid. 20).

Subjektivistiese teoretiserings sien *waardes* as gedinkte of gedagte konstruksies, betekenisse wat geglo word, interpretasies wat steeds herinterpretasies is en as denkkonstruksies wéér en wéér materiële omstandighede transendeer.

Vir subjektivisme is die kriterium vir waarheid of geldigheid geleë in konvensie, instemming of konsensus:

... societies are ... made up of negotiated agreements which arise between interacting subjects. Thus, for many subjectivists the only way of validating a statement about the meaning of a social event is to subject it to the scrutiny of the 'members', the actors themselves, in order to discover whether they find it acceptable (Ibid. 186).

Om enkelinge se "woord te neem" - veral ten opsigte van hul eie en "die samelewing" se waardes - is natuurlik nie sonder probleme nie. Wat is waardes - en waarheid - as dieselfde persoon vandag só sê en môre anders, of as mense wat hulleself identifiseer met dieselfde, vir hulle betekenisvolle, kollektiwiteit, verskil in hulle waardebeskouings? Om konsensus, ook oor waardes, vas te stel, is dus per definisie problematies. Tereg sê Johnson *et al.*: *Whereas most of us, in our everyday lives, take those agreements for granted, social theory and analysis problemitises them.*

Rasionalisme kombineer die idealistiese beskouing van die maatskaplike werkliheid met 'n realistiese opvatting oor ons kennis van daardie werklikheid. Hier word die samelewing gesien as 'n *objektiewe* en dwingende struktuur van idees. Maar hierdie idees en betekenisse is nie dié van aanwysbare enkelinge soos in die geval van subjektivisme nie. Hierdie *oorheersende redelikheid* gaan bó dié van individue uit; die maatskaplike werklikheid het uiteindelik 'n eie inherente logisiteit. Natuurlik gebruik die ander drie strategieë vir teoretisering ook logika, maar dáár word logika self nie tot finale kriterium vir validasie of waarheid nie - by rasionalisme gebeur dit wel:

> In each of these cases, ... the problem of coherence and consistency is not raised to the status of the central indicator of truth, as it is in rationalism. For the empiricist, logic is a tool of reasoning, a means of arriving at the truth of experience; for the rationalist, logic is the truth. ... For the rationalist, logic is inherent in reality; the rules of reason or logic work because reality is reasonable and logical; whereas with the empiricist no such presupposition is made (Ibid. 187).

Par 94

Dit behoort duidelik te wees waarom Johnson *et al.* se onderskeiding van vier teoretiseringstrategieë uitvoerig uiteengesit is: Hierdie skrywers se formulerings herhaal nagenoeg woordeliks talle van die onderskeidings, standpunte, opmerkings, ensovoorts wat in die opstel gemaak is oor konsepsies, empiriese vasstelling en teoretisering ten opsigte van waardes. Dit beteken dat

Johnson *et al.* se *skema* 'n sinvolle sistematisering is vir verskillende en uiteenlopende wyses waarop oor waardes gepraat word; dat dit 'n onmisbare oorweging - van vlak - verteenwoordig in die differensiasie van modes van analise van waardes. Hierdie oorweging lê klaarblyklik op die metateoretiese vlak: Eerder as inhoudelike uitsprake oor waardes, word standpunt ingeneem ten opsigte van: (i) die "wesenlike" aard van die sosiale werklikheid; (ii) die epistemiese kwaliteit van konsepte en kennis van die sosiale werklikheid; en (iii) die kriterium vir validasie van kennisuitsprake. Daar kan geen logiese of terminologiese beswaar wees om Johnson *et al.* se sogenaamde *strategieë vir teoretisering* ook metateorieë te noem nie. Soos Wilson se metateorieë (*intellectual milieux, world pictures*) gaan Johnson *et al.* se *strategieë* die proses van waardeondersoek logies vooraf: Standpunte oor die essensiële aard van die maatskaplike werklikheid, sosiale konsepte en kennis, en geldigheidskriteria, is *logies primêr* vóór inhoudelike uitsprake en substantiewe interpretasies. Wat logies primêr is of epistemologies eerste kom, is egter nie wat in die praktyk van alledaagse denke en uitsprake of selfs ernstige ondersoek, navorsing en teoretisering, eerste kom of altyd eksplisiet gemaak word nie. Waardestudies wat sigself epistemologies verantwoord met 'n eksplisiete sosiale werklikheids- en sosiale wetenskapsbeskouing, is uitsonderinge. Wat beteken dat *populêre* en *wetenskaplike* waardebeskouings dikwels onbewus is van kenteoretiese aannames, hulle ignoreer, of as vanselfsprekend aanvaar. Baie sosiaal-wetenskaplikes sou metateoretiese oorwegings dan ook beskou as deel van die filosofie van

wetenskap en as irrelevant vir hulle taak: die vasstelling van die feitlike stand van sosiale sake en die teoretiese verklaring van menslike en maatskaplike verskynsels.

By die oorgrote meerderheid van waardestudies moet die metateoretiese veronderstellings en implikasies dus afgelei word. Van 'n bepaalde waardebeskouing sou 'n mens dus (eers) agterna kon wys op die metateoretiese aannames en implikasies: X sê dit van waardes, sosiale kennis en die samelewing. As, soos reeds in Par 6 gesê is, *waardes bestudeer of nagevors kan word op verskillende vlakke van analise,* is die metateoretiese vlak selde eksplisiet in hierdie studies of navorsing.

Eksplisiet of nie, is die metateoretiese oorweging of vlak nie maar 'n filosofiese speletjie of 'n stukkie koppige abstraksie nie. Nie as dit gaan oor *waardes* nie. As in die voorafgaande vraagtekens geplaas is agter die opvatting van 'n logiese koherente "waardesisteem" sou met heelwat minder bedenkinge aanvaar kon word dat, as waardes naasteby is wat mense sê wat hulle is, hierdie waardes sinvol verband hou met: beskouings oor die sosiale werklikheid, sosiale kennis, samelewings en die menslike natuur. Om hierdie verband eksplisiet te maak, beide in alledaagse omgang en in formele waardestudies, is daar net een metode: Waardes moet tot gesprek gemaak word. Slegs in 'n waardegesprek kan waardes maksimaal gekontekstualiseer en begin word om die vraag te beantwoord: Hoekom sê mense dat hierdie dinge vir hulle *waardes* is? Of meer spesifiek: Hoe sien mense (en ondersoekers is ook mense) die maatskaplike

werklikheid en hulle samelewing? Hoe dink en redeneer hulle oor die werklikheid? Beroep hulle hul in dié siening en denke op ervaring en waarneming, op konvensie, op praktisiteit, op redelikheid? Hoe sien, dink en doen hulle ten opsigte van waardes? Hoe word waardes self regverdig en hulle waarheid bewys - of geglo?

Par 95

Die werk van Johnson en sy kollegas bring 'n ander, laaste maar baie belangrike insig vir waardestudies na vore. Afgesien van hoe implisiet/eksplisiet metateoretiese oorwegings in "gewone mense" se waardebeskouings en in ondersoekers se formele waardestudies is, is dit 'n vraag of gewone mense en ondersoekers konsekwent by een teoretiseringstrategie of metateorie hou of kan hou. Die antwoord is: nee.

Na die formeel logiese konstruksie van die vier strategieë ontleed Johnson en sy medeskrywers die sosiale teorie van denkers soos Parsons, Durkheim en Marx. Die belangrikste bevinding van hierdie analise is dat hierdie teoretici elk 'n "meester" strategie kies en maksimaal daarbinne werk, maar dan op verskeie punte vind dat insigte van alternatiewe strategieë nodig is - en dit kan inkorporeer in hul eie teoretiese projek. Die gevolgtrekking is logies: Nie een van die vier strategieë kan die maatskaplike werklikheid volledig of genoegsaam bevredigend interpreteer of verklaar nie. Dit is op die duur nie moontlik of sinvol om konsekwent empiris, substansialis, subjektivis of rasionalis te wees nie. Die

beoefening van sosiale teorie forseer op bepaalde punte die betrek van 'n alternatiewe teoretiseringstrategie. 'n Materialistiese, idealistiese, nominalistiese, realistiese standpunt of 'n bepaalde validasiekriterium word nie - en kan nie - konsekwent gehandhaaf word nie. Dit gebeur omdat 'n bepaalde strategie interne *stremminge* ondervind en/of die aansprake en oplossings van alternatiewe strategieë meer sinvol blyk te wees. Self formuleer Johnson *et al* reeds in hulle eerste hoofstuk soos volg:

> ... particular theorists of schools of sociology may favour one or other of the strategic resolutions, they do so only on the basis of coping in one sense or another with the issues posed by one or more of the alternative strategies. Each of the strategies is then a dialogue, a mediative process which attempts to cope with the persistent sociological paradoxes that are generated by the alternative solutions: between fact and theory, freedom and determinism, structure and action, meaning and conditions, and so on. Each body of theory ... is, then, a more or less complex attempt to mediate between competing claims, but from the point of view of a *strategic bias*.
>
> Tensions are generated by the recognition that alternative strategies make valid claims which need to be taken into account, as well as the fact that each strategy is confronted by its own internal problems which undermine its capacity to construct a stable position in its own terms. There are, then, both pulls and pushes in the interrelations between the strategies, which result in particular theorists 'drifting'from one to another (Ibid. 22-23.)

Vir waardestudies is die implikasies van hierdie veralgemening ondermeer die volgende: (i) Dit is nie moontlik of sinvol om waardes konsekwent te ondersoek vanuit 'n enkele teoretiseringstrategie of metateorie nie.

(ii) Al vier strategieë of metateorieë kan sinvolle interpretasies van waardes tot gevolg hê, hoewel sommige, op bepaalde punte, meer sal sê oor waardes as ander. (iii) Daar is klaarblyklik nie net één geldige strategie of metateorie vir waardestudies nie - of vir sosiale wetenskap nie. (iv) Ten minste sommige van die inkonsekwenthede of ontoereikende teoretiese interpretasies wat vroeër aangewys is, sou toegeskryf (en verstaan!) kon word aan 'n wisseling van metateoretiese aannames. (v) Die gebruik van 'n alternatiewe opsie omdat dit teoretisering beter pas, geskied nie net ten opsigte van metateoretiese aannames nie, maar ook ten opsigte van die ander oorwegings wat in Par 91 genoem is. (vi) Oor waardes - en oor die menslike en maatskaplike werklikheid - kan blykbaar nie suiwer en konsekwent deduktief - logies gedink word nie. Om só 'n logika te forseer, is om puriteinsheid na te streef ten koste van insigtelikheid en sinvolheid.

Ek meen die implikasies van die Johnson-analise moet ook van toepassing gemaak word op "gewone mense" se waardebeskouings. Logiese konsekwentheid in waardesake moet nie verwag word nie. Wat waardes *is*, hoe waardes *werk*, en hoekom waardes *waar*, en *nodig* of *onnodig* is, - op hierdie vrae gee dieselfde gewone mens nie konsekwent dieselfde antwoorde nie. Nie omdat sy opvattings van waardes, van die samelewing, van kennis en waarheid voortdurend verander nie. Maar omdat hy ook sy waardes moet herformuleer en herkonstrueer in sy volgehoue herformulering en herkonstruksie van die maatskaplike werklikheid waarvan hy deel is.

Dit geld vir die gewone mens. Gewone mense kan alleen groter differensiasie en variasie ten opsigte van waardesake na vore bring. Gewone mense se waardelas is ook dikwels swaarder as dié van sosiaal-wetenskaplikes. Vir die meeste sosiaal-wetenskaplikes is die waardeproblematiek grootliks 'n intellektuele saak - 'n verskynsel wat met bestudeerde onbetrokkenheid ontleed kan word. Vir gewone mense is waardes grootliks 'n eksistensiële saak. Dit is daarom soveel makliker om te vra: Wat is u waardes? as om te antwoord: My waardes is ...

# Afdeling N Modes van Analise

Par 96

Wat oorbly is om die modes van analise van waardes formeel te stel. Die sewe stelle of konsentrasies van onderskeidings in Paragrawe 91-95 verteenwoordig 'n "distillaat" van die redenering oor waardes en waardestudies. As hulle gekristalliseer het uit die bespreking, is hulle ook konsentrasies (*clusters*) van opsies wat oop is in waardestudies. Hoe bewus, eksplisiet of implisiet ten opsigte van die opsies gekies word, struktureer hierdie opsies waardestudies en bepaal hulle die meerdere of mindere kwaliteit, insigtelikheid en sinvolheid van hierdie studies se resultate. Wat hier genoem word stelle of konsentrasies van opsies, is essensieel vlakke waarop en/of ruimtes waarbinne waardes ondersoek kan word. Die keuse van 'n bepaalde opsie beteken 'n bepaalde wyse van spreke oor waardes. Hoe betekenisvol 'n wyse van spreke is, is vir die hoor- der of leser van die uitspraak om te besluit.

As *modes van analise* word moontlikhede binne elke konsentrasie van opsies hieronder gestel. Soos meestal in geesteswetenskap gebeur, is die bevindings of slotsom nie dramaties nie. Maar dan, waardes, soos die lewe self, is slegs by uitsondering dramaties.

'n Voorlaaste "dit behoort duidelik te wees": Die modes van analise kon slegs aan die einde van die essay gestel word. Om vooraf op navorsings-, metodologiese of teoretiese onderskeidings en skemas te besluit, sou die essensie van waardes te na kom; maar ook die inherente altyd-ander-moontlikhede van geesteswetenskap vooraf beperk. Die differensiasie en variasie van waardebeskouings en waardestudies wat in DELE EEN EN TWEE gestel en bespreek is, onderstreep die wysheid van wat Fowles sy hoofkarakter in *The Magus* laat sê: *The net was nothing, reality burst through it.*

Par 97

Waardestudies sou waardes kon beskryf en/of verklaar. Hoe en waar ookal geïdentifiseer, is die beskrywing van bepaalde waardes 'n sketsing van hulle inhoude sonder uitsprake oor hulle *werking*. 'n Verklaring konsentreer juis op hierdie werking van waardes en sou verskeie vrae kon beantwoord: Waarom bepaalde waardes in bepaalde *ruimtes* voorkom; wat die rol, belang, funksies, uitwerking of konsekwensies van bepaalde waardes in bepaalde ruimtes is; hoe waardes ontstaan en verander; watter omstandighede 'n uitwerking op waardes het; die relatiewe rol van waardes in vergelyking met ander kragte, faktore, ensovoorts. Waardestudies sou ook 'n toepassing kon wees. Die *aktivering* van waarde in situasies van: motivering, terapie, diagnose, opvoeding, propaganda, regverdiging, legitimasie, beheer, manipulasie, beplande ontwikkeling en hervorming - stel waardes in diens van bepaalde doelstellings. Maar

in hierdie toepassings word ook meer kennis van waardes verkry sodat dié toepassing ten minste gedeeltelik ook as waardestudies kwalifiseer. Drie modes van analise kan daarom hier onderskei word:

A1 Beskrywing
A2 Verklaring
A3 Toepassing (Praktyk)

In die opstel is deurgaans onderskei tussen die *vasstelling* van en *teoretisering* oor waardes. Altwee die modes betrek sowel empirisiteit as logisiteit maar vasstelling het empirisiteit as prioriteit, terwyl teoretisering logisiteit beklemtoon. Empirisiteit en logisiteit is ook deel van enige kritiese verkenning van waardes en van 'n bepleiting of propagering van bepaalde waardes. Interessant is die gronde, "motiewe", ideale en aannames wat grondliggend is aan kritiek en bepleiting/propagering. Die saak vir 'n kritiese studie van waardes is veral deur Du Preez gestel (paragrawe 31-33). In paragrawe 45-46 en 65 maar ook elders is gewys op die noodwendig ideologiese aksent in enige teoretisering oor die positiewe werking van waardes. Vier modes kan hier onderskei word:

B1 Vasstelling (empiriese -)
B2 Teoretisering (verklaring)
B3 Kritiek
B4 Bepleiting/Propagering (ideologiese aksent)

Persoonlikheid, maatskaplike struktuur en kultuur is die konvensionele foci van, onderskeidelik, die sielkunde,

sosiologie en antropologie. In Parsoniese handelingsteorie is die drie (saam met biologiese organisme) handelingsisteme en watter besware ookal teen Parsons se verregaande funksionalisme ingebring word, is sy teoretiese interpretasie van die wisselwerking tussen die sisteme losweg die mees gesofistikeerde bydrae tot sosiale teorie. In waardestudies is persoonlikheid, maatskaplike struktuur en kultuur natuurlike en praktiese ruimtes waarbinne die werking van waardes ondersoek kan word:

C1 Persoonlikheid
C2 Maatskaplike struktuur
C3 Kultuur

Op 'n ander - en meer empiriese vlak - lê die onderskeiding tussen individuele gedrag en samelewing as twee ruimtes waarbinne die voorkoms en werking van waardes ondersoek kan word. Die geheel van Afdelings K en L behoort die teoretiese en navorsingsrelevansie (en praktisiteit) van hierdie onderskeiding te substansieer:

D1 Individuele gedrag
D2 Samelewing (of meer beperkte kollektiwiteit)

'n Onderskeiding van aanwysbare kontekste waarbinne waardes *opereer* is in Par 73 gegee. Hierdie kontekste is aangewys ná 'n ontleding van verskillende konsepsies van waarde en geld as areas of ruimtes waarbinne die voorkoms van waardes vasgestel en hulle werking ondersoek kan word.

E1 Enkelinge se denkwêrelde (*beliefs*)
E2 Enkelinge se gedrag of optrede
E3 Bepaalde kollektiwiteite se denkwêrelde
E4 Bepaalde kollektiwiteite se kollektiewe optredes
E5 Institusionele of kulturele areas van samelewings

Die teoretiese benaderings wat aan die hand van Wilson se werk onderskei is (Par 92), is prominente benaderings in of vir sosiale teorie. Wilson maak hulle meer bepaald vir die sosiologie staan en dit sou daarom moontlik wees om die lysie van sewe uit te brei deur benaderings by te voeg wat in sielkundige teoretisering onderskei word:

F1 Ruilanalise
F2 Strukturele analise
F3 Funksionele analise
F4 Sisteemanalise
F5 Simbolies interaksionistiese analise
F6 Fenomenologiese analise
F7 Historiese materialistiese analise

Soos in Par 93 verduidelik is, is Johnson *et al.* se teoretiseringstrategieë metateorieë wat gekonsentreer is op grond van opvattings oor: Die essensiële aard van die maatskaplike werklikheid (materialisme/idealisme); die aard van konsepte en wyse van kennisverkryging deur konsepte (nominalisme/realisme); en validasie-kriteria (waarneming en ervaring, logisiteit, konvensie/konsensus

en praktisiteit). 'n Mens sou elkeen van hierdie agt opsies as 'n mode kon aanwys of hulle konsentrasie in vier metateorieë as vier modes. Ek volstaan met laasgenoemde:

G1 Empirisme
G2 Substansialisme
G3 Subjektivisme
G4 Rasionalisme.

# DEEL VIER: WAARDENAVORSING IN SUID-AFRIKA

Par 98

Die praktiese oorweging van waardenavorsing in Suid-Afrika was die rationale vir sowel die oorspronklike Seminaar as hierdie opstel. As meer van ons aanvanklik gemeen het dat 'n eenvoudige aanbeveling oor sodanige navorsing na vore sou kom met 'n deurwerking en "samevatting" van inhoude van die Seminaar, is die situasie nou hopelik duideliker. Die verkenning van die wyses waarop oor waardes gedink en gepraat word, het in die opstel 'n eie en baie lang loop geneem. 'n Besluit oor toekomstige Suid-Afrikaanse navorsing behoort nou met groter genuanseerdheid en gekwalifiseerdheid geneem te kan word. Hopelik het die opstel die moontlikhede, verdienstes en beperkings van waarde-ondersoek duidelik gemaak en kan die verdienstes van variante van waarde-ondersoek in die Suid-Afrikaanse situasie beter begryp en voorsien word.

Waarde-ondersoeke behels en impliseer klaarblyklik veel meer as 'n angstige aandrang op 'n presiese definisie en operasionalisering van waardes. Navorsing is klaarblyklik nie maar net nog 'n menslike en maatskaplike entiteit wat bes deur die konvensionele opnameprosedure vasgepen kan word nie. Anders gestel: Waardes kan op baie maniere en vlakke, in 'n verskeidenheid van ruimtes en kontekste, en met verskillende doelstellings en motiewe ondersoek word. Die opstel moes dit duidelik gemaak het watter "soort" ondersoek meer of minder die moeite werd is - omdat die kwaliteit, die insigtelikheid en die sinvolheid van verwagte resultate van 'n bepaalde soort ondersoek voorsien kan word. As 'n steekproef van 1 000 blanke, Afrikaans-sprekende, 17-21 jarige dienspligtiges gevra word om in rangorde tussen tien *waardes* te kies, weet ons vooraf wat die aard, die omvang, verdienste en *parameters* van hierdie navorsing gaan wees: baie presies maar ook baie begrensd. Stel hierteenoor 'n sosiaal-historiese ondersoek wat die vraag probeer beantwoord of daar onderskeidende Suid-Afrikaanse waardes is, en die *parameters* word so wyd soos die Heer se genade. *Waardes kan op verskillende vlakke bestudeer of nagevors word.* Meer presies: Ten opsigte van waardes is verskeie modes van analise moontlik - in enige samelewing en in Suid-Afrika. Modes is werkwyses en soos met meeste ander ondernemings is dit die werkwyse wat die insigtelikheid - die waarde - van die resultate bepaal.

Dit staan 'n enkeling of instansie vry om in sy ondersoek na waardes te kies tussen die opsies en modes van analise wat onderskei is. Een bepaalde konsepsie of

definisie van *waardes*, een wyse van empiriese vasstelling, strategie van teoretisering, konteks of ruimte, navorsingsprosedure of -tegniek - is nie voor te skryf nie. Maar deur die voorafkeuse van bepaalde opsies, is die "wat weet of verstaan ons dan van waardes, en van ons samelewing" grootliks voorspelbaar.

Par 99

Die modes van analise is 'n poging om die variasies en moontlikhede van waarde-ondersoek en -navorsing te ekspliseer en te sistematiseer. Teen hierdie tyd behoort dit duidelik te wees dat die groot verskeidenheid van waardestudies wat gestel en bespreek is, uiteenlopende keuses ten opsigte van die opsies en modes verteenwoordig. Hierdie verskeidenheid en alternatiewe hang ten nouste saam met die metodologiese standpunte wat van die begin af ingeneem is. Meer dapper: met 'n beskouing van wat geesteswetenskap is, kan en behoort te wees. Mees gekonsentreerd staan hierdie beskouing in Par 79 maar saamgevat uit die opstel as geheel, sou dit kortliks soos volg gestel kon word:

As normatiewe, algemene en intersubjektiewe oriëntasie, is waardes 'n "entiteit" wat sigself moeilik leen tot presiese empiriese afbakening en vasstelling. Tegniese operasionalisering van waardes mag die vereistes van positivistiese wetenskap bevredig, maar beperk en verskraal grootliks die reikwydte van die begrip, en sê bitter min oor die werking van waardes.

As die inherente aard van waardes maak dat waardenavorsing selde indien ooit tegelyk 'n hoë graad van presisering en empirisiteit en insigtelikheid bereik, moet die positivisties-empiriese studie van waardes aangewys word as maar een moontlikheid in geesteswetenskap; en empirisme as maar een kriterium vir sinvolle kennisuitsprake. In geesteswetenskap, anders as natuurwetenskap, is kennis ook geldig, sinvol, toepasbaar - en het dit ook konsekwensies vir ons optrede in en verstaan van die maatskaplike werklikheid - ook as daardie kennis gesubstansieer word deur ons geloof dat dit werk, redelik is, of almal dit so aanvaar. Empirisme, is in Par 93 aangetoon, is maar een wyse van dink, ondersoek, navorsing en kennisverkryging - ook ten opsigte van waardes.

In plaas van 'n positivistiese benadering, is voorgestel dat waardes ondersoek word in wat sosiale teorie genoem is. Hierdie benadering hef die konvensionele grense tussen vakdissiplines op, sonder dat hul sogenaamde domeinbesondersheid genivelleer word. Dit wys empiriese navorsing aan as een opsie binne geesteswetenskaplike ondersoek, en skep ruimtes en geleenthede vir oorspronklike interpretasies, verklarings en teoretiserings ook van waardes. Teoretiserings wat sin maak in ons pogings om die gebroke maatskaplike werklikheid te verstaan en daarmee saam te leef.

Hoe hierdie teoretisering onvermydelik ideologiese aksent betrek, is telkens aangetoon. Geesteswetenskaplike ondersoek is van ideologiese inhoude nie te "suiwer" nie. Geesteshigiëne beteken in geesteswetenskappe dat die ideologiese dimensie erken en ondersoek sal word.

Par 100

Dit is 'n sinvolle vraag of die Suid-Afrikaanse samelewing sodanig is dat waardestudies en gevolglik waardekennis dringender is as in ander samelewings. Die antwoord is, meen ek, afhanklik van 'n mens se waardebeskouing, samelewingsbeskouing en beskouing oor die funksies van wetenskaplike kennis.

Dit is nie nodig om die variasies in waardebeskouings te herhaal nie. Hulle wissel vanaf die opvatting dat waardes gedrag bepaal tot die opvatting dat waardes slegs regverdigings en verskonings is vir die gevestigde politieke belange van die heersersklas. Die substansiëring van waardebeskouings is die taak van ernstige ondersoek en navorsing. Die verskeie wyses van substansiëring werk verskillend in op die konsepsies en die rol van waardes. Hierdeur word waardes by uitstek 'n onderwerp wat die menslikheid van geesteswetenskap laat sien.

Dat waardes die belangrikste enkele waarborg vir en daarmee verklaring van samelewingsordelikheid is, is een samelewingsbeskouing. 'n Beskouing wat direk hierteenoor staan, is dié wat die werking van sosiaal-ekonomiese en politieke kragte verantwoordelik hou vir bestaande strukture, met klaarblyklik wisselende grade van konflik en konsensus. Samelewingstruktuur is volgens hierdie interpretasie resultaat maar ook proses van onderhandelinge. Onderhandelinge waarin ook beroepe op waardes gedoen word, maar waarin waardes uiteindelik nie deurslaggewend is in kompromieë oor ekonomiese en politieke belange nie.

Dit is op hierdie punt dat die RGN se eie ondersoek na *Tussengroepverhoudinge* ook meer as een samelewingsbeskouing laat sien. In Par 65 is aanhalings gegee wat waardekonsensus as voorvereiste, beginpunt of volgehoue waarborg vir konstruktiewe intergroepverhoudinge aanwys. Hierdie standpunt is deel van 'n samelewingsbeskouing wat duidelik verskil van 'n interpretasie soos dié van Touraine (paragrawe 45-46) wat 'n waardebenadering as onrealisties, eensydig en inherent ideologies aanwys; as 'n bewuste onderskatting van die feitlike werking en teoretiese status van politieke mag en sosiaal-ekonomiese werklikhede. Hierdie werklikhede is deur Preston-Whyte baie eenvoudig maar raak gestel: *In many real life situations people have no choice, so it matters little what their values are*. Is dit ook 'n ideologiese uitspraak? Vir sover dit wenslikheid (die waarde!) van keuses van opsigte van lewenswyse suggereer, ja. Maar die feitlikheid van die formulering is nie net skyn, humanisties of idealisties nie. Dit is 'n sinvolle opmerking ook ten opsigte van die Suid-Afrikaanse situasie - veral in Augustus 1985.

Die samelewingsbeskouing wat uit die RGN-studie aangehaal is, is nie die enigste wat daarin voorkom nie. Belangriker as die opmerking dat die gestelde waardebeskouing en waardebenadering nie konsekwent deurgevoer word nie (Par 65c), is die feit dat die ondersoek konsentreer op sosiaal-ekonomiese en politieke werklikhede en dat riglyne en aanbevelings vir verandering en hervorming primêr op hierdie werklikhede fokus. Die studie integreer nie die kulturele (waardes) en strukturele

(sosiaal-ekonomies en politieke kragte) benaderings nie. Dit is nie nodig nie. Albei benaderings is teoretiserings met meerdere of minder empiriese substansiëring en met meerdere of mindere uitwerking op die kulturele en strukturele vlakke - en op opvattings en optredes.

As waardes én sosiaal-ekonomies-politieke werklikhede erken, ondersoek, gekritiseer en aanbeveel word vir hervorming, het ons 'n geesteswetenskaplike benadering wat sinvol, bevrydend en menslik is.

# BIBLIOGRAFIE


Allport, G.W., Vernon, P.G. & Lindzey, G. 1951. *Study of values*, Houghton Mifflin, Boston.

Barnsley, J.H. 1972. On the sociology of values: Patterns of research, *Sociological Review* 20/2, 229-255.

Bergin, A.E. 1983. On Garfield, Hatch and psychology's values, *American Psychologist*, 38: 958-959.

Bergman, G. 1968. *Ideology* in M. Brodbeck (ed), *Readings in the philosophy of the social sciences*, Macmillan, New York.

Beyers, E. 1984. Die sosiale sielkunde se bydrae tot 'n studie van waardes, Referaat, RGN Seminaar oor Waardes, Pretoria.

Blake, J. en Davies, K. 1964. Norms, values and sanctions in R.E.L. Faris (ed) *Handbook of modern sociology*, Rand McNally, Chicago.

Coertze, P.J. 1979. Waardes as 'n aspek van die kultuur van volke, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie*, 1/2.

Degenaar, J.J. 1984. Waardes binne die taalspel van die filosofie, Referaat, RGN Seminaar oor Waardes, Pretoria.

De Vries, C.G. 1984. Opvoedingswetenskap: Waardevry, waardebeskrywend of waardevoorskrywend, Referaat, RGN Seminaar oor Waardes, Pretoria.

Duckitt, J. 1985. Attitudes and behaviour: Some conceptual and methodological issues. Paper presented to Research Methodology, Discussion Group, HSRC, Pretoria.

Du Preez, Par 1984. The study of values in psychology, Paper read at HSRC Seminar on Values, Pretoria.

Garfield, S.L. 1983. Psychology and values, *American psychologist,* 38: 957-958.

Giddens, A. 1982. *Profiles and critiques in social theory,* MacMillan, London.

Gouws, D. 1984. Diskussie, RGN Seminaar oor Waardes.

Grünfeld, J. 1973. *Science and values,* B.R. Grüner, Amsterdam.

Handy, R. 1969. *Value theory and the behavioral sciences,* Charles C. Thomas, Springfield, Ill.

Handy, R. 1970. *The measurement of values: behavioral science and philosophical approaches,* Warren H. Green, St. Louis, Missouri.

Harvey, L. 1982. The use and abuse of Kuhnian paradigms in the sociology of knowledge, *Sociology,* 16/1: 85-101.

Hatch, O.G. 1982. Psychology, society and politics, *American psychologist*, 37: 1031-1037.

Hofstede, G. 1980. *Culture's consequences: international differences in work-related values*, Sage, London.

Human Sciences Research Council. 1985. *The South African Society: Realities and future prospects*, HSRC Investigation into Intergroup Relations, Pretoria.

Johnson, T.; Dandeker, C. en Ashworth, C. 1984. *The structure of social theory*, MacMillan, London.

Joubert, D.D. 1962. *Waardenavorsing: 'n Oriëntasie ten opsigte van teoretiese konsepsie, metodologiese beginsels, tipologieë en ondersoekmetodes in navorsing oor waardestelsels van samelewings;* Ongepubliseerde verslag vir die Raad vir Sosiale Navorsing, Stellenbosch.

Joubert, D.D. 1964. *Die waardekonsep in die sosiologiese teorie*, Publikasiereeks Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing, Tafelberg.

Joubert, D.D. 1965. Die waardes van samelewings, *Tydskrif vir maatskaplike navorsing/Journal for social research*, 14/1: 83-88.

Joubert, Dian 1972. Ontwerp vir 'n toets vir die vasstelling van waarde-oriëntasies, *Humanitas*, 2/1: 1-9.

Joubert, Dian 1973. A typology of value orientations, *Mens en maatschappij* (Nederland), 48/3: 268-280.

Joubert, Dian 1980. *Sosiologiese begrippe: 1-50*, H & R Academic, Pretoria.

Joubert, Dian 1984. Sosiologiese oorwegings by die studie van waardes, Referaat, RGN Seminaar oor Waardes, Pretoria.

Joubert, D.D. 1985. Ontwerp vir 'n toets vir die vasstelling van waarde-oriëntasies, in J. Mouton en H.C. Marais: *Metodologie van die geesteswetenskappe: basiese begrippe*, RGN, Pretoria.

Kluckhohn, C. 1951. Values and value orientations in the theory of action, in T. Parsons & E.A. Shils (eds): *Toward a general theory of action,* Harvard University Press, Cambridge, Mass.

Kluckhohn, C. 1956. Toward a comparison of value emphases in different cultures, in L. White (ed) *The state of the social sciences,* University of Chicago Press, Chicago.

Kluckhohn, C. 1958. The scientific study of values in *Three lectures* - University of Toronto Installation Lectures.

Kluckhohn, F.R. 1950. Dominant and substitute profiles of cultural orientations: their significance for the analysis of social stratification, *Social Forces*, 28/4.

Kluckhohn, F. & Strodtbeck, F.L. 1961. *Variations in value orientations,* Row Peterson, Evanston, III.

Kotzé, J.C. 1984. Die verhoudingsimplikasies van waardes: 'n Inklusiewe perspektief, Referaat, RGN Seminaar oor Waardes, Pretoria.

Kuhn, T.S. (1960) 1970. *The structure of scientific revolutions,* University of Chicago Press, Chicago.

Littlewood, R.A. 1984. Book review of *Culture and morality* by E. Hatch, in *Journal of anthropological Research,* 40: 335-336.

Loubser, J.J. 1973. The values problem and the role of the sociologist in society: Towards a humanistic sociology, *ASSA: Sociology* - Southern Africa.

Malan, C. 1984. Diskussie, RGN Seminaar oor Waardes, Pretoria.

Marais, H.C. 1984. Diskusie, RGN Seminaar oor Waardes, Pretoria.

McGehee, C.L. 1982. Spiritual values and sociology: When we have debunked everything, what then? *American sociologist,* 17: 40-46.

Morris, C. 1956. *Paths of life,* Braziller, NY.

Morris, C. 1956. *Varieties of human values,* University of Chicago Press, Chicago.

Mukerji, V. 1984. Book review of *Culture and morality* - E. Hatch, *American anthropologist,* 86: 774-775.

Parsons, T. (1937) 1949. *The structure of social action,* Free Press, Glencoe.

Parsons, T. 1951. *The social system,* Free Press, Glencoe.

Parsons, T. 1960. Pattern variables revisited - A response to Robert Dubin, *American sociological review,* 25: 467-483.

Parsons, T. 1960. *Structure and process in modern societies,* Free Press, Glencoe.

Parsons, T. 1966. Societies: *Evolutionary and comparative perspectives,* Prentice-Hall, Englewood Cliffs.

Parsons, T. & Shils, E.A. (eds). 1951, 1954. *Toward a general theory of action,* Harvard University Press, Cambridge, Mass.

Parsons, T. *et al.* 1955. *Family, socialization and interaction process,* Free Press, Glencoe.

Parsons, T. 1961. An outline of the social system, in Parsons, Shils, Naegale and Pitts (eds): *Theories of society,* I, Free Press, Glencoe.

Pepper, S.C. 1958. *The sources of value,* University of California Press, Berkeley.

Preston-Whyte, E.M. 1984. An anthropologist looks at values, Paper read HSRC Seminar on Values, Pretoria.

Raddall, J. 1984a. Understanding human values - the key to organizational effectiveness, *South African journal of business management*, 15: 121-127.

Raddall, J. 1984b. The cascading helix - A three-dimensional conceptual model aimed at improving organizational communication and performance, *South African journal of business management*, 15: 232-236.

Rader, M. & Jessup, B. 1976. *Art and human values*, Prentice-Hall, Englewood Cliffs.

Rescher, N. 1969. *Introduction to value theory*, Prentice-Hall, Englewood Cliffs.

Riesman, D. *et al.* (1950) 1955. *The lonely crowd: a study of changing American character*, Double Day Anchor, NY.

Rokeach, M. 1969. *Beliefs, attitudes and values: a theory of organization and change*, Jossey-Bass, San Francisco.

Rokeach, M. 1974. Change and stability in American value systems, *The public opinion quarterly*, XXXVIII/2: 22-238.

Smelser, N.J. 1963. *Theory of collective behavior*, Free Press, Glencoe.

Smith, M. Brewster. 1978. Psychology and values, *Journal of social issues*, 34/4: 181-199.

Sorokin, P.A. 1947. *Society, culture and personality,* Harper, NY.

Sorokin, P.A. 1957. *Social and cultural dynamics,* Porter Sargent, NY.

Spates, J. L. 1983. The sociology of values, *Annual review of sociology,* 9: 27-49.

Stern, A. 1962. *Philosophy of history and the problems of values,* Mouton, The Hague.

Thomas, W.I. & Znanieki, F. 1927. *The Polish peasant in Europe and America,* Alfred Knopf, NY.

Touraine, A. 1981. Reflections on sociology's raison d'etre, in *French sociology: rupture and renewal since 1968,* (ed) Charles C. Lemert, Columbia University Press, New York 1981. Originally in Touraine: *La Société Invisible; Regards 1974-1976,* Paris Seuil, 1977.

Touraine, A. 1977. *The self-production of society,* University of Chicago Press, Chicago.

Van Niekerk, P.J. 1984. Waardes as norme en meta-norme/beginsels, Referaat, RGN Seminaar oor Waardes, Pretoria.

Von Mering, O. 1961. *A grammar of human values,* University of Pittsburgh Press, Pittsburgh.

Williams, R.M. 1957. *American society: a sociological interpretation*. A.A. Knopf, NY.

Wilson, J. 1983. *Social theory*, Prentice-Hall, Englewood Cliffs.

Wrong, D.H. 1961. The oversocialized conception of man, *American sociological review*, 26/2: 183-193.

## RGN-PUBLIKASIELYS

'n Volledige lys van RGN-publikasies of 'n lys van publikasies van 'n besondere Instituut van die RGN kan van die Hoof: Tegniese Dienste verkry word.

Doc. no. 106451
Copy no. 106761
RGN BIBLIOTEEK | HSRC LIBRARY